

HOOFSTUK 4

DIE HISTORIESE OORSIG VAN DIE REISVERHAAL IN AFRIKAANS

4.1 Die oorsprong van die Afrikaanse verhalende prosa of die pre-literêre periode

4.1.1 Die reisgeskrifte van die sewentiende eeu

Die Artyckel-Brief tydens die sewentiende eeu van die Generale Vereenighde Nederlantsche Geootroyeerde Oostindische Compagnie of beter bekend as die V.O.C. het volgens artikel XCI die volgende opdrag aan sy amptenare bevat: "Sal mede een iegelijck gebonden zijn alle Journalen, Kaerten, Schriften, ofte aen=teeckeninge van Rheden, Stroomen, Havens, Kapen, Hemels-teeckenen, Kourssen, mitsgaders alle appenden=te van de zeevaert op dese voyagie gemaect, geanno=teert ghescreven, ofte verkregen, getrouwelijck over te geven in handen van den Gouverneur Generaal, oft de Bewinthebberen alhier" (Godée Molsbergen, 1912:17).

Hierdie ou amptelike joernale wat soms roerende beskrywings van diep menslike tragiek, realistiese natuurbeelde en "fris humor uit 'n terloopse opmerking" (Conradie, 1934:3) bevat het, verteenwoordig nie net

die vertrekpunt van die verhalende prosa hier te lande nie — dit is die oervorm van die reisverhaal in Afrikaans.

Op 24 Desember 1651 het Jan van Riebeeck uit Texel vertrek, en met sy aankoms op 6 April 1652 te Cabo de Bona Esperance het hulle gesproke sewentiende-eeuse Hollands 'n nuwe bodem gekry. Hierdie gebeurtenis, gepaard met die gedokumenteerde reis en die pioniersjare van die stigting van die verversingspos aan die Kaap, was die embrio waaruit die Afrikaner, sy taal en letterkunde gebore is. In 1706, skaars 'n vyftig jaar na die gebeurtenis en sover 'n mens dit kon vasstel, was die Hugenoteseun Hendrik Bibault die eerste persoon wat hom met die trotse uitroep verdedig het: "'k Ben een Afrikaander!" (Pienaar, 1945:64).

Hoewel die vroegste Afrikaanse skrywers, uit die aard van hulle Protestantse stamverband, vertrouwd was met die Bybelse perspektief van die Israelitiese reiservaringe, het dit geensins die grondslag van hulle reisjoernale, -verslae en briewe gevorm nie. Die patroon van hulle verslaggewing was grotendeels op die reisjoernale van die reisigers van die eerste helfte van die sewentiende eeu, soos onder andere die van Willem Ysbrantz Bontekoe, Direk Albertsz, Van Spilbergen en Le Maire geskoei. Gedagtig aan die feit dat daar nog altyd 'n verbondenheid tussen werklikheid en literatuur is, moet nie uit die oog verloor word nie dat hierdie geskryfte deur 'n bepaalde opdrag van die V.O.C. tot stand gekom het. Die Dagregister van Jan van Riebeeck besit dus taal-

historiese waarde en het verwantskap met die reisverhaal, maar kan kwalik as ware literatuur kwalifiseer.

Godêe Molsbergen (1968:6) het Jan van Riebeeck beskryf as 'n natuurliefhebber en 'n persoon wat die Noordelike Yssee en die trope leer ken en veel geswerf het. Dit was sy doel om al swerwende sy kennis en ondervinding te vermeerder en sodoende 'n man van betekenis te word. Dan maak dié outeur die opmerking in die volgende passasie, wat ook onder andere vir die Afrikaanse letterkunde van belang is, naamlik: "Dit het hom geluk. En, al was dit nie sy bedoeling nie, het hy vir hom 'n naam verwerf wat eëue na sy dood nog steeds voortlewe" (Godêe Molsbergen, 1968:6).

Van Riebeeck het sy volle lojaliteit aan die Here XVII gegee en hom voortdurend vir die voordeel van die Kompanjie beywer; na sy oordeel "nogt ledige uren hebben soecken te laeten passeeren" (Godêe Molsbergen, 1968:98). Hy het ook "'n onbeperkte vertrouwe in God gehad en, miskien op 'n al te optimistiese wyse, die vervulling van sy wense verwag" (Godêe Molsbergen, 1968:98). Die aanwesigheid van die Christelike aard van veral die ouer Afrikaanse verhalende prosa, kan herlei word na die Protestantse afkoms van ons voorouers en die maker van die Dagregister wat God se seëninge in sy onderneming nooit ontken het nie, want hy erken "Godt de Heere alle die saecken tot den dach van heden met veele segeningen wel ende gewenscht heeft laeten succederen

ende vultrecken" (Daghregister, dl. II, 1654:214).

Die Daghregister van Jan van Riebeeck is 'n reisdagboek en is geskryf om uitvoering aan 'n bepaalde opdrag te gee. In 'n tipiese sewentiende-eeuse, amp telike, Hollandse styl vind 'n mens "die toon van egtheid en waarheid" (Conradie, 1934:6) wat uit die historiese geskrif opklink. Dit gaan hier oor die onontgonne,harde en barre landstreek, die soms uitputtende weersomstandighede soos "harde noordwestelike wint ende veel regen . . . waer door wij desen dagh weijnich ofte niet kosten vorderen in onsen arbeijs" (Van der Merwe, 1969:53).

Die ontberings en menslike lyding word nie net herhaaldelik beklemtoon nie, maar ook die vordering wat daar met die verversingspos gemaak is, word soms met 'n sweem van emosie vertel: "En is op dato d'eerste hollantse roos aende Caep gepluckt van roseboomen A° passado hier gecomen; en staen de kerse ende mispel bomen tegenwoordigh mede al fraij te bloeijen; item, oock eenighe lemoen boomtjens, etc. . . ." (Van der Merwe, 1969:159). Die ou dagboek verteenwoordig nie net 'n saaklike en amptelike verslaggewing nie, "maar telkens klink die stem van 'n mens op, hoe onbeholpe die styl dikwels ook mag wees," en in die vermelding van sommige informasie en gebeure vind 'n mens die spore van "die ewig-menslike drama" (Dekker, 1961:3). Die teleurstelling van die outeur in die optrede van die Hottentot Herrie, wat telkens met die grootste sluheid vorendag gekom het, kan selfs vir die leser iets van 'n geestigheid inhou: "Soo als 't sermoen

gedaen was, vernamen dat onsen aengenomen tolcq. Herrij met vrouw, kinderen, huijsen ende al zijn goet, heel schielijck, dewijl in 't sermoen saten, opgebroocken ende vertroocken was, sonder noch te weten wat sulcx mochte beduijden, hebbende noch even voor 't sermoen bij ons in 't fort geweest, nergens van seggende nochte ijts ter werelt hebbende laten blijcken . . . Maer soo als wij over tafel saten, wordt ons oock geseijt dat al de beesten wegh waren . . . " (Van der Merwe, 1969:69).

Die Daghregister, vanuit historiese oogpunt gesien, se betekenis vir die Afrikaanse letterkunde word in die volgende, bondige, tiperende en waarderende passasie saamgevat: "Die styl mag omslagtig en dikwels slordig wees, maar dit bevat talryke passasies waarin Van Riebeeck boeiend rapporteer, lewendig vertel, mense (veral van die Hottentotte) duidelik tipeer, omstandighede van tyd en plek raak beskryf" (Antonissen, 1961:7). Die dagverhaal is dus die eersteling=dokument wat die embrionale fase ingelei het waaruit die Afrikaanse gees, taal en letterkunde ontwikkel het.

Hierdie eerste amptelike reisverslag is gevolg deur 'n magdom verslae, joernale, dagboeke en reisaan=tekeninge wat soms interessante lig op die doen en late van ons avontuursoekende voorouers gewerp het. Vir die doeleindes van dié studie is dit egter net van belang om enkele van die belangrikste rapporteurs se geskifte te vermeld, omrede die meeste dagboek=houders nie so op die hoogte van die skryfkuns gebly

het nie. Die jare tussen 1659 en 1664 word gekenmerk deur talle ondernemings van avonturiers wat die vreemde bekoring van die binneland wou eksploreer. Verder was hulle ook deur die ideaal aangevuur om die legendariese goudstad Monomotapa en die mitiese stad Vigiti Magna, wat aan die noordwaartsstromende rivier iewers in die Noorde moes lê, te ontdek (Mosson, 1931:5).

Soos Graalridders het die avonturiers die togte wat onder meer vir die bogenoemde doel onderneem is, en waarvan die joernale in die Daghregister opgeneem is, aangepak. Dié reistogte was die volgende: die landtog van Jan Danckaert (1660-1661), Pieter Gruijthoff (1661), Pieter van Meerhoff (1661), Pieter Everaert (1661-1652), 'n tweede reis van Pieter Gruijthoff (1662-1663) en die reis van Jonas de la Guerre (1663-1664) (Godée Molsbergen, dl. 1, 1976). Van belang is egter hier dat Pieter van Meerhoff, die onderchirurgyn en 'n Deen van Kopenhagen wat met Eva getroud was, al ses die togte meegemaak en ook die belangrikste joernaalhouer was. Hoewel Hollands nie sy moedertaal was nie, kon hy realisties en aanskoulik beskryf en deurgaans was hy beskou as iemand "die wel ter pen en oock eenighsints in de teyckenkunst ervaren" was (Conradie, 1934:11).

Van Meerhoff se reisverslag in 1661 na die Namakwas toon telkens sy gemaklike verteltrant en hoe hy tot in die fynste besonderhede 'n insident plasties kon beskryf: ". . . ende dewijle wij nu doende waren om het hartebeest in stukken te cappen, soudén daer

eenige van ons volcq vuur maecken om te kookken, raeck= te de ruyghte en drooge boomen in brant, soodat wij genoegh te doen hadden om ons cruyt en brootsacken aen een cant te krijgen, soodat wij in groot pericul stonden van ons leven, want had daer een vonck vuur aen het cruyt gecomen, soo hadden wij met makander in de lucht gevloogen, het vuur had ons bijna omsingelt" (Godêe Molsbergen, dl. 1, 1976:49). Na die vermoei= ende ses reise van Van Meerhoff wat gekenmerk is deur botsings tussen blank en nie-blank, ontdekkings van nuwe plante en diere, van "ewig-menslike val en op= staan" (Conradie, 1934:15), het die periode van die noordelike ontdekkingsreise geëindig.

In plaas van ontdekkingstogte het daar 'n periode van handelsreise na die naburige Hottentotte van "Rie= beecks-Kasteel en die Bergriviervallei" (Mossop, 1931: 14) aangebreek. Toe Simon van der Stel op 12 Oktober 1679 in Tafelbaai aan wal gestap het, was die meeste soekers na die Vigiti Magna alreeds dood en het hier= die Graalridders se soektogte "geen goue skaal opge= lewer nie" (Mossop, 1931:16).

Op grond van 'n klompie kopererts wat die inboorlinge tydens 'n besoek aan die goewerneur saamgebring het, onderneem Olof Bergh en Simon van der Stel in 1685 hulle eerste reis. Olof Bergh was 'n Sweed van ge= boorte en het aan die Kaap weens diefstal uit "die diepste afgronde van degradasie en wanhoop" (Mossop, 1931:30) tot 'n hoë erepos in die land van sy eie keuse uitgestyg. Voorwaar staan hy in die geskiede= nis bekend "as een van Suid-Afrika se eerste padvin=

ders" (Mossop, 1931:30). 'n Mens kan beweer dat Bergh tydens die sewentiende eeu die meeste reise onderneem, meegemaak en in opdrag uitgevoer het. In teenstelling met dié van Van der Stel word Bergh se joernale deur manne van "geringe opvoeding [gehou], en waarskynlik is geen enkel aantekening deur die vaandrig self gemaak nie" (Mossop, 1931:38). Die inhoud van die joernale was omslagtig en beslaan deurgaans 'n herhaling van afstande, plekbeskrywings, opvallende gebeure en statistiek van sy ruiltransaksies met die Hottentotte.

Van belang omtrent die geskrewe lektuur van Bergh was die brief wat hy op sy toer van 1699 aan W.A. van der Stel geskryf het. Hoewel hy op die stadium heeltemal ingeburger was, kon hy die landstaal, soos dit uit die volgende blyk, nog nie met gemak hanteer nie: "Dese geringe letteren dienen allenigh oom uw Wel=Edele Heer bekendt te maecken als meer dat wij den 39 bris van de Caep vertrocken den 4 dito in die drief van 't Eerste Rivier bij 't hoofste van den Borgerraet Mons Henning Huisen 't ongeluck hadden van twee assen te brecken van onsse swaergeladene waagens . . ." (Mossop, 1931:66). Conradie (1934:35) maak 'n stelling omtrent die brief wat 'n mens in 'n mate as oordrewe kan beskou, naamlik "die enkele bewaargeblewe ongeredigeerde brief uit die sewentiende eeu, 'n brok nasionale letterkunde [wat] van die hoogste belang" is. Opvallend van die brief en van ander briewe wat in die tyd aan die Kaap geskryf was, was dat hulle in 'n rapportstyl geskryf is en groten=deels onder die subgenre dagjoernale en reisverslae

geplaas is.

Die studie sou onvolledig wees om nie die naam van Hendrik Claudius, afkomstig van Silesiä, "'n vroeë pennis en tekenaar van groot betekenis" (Conradie, 1934:32) te noem nie. Claudius was die joernaalhouer van Olof Bergh se tweede en meer suksesvolle reis in 1683, naamlik Dagregister van de landtocht van de Caap de Goede Hoop, waren gedistineert na de Tropikus Caprikornij. Père Tachard, 'n Fransman en Jesuïet, het die skryf- en tekenwerk van Claudius met die grootste eerbied en agting bejeën.

'n Verdere tog van belang om die sogenoemde rykdom van die Koperberge in die Noorde te ondersoek, vind 'n mens in die Dagregister gehouden op de voiage gedaan naer de Amacguas Land onder 't beleydt van den Heer Symon van der Stel. Van al die gebeure tydens die reis is die een by Piketberg, waar die renoster op die koets van die kommandeur afgestorm het, seker die bekendste. Die stukkie epiek, wat deur die joernaalhouer "so plasties-reël uitgebeeld" (Conradie, 1934:40) is, het nog nooit sy bekoring in die Afrikaanse "literêre" geskiedenis verloor nie.

J.G. Grevenbrock, 'n Latinis, wie se brief uit Latyn deur B. Farrington in Engels vertaal is, bied 'n besondere beeld van die leefwyse en gewoontes van die Hottentotte (Van Riebeeck-vereniging, dl. 14:162).

Dit is opvallend dat die deurlopende kenmerk van die sewentiende-eeuse dagregisters die getrouheid aan die waarheidsin van die skrywers weerspieël het. 'n

Voorbeeld waar die fantasie van die skrywer die loop geneem het, vind 'n mens by Van Meerhoff in 1661 waar hy die volgende beskrywing van 'n sekere ongedierte gee: "Een levendigh monster vernomen met 3 hoofden, gelijcq drie kattenhoofden en hadt drie lange staerten in 't water uytcomende niet wetende wat het voor een gedierte is geweest" (Godée Molsbergen, dl. 1, 1976:47). Daar is ook 'n bepaalde eenvormigheid ten opsigte van die inhoud van die dokumente van die eeu, naamlik dié van menslike ontberinge, soms onuithoudbare weersomstandighede, barre landskap, die ruilhandel met die Hottentotte, 'n sekere spontaneïteit en 'n sin vir die praktiese. Die joernaal van Simon van der Stel is seker die mooiste voorbeeld van "een brok werklikheid en 'n bewys dat die waarheid soms fantastieser dan die fantasie is" (Conradie, 1934: 41). Die lektuur van die sewentiende eeu, naamlik dagregisters, joernale, briewe en kaarte is dus niks anders nie as verslaggewing van 'n onontgonne binne-land wat in opdrag deur die amptenare uitgevoer is,

4.1.2 Reisgeskrifte van die agtiende eeu

Tydens die wenteling van die eeu aan die Kaap het die volksplanting as gevolg van wanadministrasie steeds 'n kwynende bestaan gevoer. Die uiters klein blanke nedersetting wat daaruit ontwikkel het, was eerder die gevolg van omstandighede as van 'n berekende beleid. Tog het die volksplanting onder Simon van der Stel 'n stoot vorentoe gekry, want toe W.A. van der Stel in 1699 sy vader opgevolg het, kon 'n mens die stigting reeds as 'n kolonie identifiseer. Die

owerheid het die burgers op ekonomiese, maatskaplike en politieke gebied verwaarloos; gevolglik het dit tot isolasie van die inwoners in die binneland gelei. Uiteindelik het by die binnelanders die eerste tekens van 'n eie Afrikaanse lewensvorm ontwikkel.

Antonissen (1961:8) konkludeer dan ook tereg dat "naas die amptelike registers van die Goewerneurs, wat oor die algemeen maar tydelik aan die Kaap ver=toef en wie se geskifte dan ook meestal louter Nederlands van gees bly, ontwikkel in die loop van die 18de eeu 'n dagboek-literatuur met meer en meer spesifiek-Afrikaanse inslag, die werk van gebore Afrikaners of van mense wat in Suid-Afrika 'n nuwe vader=land gevind het".

Aan die begin van die agtiende eeu verteenwoordig die Kaapse gemeenskap twee sterk groepe, naamlik die amp=tenary en die boere, en vanaf 1657 'n groepie vrybur=gers wat meer in ander bedrywighede as in die boerde=ry geïnteresseerd was. Die polarisasie van die ge=meenskap is in 'n groot mate vererger deur die wanbe=stuur en korrupsie tydens die bewind van W.A. van der Stel.

Die weerstand teen die regime van W.A. van der Stel het dan ook in 'n groot mate sy beslag in die "ver=setgeskifte" van Adam Tas gevind. Hoewel die ge=skrifte van Tas nie as reisliteratuur beskou kan word nie, sou die studie onvolledig wees deur nie na sy werk te verwys nie. Die dagboekliteratuur van die agtiende eeu, waarvan die belangrikste gedeelte deur

Tas se geskrewe werk verteenwoordig is, het in 'n veel sterker mate (soos Antonissen en Conradie beweer) as die dagverhale en die reisjoernale, 'n eie Afrikaanse gees geopenbaar.

Bogaert oorbeklemtoon dit nie as hy Adam Tas "die bekwaamste ter penne" (Bogaert, 1711:494) onder die koloniste noem nie; selfs moet Tas se grootste teenstander W.A. van der Stel toegee dat hy "een sierlijk schrijver" is (Fouché, 1970:28). Tas se "pennevruchten" soos die Dagregister van den Landbouwer Adam Tas, Klachtschrift, Contra-Deductie en sy Dagboek "vormen een literariese nalatenschap, die hem die ereplaats geeft onder de Zuid-Afrikaanse schrijvers van vroegere tijden" (Fouché, 1970:28).

In sy Dagboek skilder Tas op kleurvolle wyse die maatskaplike toestande aan die begin van die agtiende eeu aan die Kaap. Hy ken die fyn spel van die woord; daarom het D.J. Opperman Tas so 'n prominente dramafiguur in sy versdrama Vergelegen gemaak. Tas se verontwaardiging oor die korrupte bestuur van W.A. van der Stel word duidelik uit die digter se volgende woorde afgelei: "Vat die Here nie, dan vat die Goewerneur" (Opperman, 1964:24). Met afkeur, skerp en felle spot verwys Tas as dramakarakter in die versdrama na die gekleurde bloed in W.A. van der Stel se are, sy ydelheid en onsedelike lewe:

"Wat anders kan 'n mens verwag van 'n kwartnaatjie!
Sy blas tronie, sy praalsug en die wellus
slaan terug na sy ouma Mai Monica van die Kus"
(Opperman, 1964:25).

Die formele sewentiende-eeuse Hollandse skryfstyl het in 'n groot mate in die geskifte van Tas verdwyn. Dit is waarneembaar in sy Dagboek, waarin hy die goe=werneur se sluide ter wille van eie voordeel in sy gemaklike vertelstyl blootlê: "Mr. Appel quam ook daar alwaar ons vertelt wierde, dat op gisteren alle de vrijluiden aan de Caab tot Zwarten in cluijs, door den boode bij den gouvernr. waren geroepen. Alsse in 't Casteel verscheenen, wierden ze met wijn, tabak enz: beschonken. Toen haalde den gouvernr. een schrift voor den dag, 't welk hij hen liet teekenen. De menschen waaren verbaast, niet wetende wat hier van de beduijdenisse was. Egter hebben zij de tee=kening daar van niet derven wijgeren; 't zoude be=helsen dat zij den gouvernr. voor een eerlijk man verclaren" (Fouché, 1970:190).

Die talle reisjoernale en -registers wat in die eer=ste helfte van die agtiende eeu geskryf is, is vir hierdie studie van weinig belang — "hulle mag uiting gee aan die gees van die Kaapse samelewing, 'n volk=siel vertolk hulle nog nie, en die letterkundige waarde [is] uiters gering" (Dekker, 1961:4). Vir diegene wat 'n studie van die plant- en dierelewe en die lewenswyse van die inboorlinge wil maak, kan in=teressante inligting in die twee joernale van Willem van Putten van 1710 vind, naamlik Dagregister van een reis door Commissaris Cnoll naar Het warme Bad en Dagverhaal wegens de reis naar 't Warme Water.

Die bloeitydperk tydens die regering van Rijk Tulbagh (1751-1771) het weer belangrike reisliteratuur van

kulturele belang opgelewer. In 1776 vind 'n mens 'n reisjoernaal van noemenswaardige, taalkundige belang, naamlik die van Pieter Cloete, 'n Afrikaanse boer, en Hendrik Swellengrebel, die goewerneurseun, se tog na die binneland: Journal van eenen landtocht die den ondergeteekende met den Weledelen heer Hendr. Swellen=grebel in den jare 1776 gedaan heeft. Alhoewel die oorspronklikheid en Afrikaansheid van die naamgewing van plekke in vorige joernale al opgemerk is, is dit in hierdie geskrif 'n heel opvallende verskynsel, naamlik plekname soos "Nooitgedagt", "Matjiesfonteyn", "Buffels Rivier", "Hartebeestefonteyn", "Wolvefonteyn", "Loeriesfonteyn", ensovoorts. Albei het, soos vorige joernaalhouers, die lewe en gewoontes van die naturelle beskryf en 'n mens 'n blik op die koloniste se ekonomiese toestand gegee. By die "Leeuwen Rivier" (Linschoten-vereniging, dl. 36:3), wat nie verniet daardie naam gedra het nie, vind 'n mens in die bondige joernaalstyl van Pieter Cloete wat sterk Afrikaans aandoen, die vermelding van 'n grusame insident: "Voor ons vertrek vonden wy de dragt en gewoonlijke opschik eener Hottentottin, haar caros sterk bebloeid en het spoor eener leeuwin, die iets scheen voortgesleept te hebben, dus wy reeden hadden te gelooven, dat hier een dag of twee geleeden een Hottentottin, die waarskynlik van haren meester is weggedrost, moet verslonden zijn" (Linschoten-vereniging, dl. 36:3). Hoewel die joernaal voorgee om 'n presiese weergawe van die werklikheid te gee, is die materiaal geselekteer en bly die geskrif ook sub=jektief gebonde.

Die Dagverhaal van goewerneur Van Plettenberg in 1778 oor die "Sneeuwbergen en terug na de Cambdebo" (Linschoten-vereeniging, dl. 34:39) is veral van belang weens sy in besondere en interessante beskrywing van die "Kaffers" en hulle tradisies. Hy verhaal onder andere sy besoek aan kaptein Koba "ter gelegentheyd dat een jong vrouws perzoon tot haare vrysterlyke staat gekomen was" (Linschoten-vereeniging, dl. 36: 44) waar hy die seremonie in detail aan ons beskryf. Verder kon hy sy afkeer van die Hottentotte nie verbloem nie en die sedelike opvatting van die "Kaffers" het reëlreg met sy Christelik georiënteerde opvattinge gebots: "zy zijn hoewel niet zindelijk egter zodanig aan de morzigheid niet overgegeeven als de Hottentotten: de veel wyverye heeft onder hun plaats en de kuysheyt werd onder de jonge dogters niet zeer in agt genomen" (Linschoten-vereeniging, dl. 36:48).

Die Berigt aan den Weleedelen Gestrengen Heer Mr. Joachim van Plettenbergh van Hendrik Jacob Wikar van wat "ik gehoord en gezien hebbe, zeedert dat ik langs de groote rivier op ende needer gesworven hebbe" (Van Riebeeck-vereniging, dl. 15, 1935:20) is van groot belang ten opsigte van die verdere ontwikkeling van Kaaps-Nederlands en die reisverhaal. Wikar was van Sweedse afkoms en het in die diens van die Oos-Indiese Kompanjie in 1773 na die Kaap gekom. Weens finansieële probleme as gevolg van dobbelary het hy gedros en "4 jaar en 6 maanden tyd" (Van Riebeeck-vereniging, dl. 15:241) het hy hom onder die boerebevolking van die binneland, en veral onder die Hottentotte langs die Grootrivier bevind. Hoewel Wikar die

geskryf in sy beste Nederlands probeer stel het, moes landdros Olof de Wet sy verhaal "op verscheyde aan my gedane vraagen vermeerdert en in ordentlyke styl" verander het. Die volgende enkele voorbeelde van woorde in die genoemde joernaal is 'n bevestiging van die toenemende wording van die Afrikaanse taal: "assegaye" (p. 52), "karosse" (p. 54), "strohuysen" (p. 58), "renoster" (p. 66), "zeekoey" (p. 66), "har-tebeeste" (p. 66), "genzebok" (p. 74), "boegoe" (p. 86) en "springbokknappzak" (p. 86). In sy vermelding van die avonture met die seekoei en renoster vind 'n mens nie net 'n boeiende vertelling nie, maar ook die spore van fiksionaliteit wat verwantskap met die moderne reisroman toon.

Die agtiende-eeuse reeks van reisbeskrywings word deur die verslae van reise wat deur die vier Van Reenen-broers, naamlik Jacob, Willem, Sebastiaan Valentyn en Dirk Gysbert, afsonderlik onderneem is na Kafferland (1790), die Grootrivier (1791-1792), die Weskus (1793) en Noordoos-Kaapland (1803) afgesluit. Veral die laaste van hierdie joernale is van belang, naamlik die Dag-verhaal van Dirk Gysbert van Reenen wat hy geskryf het tydens die reis wat hy saam met goewerneur Janssens in 1803 na "de binnenlanden van Afrika beoosten de Kaap de Goede Hoop geleegen" mee-gemaak het (Van Riebeeck-vereniging, dl. 18:11).

Die feit dat Dirk Gysbert en sy seun Daniel genl. Janssens op sy tog na "Kafferland" vergesel het, wys op die vertroue wat daar in hom gestel is. Ook het Dirk Gysbert 'n belangrike rol in die onderhandelinge

met die ontevrede boere en met Gaika en ander "Kaffer=kapteins" aan die Oostelike grens gespeel. Conradie bevestig ook sy geborgenheid in die Afrikaanse volksen taalwording in die volgende woorde: "Die probleme van die Afrikaner het hy met ander oë dan die van sy toggenoot-skrywer, Paravicini di Capelli, aanskou en met 'n ander pen uiteengesit (Conradie, 1934:103).

Prof. J.A. Wiid se inleiding tot Die joernaal van Dirk Gysbert van Reenen evalueer tereg die waarde en inhoud van die verslag op 'n heel oortuigende en bondige wyse: "Die leser het hier met die indrukke, beskouinge en raadgevinge van 'n verligte kolonis, 'n praktiese boer, 'n energieke persoonlikheid en 'n baie progressiewe burger te doen. Van Reenen se bekendheid met toestande en persone, nie alleen van Kaapstad en omgewing nie, maar ook van verafgeleë binnelande, en die feit dat hy 'n skerp waarnemer was, maak hierdie reisjoernaal sonder twyfel van meer as gewone kultuurhistoriese materiaal" (Wiid, 1937:2).

Dirk Gysbert se wetenskaplike sin en presiesheid blyk uit die volledige en sistematiese opgawes in die teks, soos dit byvoorbeeld deur Conradie (1934:107) vermeld is: ". . . alle huise wat afgebrand is en skade aangerig sowel as uit die samestelling van 'n register aan die slot, iets wat selde aangetref word, ook by die beste skrywers van sy tyd". Dirk Gysbert se fyn waarnemingsvermoë van sy medereisigers, veral van Janssens, het soms tot 'n bepaalde karakterisering van so 'n persoon gelei: "De Generaal, die altyd by deze moeyelyke weg de voorste man en de eerste

op de hoogsten bergen was, lacht dikwels, onder het zugten en klagen dat verscheide onzer deden" (Van Riebeeck-vereniging, dl. 18:70).

Die reislektuur van die agtiende eeu wat weer eens uit dagboeke, registers, briewe, joernale en verhale van landreise bestaan het, het nie veel van die van die sewentiende eeu verskil nie. Dat daar wel in die Berigt van Wikar en die Van Reenen-verslae 'n maklik identifiseerbare Afrikaanse wil en gees wat "van vreemde smette vry" (Conradie, 1934:100) wil wees teenwoordig is, is nie te betwyfel nie. Van die reislektuurskrywers, veral aan die einde van die eeu, was ook persone wat van geboorte Afrikaners was; gevolglik was die "Afrikaans-getinte taal" (Conradie, 1934:100) 'n vanselfsprekenheid. Om die rede vind 'n mens, net soos in Wikar se Berigt, in die Van Reenen-verslae tipiese Afrikaanse woorde (bv. spinne=kop) en die gebruik van die dubbele negatief. Gaan=deweg het daar 'n onherstelbare kloof tussen die spreektaal van die Hollander en die Afrikaner ontstaan.

Vanuit 'n literêre oogpunt gesien, stel Brink onder andere aan die reisverhaal die volgende vereistes: "In elke geslaagde reisverhaal word gewoonlik minstens twee reise afgelê: deur 'n land of 'n landskap, en deur die self" (Brink, 1977:31). Dirk Gysbert van Reenen gee wel in sy joernaal sy persoonlike waarneming van die objektiewe werklikheid, maar wanneer dit by die natuurskoonheid en die Hottentotte kom, verstar hy in 'n ek-bewustheid, met ander woorde die innerlike

balans tussen persoonlike waarneming en die objektiewe feitelikheid is versteur. Die reislektuur van die agtiende eeu, en in besonder die van Wikar en die Van Reenens, het nog nie van die tot-dusver-beoefende vorm en inhoud van die joernaal en verslag weggebreek nie.

4.1.3 Voortrekkerreisgeskrifte

Die onttrekking van 'n deel van die Afrikaners aan die Britse Kaapkolonie en hulle grootskaalse verhuising tussen die jare 1835-1838 na die barre, dorre en woeste Noorde, verteenwoordig die heroïese en vryheidsoekende periode in die volksgeskiedenis van die Afrikaner. Hierdie uittog gaan ook, in teenstelling met die strewe van die Britse beleid, met 'n bewuswording van eie identiteit en lewens- en wêreldbeskouing gepaard. Die grenspioniers het op georganiseerde wyse die Kaapkolonie gedurende die tyd met die hoofsaaklike doel verlaat om "die Britse gesag finaal af te skud en iewers op vrye grond buite Britse gebied 'n nuwe 'kolonie', nedersetting of staat te stig" (Van Jaarsveld, 1971:123).

Dit is ook 'n erkende feit dat "terwyl daar in die Kaapkolonie reeds koerante en tydskrifte verskyn en 'n toneellewe aan die ontwikkel is, bly die enigste, letterkundige uitinge van die Voortrekkers nog vir 'n lang tyd die dagboek, die joernaal, die brief" (Antonissen, 1960:13). Jare nadat die opdrag van die Artyckel-Brief reeds verval het, het die Voortrekkers nog in die negentiende eeu die ou amptelike gebod in

bogenoemde vorme as 'n tradisie voortgesit. Louis Trigardt se vrou, skynbaar die skeikundige van sy trek, het "ink gekook van waboom-blare, en 'n pen versnij uit 'n pouw- of aasvoëlveer" (Preller, 1917: 23) om die leesbaarheid van die geskrewe dagboeke en joernale van 'n meer permanente aard te maak.

Die inhoud van die geskrifte het gegaan oor die heimwee na die streek wat hulle verlaat het, hulle geïdealiseerde vryheidstewe, vrees vir die onbekende, die slu- en wreedheid van die inboorlingstamme en hulle kennismaking met 'n vreemde binneland met sy eie plant- en dierelewe.

Die bronne, naamlik die skoonheid van die natuur en die Bybel waaruit hulle hul wysheid geput het, het 'n duidelike neerslag in hulle dagboekhouding gevind. Conradie (1934:213) se mening in die verband kan as 'n bevestiging dien: "Hoewel die Trekkers in werklikheid in die neëntiende eeu gelewe het, het hul gedagtegang altyd op die van die sewentiende eeue bly lyk".

Die vorm van hulle briewe en dagboeke het min verskil van die van die sewentiende eeu, en hulle geskrifte, net soos vanouds, was deurdrenk van die Heilige Skrif. Die lomp taalgebruik, die toenemende verskynsels van verafrikaansing en die opsigtelike Bybelse skryfstyl het hulle werke tog 'n besondere aansien gegee; daarbenewens, is daar in die geskrifte ook duidelike prinsipes van die reisverhaal te bespeur, en besit dit ook waarde vir die Afrikaanse volksgeskiedenis en die

Dietse kultuurerfenis. Dit is egter duidelik dat die penproduksie van die Voortrekkers geensins met die doel geskryf is om letterkunde te wees nie.

Die oudste Voortrekker geskrif is die Dagboek van Louis Trigardt (1836-1838). Die geskrif bestaan uit twee dele waarvan die Eerste Dagboek vir die doel van die studie weinig waarde het. Die tydperk wat die eerste deel beslaan, 31 Julie 1836 tot 13 Januarie 1837, bevat daaglikse "memoranda en notisies" (Trigardt, 1917:28) oor die verkoop van graan, bruikleen van gereedskap, die gebruik van sekere huismiddels, datums van geboorte, doop en sterfte van kinders, ensovoorts.

Die Tweede Dagboek, wat vanaf 25 Januarie 1837 tot 1 Mei 1838 geskryf is, is vir die dissertasie oor die reisverhaal in Afrikaans van die meeste belang. Dit is die dagverhaal van die trekkende Trigardt-geselskap vanaf Swellendam tot Lourenco Marques. Getrou aan die aard van die reisverhaal is Trigardt die verteller en word alle waarneming vanuit sy perspektief gedoen. Trigardt se doel met die byhou van die Dagboek was volgens die voorafgaande Inleiding (Preller, 1917:19-25) om inligting aan ander Trekkers te verskaf; voorraad van sy vee te hou; verslag van die opbrengs van die jag byderhand te hê; die belangstelling en gevolglike aanmoediging van sy vrou en dan "rep hij ergens in die Laeveld, nabij Delagoa=baai daarvan, hoe een en ander ook bestem sou wees vir die voorligting van 'mijn Nasie'" (Preller, 1917: 22).

Die vordering van die reis word by elke dag se aantekeninge in die eerste paar reëls genoem, byvoorbeeld: "Ben wij getrokken tot waar de Santrivier in de Takkeroes-rivier in malkander loop" (Trigardt, 1917:178). Die tydruimte en gebeure in die Dagverhaal stem ooreen met wat 'n mens tot dusver in die reislektuur hier te lande aangetref het, naamlik die bo-menslike ontbering van die Trekkers in die onherbergsame bineland van Suid-Afrika, die invloed van primitiewe rasse op die Trekkers, episodes met roofdiere en die ellende tydens ernstige siekte.

Uit die verteller se waarneming van die figure rondom hom leer die leser Trigardt met al sy voorbehoude beter ken en word ander karakters in eenvoudige taal en styl goed getipeer. So is Pieta, Trigardt se tweede seun, in alle opsigte sy staatmaker en daar word feitlik op elke bladsy iets van hom vermeld, maar wanneer hy onbeleefd teenoor sy vader is, bly die tug nie uit nie: "De avond sprak ik met Pieta, gaf hij mijn geen antwoord maar een suure gezigt, waar ik boos om worden ken. Was ik met een jukseheij agter hem" (Trigardt, 1917:109).

Die dagboekskrywer is voortdurend besig om met "ouwe Botha" die draak te steek, omdat hy 'n swak skut is en soms nie huiwer om 'n leuen te vertel nie: "Ouwe Botha het vandag vier rooijbokken met een schoot geschoten, dog geen gekregen, wat mij wonder doet dat hij van de lever op die plek gevonden heb in geen bok blijf leggen" (Trigardt, 1917:220).

'n Mens kry ook 'n duidelike beeld van die verteller se streng godsdienstige opvattinge en hoe hy dit in sy daaglikse doen en late uitleef: "Ik zei, dat ik niet graag zien zouw, dat Sondag gewerkt word, dat die eenne dag ons niet heljpen zal, als wij niet door komen moet; en dat het meer tot ons ongeluk wesen ken, om dat wij God daar mee vertorend" (Trigardt, 1917:243).

Etlike dae nadat Trigardt sy eindbestemming bereik. het, het sy vrou, drie kinders en Daniel Pfeffer gelyk siek geword. Die leser neem 'n ander dimensie van die stoere en onverskrokke Trekkeleier se karakter waar wanneer hy langs die sterfbed van sy "lieve vrou" staan. Selfs in hierdie smartlike, selfs tragiese omstandighede bly hy 'n waardige persoonlikheid. Sy geloofsvertroue word op sy kenmerkende vertelwyse so bewoord: "Toen zag ik dat mijn gevoel en maar al te waar gegrond was! Dat ik haar niet weer met gezondheid zien souw! Van die ogenblik nam de droefheid sodanig de overhand op mijn, dat ik niet wis wat ik deed of spreken zouw. De kinders weende met mijn, het welk mijn nog meer en meer mijn beswaarde gemoed bedroefde. Ik nam afschijde van haar voor dit leven, maar dagte haar in de huis des hemelschen Vaders weer te zien, en klaagde bij Hem niet, maar bid dat hij mijn tot hulp mag komen. De wille des Heeren moet geschieden en alle ons moeite en zorg was te vergeefs" (Trigardt, 1917:368).

Die uitspraak van Conradie (1934:194) oor die Dagboek van Louis Trigardt, naamlik "die Ilias van lyding" en

die opmerking van Preller (1917:13) in die inleiding tot die dagboek: "Vir 'n aankomende letterkunde ag ik die Dagboek van seer besondere waarde", kan seker as die kortbegrip van die Trigardt-dagboek met sy opvallende reisinslag beskou word.

Die Dagboek (Nov. 1836-Jan. 1839) van Erasmus Smit kan ook 'n dagboek-reisjoernaal genoem word, want by die opgaaf van elke dag se gebeure word die reisgedagte voortdurend vermeld: "De eerste dag der derde maand, dat wij op de reis zijn gegaan van Graaff-Reinet.."(Schoon, 1897:11). Smit het tot die groep van Maritz en Retief behoort en was 'n ongeordende predikant — 'n gedagte wat hom soms diep ongelukkig gestem het. Archibald, 'n Wesleyaanse sendeling en wat 'n getroue ondersteuner in Sarel Cilliers gevind het, was Smit se groot teenstander. Telkens verhaalde die dagboekhouer sy diepe ongeluk oor dié toedrag van sake: "Zeer schoon weder; maar voor mij en anderen weer een bedroevende Zondag. Velen van de reizigers reden naar den Heer Archibald om daar onder het gehoor te zijn" (Schoon, 1897:6). Smit was ook ooggetuie van die kerngebeure van die Groot Trek en as 'n behoudende mens beskryf hy in 'n Bybelse skryftrant sy belewenis van die beloofde land: "Na mijn ontwaaken van een goede nachtrust, ging ik op een berg in 't stille gebed tot God; en beschouwde dit schoone wereldoord van Zuid Oost Afrika" (Schoon, 1897:106).

Die Joernaal van Sarel Cilliers is "in sy onbeholpe half-Hollandse, half-Afrikaanse taalvorm" (Conradie, 1934:208) naas die Trigardt-dagboek die "beste voor=

beeld van voortrekkerskryfkuns" (Conradie, 1934:208). Die oorwegende idee in die joernaal vind 'n mens in 'n uitspraak van ds. Spoelstra oor die oorsaak van die Groot Trek: "Uitgezonden door die God, die alle dinge werkt naar Zijn eeuwige raad" (Gerdener, 1925: 23). Cilliers se Godsbeskouing wat die oorwegende kenmerk van die geskrif is, word ondubbelsinnig in die aanvang van sy Joernaal gestel: "Ik begeer het, dat ik van hoger hand in staatworden gesteld, om de waarheid, ter neder te schrijven, want onzen God heeft 'de waarheid lief'" (Cilliers, 1925:112). Die reisaspek, in teenstelling met die vorige geskrifte, is in die joernaal minder opvallend.

Die "mémoire-karakter" in Die joernaal van Sarel Cilliers is ook kenmerkend in vergelyking met ander Voortrekkergeskrifte, byvoorbeeld die Gedenkschrift van Anna Steenkamp en die Herinneringen van F.P. van Gass.

A.P. Grové meen tereg dat 'n mens sekere gedeeltes van Meurant se Brieve as "brokstukke reisbeskrywings kan beskou" (Grové, 1969:11). Op 'n goedig-spotten= de manier en met die opsetlike doel om Afrikaans te skryf, word die reisidee gebruik om die draak met "die vreemde doenighede in die Kaapse parlement" (Grové, 1969:11) te steek: "Oom! een mens moet regte ver uit de Kaap uitry, eer jy frisse lug kryg; want kyk oom, die Tafelberg is zoo hoog, dat al de Kaap= stad stinke vas gekeer word — en ons grensmense, wat zulke fyne neuse het, kan de ruik van die swart sloo= tjes nie zoomaar kwyd raak nie. Daarom is ik uitge=

Die belangrikste skriftelike uitingsvorme van die Voortrekkers was dus die dagboek, die joernaal en die brief. Die geskrifte kan onder die gesamentlike noemer dagboek-reisjoernaal geplaas word, omdat dit die pennevrug van die Trekkers tydens 'n reis/trek was. Dat die stukke 'n bepaalde ontwikkelingsfase in die geskiedenis van die Afrikaanse reisverhaal verteenwoordig, is nie te betwyfel nie. Van letterkunde in al sy verskyningsvorme is daar in die periode nie sprake nie, want fiksionaliteit ontbreek en deurgaans was dit die doel om die werklikheid so getrou as moontlik weer te gee. In die inleidende paragraaf van Cilliers se Joernaal spreek hy die begeerte uit "om de waarheid ter neder te schrijven" (Cilliers, 1925:112), wat die ideaal van werklikheidsgetrouheid van die geskrifte bevestig.

Gedagtig aan die onwetenskaplikheid van 'n werkwyse om literêre strominge in waterdigte kompartemente af te baken, kan 1875 as die einddatum van die dagboek-reisjoernaal hier te lande beskou word. 'n Mens kan seker ook met reg sê dat die pre-literêre periode hiermee ten opsigte van die Afrikaanse verhalende prosa afgesluit is.

4.2 Die Eerste Afrikaanse Taalbeweging (1875-1900)

Die stigting van die Genootskap van Regte Afrikaners op 14 Augustus 1875 het 'n doelbewuste keerpunt in die skryfkuns in Afrikaans teweeggebring. Die stryd

om die regte van Afrikaans as volks- en skryftaal het 'n nuwe momentum gekry, soos dit uit die volgende woorde in die Nederlandse briewe oor "De Afrikaansche Taal" blyk: "Wij bedoelen Afrika's toekomst — een eigen nationaliteit. Doch zonder taal geen natie. Daarom, Afrikaanders, houdt uw land, uw volk, uwe taal in eere" (Antonissen, 1961:28). Die stukrag en wil van 'n beter toegeruste groep manne om die be= staanswaardigheid van hulle moedertaal deur hulle eie koerante Die Afrikaanse Patriot en later Ons Klyntji oop te skryf, het in teenstelling met die skryfwerk voor 1875, 'n ander aksent en benadering ten opsigte van Afrikaans gebring. P.D. van der Walt (1963:41) vat hierdie verreikende fase in die taalontwikkeling hier te lande in 'n neutedop saam: "Ons kry nou 'n doelgerigte en georganiseerde Afrikaanse 'beweging' en 'n doelbewuste wil tot die skepping van 'n 'let= terkunde' in die volkstaal, Afrikaans".

4.2.1 S.J. du Toit

Die Afrikaanse reisprosa, in aansluiting met bogenoem= de gegewens, toon in die periode, naamlik 1875 tot 1900, 'n opsigtelike vernuwing in vergelyking met die voorafgaande stereotiepe wyse van joernaal- en dag= boekhouding. Die belangrikste eksponent van die reisgenre in die tyd was ds. S.J. du Toit. Sy reis= beskrywings vorm die basis van die eerste stap tot "vernuwing" wat op die gebied gekom het. In sy Op reis (1881) beskryf hy in Nederlands sy reisbevindings tydens sy besoek aan Europa, dele van Noord-Afrika en

Asië. Maar in hierdie boek maak hy 'n belofte aan sy lesers: "as ek eers stil 'tuis' sit, om dan 'n uitvoerige beskrywing van Egipte en Palestina met plate te gee" (Du Toit, 1882:2). Die genoemde belofte lei tot die verskyning van Bybellande doorreis (1883) waarvan daar later 'n Afrikaanse vertaling deur J.D. du Toit, sy seun, gemaak is.

Dat 'n teoloog in die werk aan die woord is, is opvallend — sy persoonlike waarneming word telkens aan feitlike waarhede van die Bybel getoets. Soms word die reisiger se sintuiglike waarnemings van plekke in die vreemde lande gesubjektiveer, byvoorbeeld die indrukke wat Ragel se graf op sy gemoed gemaak het, laat hom in die volgende woorde opnuut sy eie smart na die heengaan van sy vrou beleef: "Ses maande het byna verloop sedert ek my geliefde dode begrawe het; nog weier my lewenslus om terug te keer, nog is my lewenskrag verslap, nog ween my oog, nog bloei my hart" (Du Toit, 1945:55). Die reisplan bepaal ook hier die uiterlike struktuur van die reisbeskrywing, want elke uitstappie of besoek verteenwoordig 'n aparte hoofstuk. Dié werkwyse, gerugsteun deur 'n beeldende taalgebruik, bewerkstellig progressie wat die skyn van 'n verhalende element inhou. Bybellande doorreis verteenwoordig nie net die beskrywing van 'n fisiese reis nie, maar ook die reis na binne van 'n gevoelige en sensitiewe reisiger-waarnemer.

In Alweer op reis (1886) doen Du Toit verslag van sy reis deur Engeland en die Europese vasteland as lid van die Transvaalse deputasie. Hoewel die veronder-

stelling is dat die "klassieke" geskrif 'n verslag moet wees, maak die verteller persoonlike afleidings van sy waarnemings in Londen wat nogal sterk ooreenkomste met die eietydse, absurde, politieke aktualiteite toon: "Vereers siet ons hieruit, dat di mensevrinde van Londen wat sodanig werk ver di arme Kaffertjies in Suid Afrika, beter sal doen as hulle eers voor hulle eie deur veeg. Ek sou ten minste liwers 'n Kaffer in Transvaal wil wees as een van di ongelukkige 'Straat-Arabië' in di skuilhoeke van Londen" (Du Toit, 1886:5).

Naas hierdie uitgesproke reisverhale kry 'n mens Di koningin fan Skeba (1898)— 'n historiese roman. Volgens die Inleiding is die werk die beloofde gevolg op sy reisbeskrywing van 1894 deur Matabeleland en Masjonaalaland, naamlik Sambesia. Die verteller hanteer in die historiese roman twee tydruimtelike vlakke, naamlik die raamvertelling wat die spannende en avontuurlike gebeure van die geselskap tydens hulle reis beskryf, en die verbeeldingsprong na die antieke geskiedenis waar die geskrifte van Elihoref wat in die berg Afur gevind is die verhaal van die koningin van Skeba openbaar. Die reisbeskrywing in die vorm van 'n raamvertelling veroorsaak wel 'n strukturele breuk; tog is die tegniek 'n vonds. Deur die gebruik van die reisbeskrywing, die sterk verhalende element, spanning, die nugtere stelwyse het hy die illusie van die waarheid so versterk dat sommige lesers wat die vervolghverhaal in Ons Klyntji gelees het en toe hulle ingelig is dat dit fiksie is, ver=

ontwaardig uitgeroep het: "Dat 'n predikant so kan lieg" (Nienaber, 1962, Woord vooraf).

4.2.2 G.R. von Wielligh

Jakob Platjie handel oor die smouservaringe van Jakob Platjie saam met Koos Fonk en Gert Buurman. Die werk werp 'n interessante lig op die volkslewe van die Hotnots, Korannas en Boesmans. Hoewel die werk trekke van die reisbeskrywing het, is die opvallende hierin Von Wielligh se vermoë om soms figure op 'n heel kostelike en humoristiese wyse te karakteriseer. Die uitgeslape Jakob Platjie word onder andere deur sy oubaas so beskryf: "Platjie, jy is vir die houtjie van die galg ver te slim: hang 'n mens jou op, dan byt jy die tou af; skiet 'n mens jou, dan vang jy die koeël; smyt 'n mens jou in 'n dam water, dan suip jy dit leeg . . ." (Von Wielligh, 1922:2).

Wat die Eerste Taalbeweging betref, kan S.J. du Toit geïsoleer word as die grootste bydraer en vernuer van die reisverhaal. As 'n skrywer wat taal en styl behendig kon hanteer en 'n vermoë om oortuigend te kan vertel, het hy doelbewus die genre aangepak. 'n Baken wat hy beslis verskuif het, was die "nuwe tradisie waar die Afrikaner buite sy landsgrense gaan reis om daarna verslag uit te bring oor dit wat hy waarneem en ervaar in die vreemde" (Grové, 1969:12). Louw (1963:18) vermeld onder andere van die "styl" van bogenoemde Beweging die volgende: "ons vind dat die Eerste Beweging in die prosastyl glad nie so 'n swak figuur slaan nie", en hy evalueer dié van

Die Koningin van Skeba as "meestal reguit, manlik, saaklik". Die strukturele kenmerke van Du Toit se eerste drie reisbeskrywings vind ook in 'n groot mate aansluiting by die eietydse verskyningsvorme van die reisliteratuur.

4.3 Die Tweede Afrikaanse Beweging (1900-1930)

4.3.1 Inleiding

Die Tweede Vryheidsoorlog het op 11 Oktober 1899 'n aanvang geneem toe Transvaal en die Oranje-Vrystaat oorlog teen Engeland verklaar het weens Brittanje se beleid van inmenging, en die sametrekking van Britse troepe op hulle grense. Vanuit Afrikanerkant was dit 'n vryheidstryd, maar die oorlog van die Britse kant is gevoer "met die doel om die staatkundige eenheid van Suid-Afrika onder die Britse vlag te verkry" (Kannemeyer, 1978:75). Uiteindelik het Kitchener se beleid van verskroeide aarde en die plasing van vroue en kinders in die soms haglike omstandighede van die konsentrasiekampe tot die Vrede van Vereeniging op 31 Mei 1902 gelei. Hierdie historiese gebeurtenis het 'n daadwerklike verandering in die ontwikkeling van die Afrikaanse letterkunde teweeggebring.

Afgesien van die feit dat daar op daardie stadium "die laaste stukkie onafhanklike Boerebestaan, na 'n eeu van onreg, vernietig [was] (Pienaar, 1943:217), die verengelsingsbeleid met toenemende verbeterheid deurgevoer is, en dit op die oog af gelyk het "of die uitroeiing van Diets in Suid-Afrika al binne die

eerste tiental jare onafwendbaar sal word" (Antonissen, 1960:34), het daar 'n landswye volksbeweging met 'n doelgerigte Afrikaanse strewe ontstaan. In teenstelling met die pre-literêre periode en die Eerste Afrikaanse Beweging het die aard van die literatuur van dié periode ingrypend verskil. Tydens die periode het Nederlands sy lewensvatbaarheid verloor, en het Afrikaans as gevolg van die voorafgaande taalstryd die praat- en skryfmedium geword. Anders as in die vorige twee periodes het die inisiatief merendeels van akademies onderlegde persone uitgegaan, en die beïnvloeding van uitheemse letterkundes soos Engels, Nederlands, Frans en Duits was onmiskenbaar teenwoordig, maar kan nie as bepalend beskou word nie.

Antonissen (1961:57) verwys tereg na die Tweede Afrikaanse Beweging as die tydperk van "die ontvoogding van die letterkunde". Terwyl die Afrikaanse poësie hom in sy kort ontwikkeling "van alle spore van kolonialisme bevry en veral in die jare Dertig al selfregering verkry het" (Brink, 1967:125), het die prosa bly steek in die lokaal-historiese. Skynbaar is die verskynsel nie 'n uitsondering nie, want in enige literatuur ontwikkel die prosa later as die poësie.

Die skrywers wat in 1906 die prosaproduksie van die periode literêr-histories ingelei het, was J.H.H. de Waal en G.S. Preller met hulle onderskeie werke, naamlik Johannes van Wyk en Piet Retief. Die aanvanklike prosa staan direk in diens van die Beweging en die doelstelling van die prosateurs was om die

die mense in Afrikaans geïnteresseerd te kry. Vormlik en tematies het die prosa van die periode 'n groot verskeidenheid verteenwoordig, byvoorbeeld avontuurverhale teen 'n historiese agtergrond (De Waal), spook- en spanningsverhale (Langenhoven), didaktiek met 'n sterk satiriese inslag (Langenhoven), dier- en jagverhale (Sangiro), die lokaal-realistiese prosa van Van Bruggen en Marais het met sy Dwaalstories (1927) die plek van die kortverhaal in die Afrikaanse letterkunde bestendig.

Al kon die prosaliteratuur van die periode nie dieselfde peil as die poësie handhaaf nie, al het dit 'n groot agterstand met sy Westerse eweknie gehad, besit dit vir die hedendaagse belangstellende literêr-historiese waarde en behoort dit tot die Afrikaanse kultuurbesit.

Gedurende die ontwikkeling van die eertydse, histories-romantiese verhale tot die realistiese uitbeelding van die arbeid, boerelewe en die latere dorp- en stadsbestaan, vind 'n mens 'n sterk sin vir die gebruik van nuwe temas. Ongeag die skrywers se gebruik van nuwe temas uit hulle omringende werklikheid, byvoorbeeld die armblanke, die nie-blanke, die Ampie-individualiteit en die stadsbestaan, ensovoorts was die "stilstand" (Louw, 1963:67) in die prosa veroorsaak deur "die stylsoort [wat] dieselfde gebly het, nl. dié van die rustige, lokale realisme" (Louw, 1963:74). Kannemeyer (1978:96) maak in 'n groot mate dieselfde bewaar as hy soos volg na die prosawerk van D.F. Malherbe verwys: ". . . 'n te versierde, liriese prosa

met baie onnodige vergelykings . . . en op dié wyse die vertelling ter wille van die uitbeelding opoffer".

4.3.2 C.L. Leipoldt

Reisliteratuur wat tot dusver in alle literêre periodes hier te lande gevind is, het in die Tweede Afrikaanse Beweging nie agterweë gebly nie. Dit is opvallend dat dit juis twee digters van die "eerste geslag" was wat die eerstelingreisboeke van die periode geskryf het. Leipoldt se Uit my Oosterse dagboek (1932), waarin hy die twee hoofstukke wat handel oor die Kleurlingkwessie en die ander oor die sending in die Ooste weggelaat het, totdat — volgens hom — "ons minder kleinserig is" (Leipoldt, 1932: Voorwoord), en Totius se Bybellande deurreis (1937) was, wat die reisliteratuur betref, waardige opvolgers van S.J. du Toit.

Uit my Oosterse dagboek word eintlik verkeerdelik 'n dagboek genoem, want die prosawerk is geensins 'n dag-tot-dag-aantekening van die waarnemer-skrywer se waarneming en belewenisse van 'n vreemde land nie. Dit is 'n reisbeskrywing met 'n chronometriesse verloop, soos die reis van land tot land gevorder het. Hy beskryf sy reis na die Ooste wat hy as skeepsdokter op die stoomboot Ulysses, vanaf Kaapstad deur die Middellandse See, deur "daardie groot Kanaal wat die genie van De Lesseps geskep het" (Leipoldt, 1932:16) — en as eindbestemming die Indoniese eilande, meege maak het. Die skrywer se opvatting dat "dit altyd goed is om iets van die geskiedenis van die land te

weet wat hy besoek" (Leipoldt, 1932:26), lei tot lang beskrywings van die historiese, ekonomiese en geografiese situasies van die betrokke plek dat die werk soms sy aanskyn as reisbeskrywing verloor. Die bekoring wat die Ooste vir Leipoldt as geheimsinnige oord en as bakermat inhou, is duidelik uit die volgende aanhaling waar te neem: "Die Weste het byna alles wat hy bemin, wat hy hooghou, wat vir hom iets werd is daarvandaan geërf" (Leipoldt, 1932:17). Alhoewel die inhoudelike van die boek oor die uitlandse gaan, bly die skrywer met sy sierryke taal en opvallende voorliefde vir kleuradjektiewe getrou aan die Afrikaanse prosastyl van sy tyd. Die reis en die beskrywing daarvan het ook sy beslag in die poësie van Leipoldt gehad. Die verse in die tweede afdeling van Uit drie wêrelddele, wat as 'n samehangende geheel aangebied word, het tydens sy Oosterse reis ontstaan.

4.3.3 Totius

Totius se Bybellande deurreis - Palestina en Sirië (1945) word deur twee "Voorredes" ingelei: eerstens die van ds. S.J. du Toit met die datum "Maart 1882" daarby, en een van dr. J.D. du Toit wat in "Desember 1944" geskryf is. Dat dr. J.D. du Toit die reisbeskrywing van sy vader Bijbellanden doorreis (1883) as 'n riglyn, aanvulling en verwysingsbron gebruik het, kan in sy verwysing na die historiese plekke tussen Tel-Aviv en die gebergte van Judea gesien word: "Ek verwys dienaangaande na die taamlik uitvoerige reisverhaal van my vader" (Du Toit, 1945:146).

Na 'n tydsverloop van twee-en-sestig jaar tussen die voltooiing van die onderskeie reisbeskrywings, vereeer Totius sy vader met 'n heruitgawe in Afrikaans van Bijbellanden doorreis en die publikasie van sy eie werk onder die eenheidstitel, Bybellande deurreis. Totius se motief agter die heruitgawe was nie net om sy eie reisverhaal in noue aansluiting met dié van sy vader uit te gee nie, maar hy "beskou die heruitgawe van [sy] hooggeskatte vader se Bijbellanden doorreis as 'n piëteitswerk, ook om [daarmee] sy nagedagtenis te eer. Hy was 'n baanbreker onder ons, ook as reisiger" (Du Toit, 1945:6).

Totius se bellettristiese bydrae het hoofsaaklik uit poësie bestaan en kunsprosa het hy nie geskryf nie. Die prosa wat hy wel geskryf het, lewer wel getuienis dat hy vermoëns as prosaskrywer gehad het. P.D. van der Walt se mening dat "die reis en die reisiger", "die pelgrim en die pelgrimstog" (Van der Walt, 1977: 144) 'n sentrale motief in die oeuvre van Totius verteenwoordig, word in Totius se "Op reis"-afdeling in Skemering en sy reisverhaal, Bybellande deurreis, gekonkretiseer.

Bybellande deurreis word in veertien hoofstukke aangebied. Elke hoofstuk verteenwoordig 'n nuwe besoekpunt op sy reis, wat nie net die progressie in die tyd aandui nie, maar ook iets van 'n verhalende element inhou. Die onderskeie hoofstukke het ook 'n sterk essayistiese karakter, en "Betlehem" kan in die verband uitgesonder word.

Totius het as Bybel-gelowige en 'n mens met sy visie op die ewigheid die sienlike dinge op sy reis deurdink en bepeins. So besin hy aan die einde van sy besoek aan Golgota oor die ewige verwagting van die Calvinis: "En tog sal die besoek aan hierdie gewyde plek, wat die bloed van ons Verlosser gedrink het, aan ons hart heilig bly so lank as ons lewe; ja, totdat ons in die strate van die Nuwe Jerusalem sal wandel. Dit is die verwagting waarmee ons die teenswoordige Jerusalem verlaat het" (Du Toit, 1945:36).

Die reisverhaal beteken teoreties nie 'n volledige verslag, 'n joernaal, 'n fotografiese weergawe van die waargenome werklikheid nie. Totius het met behulp van sy vader se reisbeskrywing en die bestudering van die werke van Adam Smith, G. Dalman, dr. A. Kuyper, prof. G. Obbink, dr. J. Simons, Gallie en Baarslag sy kennis omtrent die historiese, antropologiese en geografiese agtergrond van die Bybellande verbreed. Botha (1977:12) meen verder dat sy verwysings na die bepaalde skrywers ten doel het "om 'n sekere instelling teenoor wat hy sien, te bevestig". Hierin is die essensie van die reisverhaal opgesluit, want Totius neem met x-straal oë die verskynsels om hom waar om dusdoende die misterie van die dinge te probeer peil. En hiermee verhef hy die werk bo die tradisionele reisverslag, want "die ware reisiger sien kontoere, patrone, betekenis onder die oppervlak van die alledaagse waarneembare. En in sy rekskap van die reis, vir homself en sy leser, verwoord hy daardie sin en samehang, ook deur die verlede die hede te laat releveer" (Van der Walt, 1977:

148). In die verband verwys Botha (1977:12) na Totius se besoek aan Jerusalem wat vir hom "besondere aantrekkingskrag besit en 'n onuitspreeklike weedom in [sy] hart wakker gemaak het" (Du Toit, 1945:188). Hierdie ervaring kan as inlewing beskou word, en in die terugroep van Bybelse gebeure verwys hy na "die= selfde heimweegevoel" in sy vader se reisbeskrywing: "Die volgende mōre het ons van die heilige stad af= skeid geneem en deur die Damaskuspoort vertrek. Maar dit was vir my asof ek van Jerusalem eintlik geen af= skeid kon neem nie. Terwyl ons langsaam voortry, was my stemming meer 'n 'tot weersiens!' as 'n 'vaar= wel!'" (Du Toit, S.J. 1882:92).

Totius vertel ook in sy "Voorrede" van die "romantiese karakter" van sy vader se reis, naamlik dat hy dit "te perd kon deurreis, gevolg deur manne met eseltjies en tente" (Du Toit:III); sy reis egter wat per motor moes geskied, het nie die geleentheid gebied dat "bevindinge kan besink" nie, want "in die Heilige Land is besinning so nodig, sodat wat ons sien en ervaar, met ons innig-één kan word" (Du Toit:III).

Die perspektief in die Totius-teks is die van 'n Skrif-gelowige, en die noodsaak van inlewing en besinning in die waargenome dinge van die Heilige Land verklaar dan sy unieke instelling teenoor die stof. 'n Mens kry die indruk dat die gekonsentreerde aandag deur die uiterlike moet dring om die geheimenis van die vleesgeworde Woord te ervaar.

Bybellande deurreis is een van die Afrikaanse reis=

verhale waaroor daar baie geteoretiseer is. Ener= syds staan dit in verband met die Totius-huldigings= jaar, waartydens vele geskifte oor die volksdigter gepubliseer is; andersyds het dit met die probleem te maak: is reisherinneringe letterkunde? Die pro= bleem word wel in 'n latere hoofstuk onder die loep geneem, maar opmerkings deur literatore in die ver= band verdien op hierdie stadium aandag.

Wanneer G. Dekker (1972:71) in sy Afrikaanse litera= tuurgeskiedenis Totius as digter behandel en 'n lys van sy werke gee, vermeld hy van die reisverhaal die volgende: "Van letterkundige waarde is ook Bybel= lande deurreis (1945) . . .". Later in sy litera= tuurgeskiedenis onder die afdeling, "Die verhaalkuns", praat hy van die werk soos volg: "Sy reisverhaal, waaraan rustige, grondige studie voorafgegaan het, tref ons deur die sintetiese, soms visionêre siening, deur die beeldende prosa en die geestige tekening" (Dekker, 1972:296).

Oor die nie-digterlike werk van Totius maak T.T. Cloete (1963:2) die volgende opmerking wat vir die bespreking ter sake is: "Totius het wel 'n biografie geskryf oor sy vader: Ds. S.J. du Toit in weg en werk (1917) en 'n reisverslag: Bybellande deurreis (1945), maar nie een van dié twee boeke van Totius hoort eintlik tot die literatuur nie".

In 'n opstel oor "Totius se reiswoordkuns" konkludeer P.D. van der Walt (1977:155) oor die onder woorde bring van Totius se reis deur die Heilige Land in

prosa die volgende: "So het hy ook 'n karakteristieke bydrae, dus van 'n eiesoortige aard, vormgewing en styl, gelewer tot hierdie woordkunsgenre en meegewerk om die grondslag te lê vir die latere verrassende opbloeï daarvan in die moderne Afrikaanse belletterie".

Elize Botha (1977:10) maak in haar opstel "Die 'letterkundige waarde' van Bybellande deurreis" gebruik van T.T. Cloete se bydrae in die verband, naamlik "Oor die onderskeidende kenmerke van die literatuur" om by haar eindoordeel oor die boek, naamlik literatuur of nie, uit te kom. Volgens Cloete (1974:10) is "interpretasie [en evaluering] van die taalkunswerk onvermydelik", en verder onderskei hy die "pluselement en indirekte kommunikasie" as kenmerke van die literatuur. In die verband verwys Botha (1977:20) na die slotsin van hoofstuk 9 in Bybellande deurreis: "Die reis deur die heilige land het my geleer om die Bybel te lees en te verstaan soos nog nooit tevore nie" (Du Toit, J.D. 1945:227); hiervolgens kom sy tot die slotsom: "Dit is die proses waarvolgens hierdie lering plaasgevind het wat 'n interpreteerbare inhoud van hierdie reisverhaal vorm" (Botha, 1977:20). Totius betreur dit in sy reisverhaal dat hy Getsémané nie in die nag kon besoek nie, want sodoende sou hy die "stemmingslied" van die verlede opnuut in die hede beleef. Oor die besondere instelling sê Botha die volgende: "Aan hierdie instelling bly die verteller deur heel sy vertelling heen getrou; dit is die prinsipe wat die vertelling omvorm tot 'n

isoleerbare en 'gebonde' geheel" (Botha, 1977:20).

Die vier onderskeie waardeoordele deur literêre kritici of Bybellande deurreis as literatuur bestempel kan word, toon nogal 'n graduele verskil. As G. Dekker die reisbeskrywing kwalifiseer met "ook van letterkundige waarde", kry 'n mens die indruk dat hy die werk hoogstens as 'n "literêre neweproduk" (Cloete, 1974:13) beskou. Uit T.T. Cloete se uitspraak lei 'n mens af dat hy die reisbeskrywing as 'n literêre produk afwys. P.D. van der Walt bevestig in sy uitspraak met die twee woorde, "woordkunsgenre" en "bellettrie", dat die werk wel as literatuur beskou kan word. Eliza Botha maak in haar besinnende opstel oor die "literêre waarde" van die werk die volgende evaluatiewe opmerkings: dit het "'n interpreteerbare inhoud" en dat dit "'n isoleerbare en 'gebonde' geheel" vorm.

Kan reisherinneringe as literatuur beskou word? Die afleiding wat 'n mens van die uitsprake oor Bybellande deurreis maak, is dat die gesprek oor die probleem nog nie voltooi is nie. Dit skyn ook asof die teorie waaruit die kritici hulle waardeoordele gemaak het, nie dieselfde is nie.

4.3.4 A.J. Jacobs en Bana Maie

Reisverslae, wat tydens die Tweede Beweging geskryf en van mindere belang is, maar tog weens hul historiesiteit genoem moet word, is A.J. Jacobs se Reisavonture op land en see (1920), Bana Maie se Voortrekker

lewe in donker Afrika (1924) en J. Albert Coetzee se Dorsland-Trekkers (1920). Jacobs, wat onder die skuilnaam Dōmine geskryf het, se reisboek toon in bou en opset 'n groot ooreenkoms met die van Bana Maie. Jacobs beskryf sy reis na die Boere-kolonie in Argentinie en Maie sy tog na Oos-Afrika. Albei die skrywers verval te maklik in detail; om die rede praat Schoonees van Jacobs se werk as "duimstokbeskrywings wat geen onvergeetlike indruk op die geheue maak nie" (Schoonees, 1927:270).

4.3.5 C.J. Langenhoven

In die Afrikaanse literêre geskiedskrywing word C.J. Langenhoven se Sonde met die bure (1921), wat in 1925 deur Herrie op die ou tremspoor opgevolg word, as "satiries-humoristiese" prosa gekarakteriseer. Dat die twee werke prinsipieel tot die reisprosa behoort, is waar. Die reiselement kan in die twee werke as die "klein reis" beskryf word, want die "ou tremspoor" is die roete wat in die eerste boek gevolg is, naamlik vanaf Oudtshoorn deur Stolsvlakte en De Rust tot by Meiringspoort in die Swartberge. Albei boeke se vertrek- en eindpunt is Oudtshoorn en die stadige gang van die reis het die geleentheid vir allerlei koddige humoristiese insidente gebied, naamlik "... jy kan nie met 'n twee-verdieping-trem op die Karro paaie op 'n draf ry nie. Ek onthou nie reg nie en ek wil nie graag iets sê wat onjuis is nie, maar ons gang was 'n twee myl in die uur of 'n twee uur in die myl" (Langenhoven, 1921:35). Die gebeure rondom die reis word in so 'n mate beklemtoon dat 'n mens 'n

"noukeurige en onverbloemde verslaggie" (Antonissen, 1960:141) vind, waar sosiale en politieke hekeling, didaktiek, spot en satire die essensie van die twee werke uitmaak.

4.3.6 Tannie

Tannie, die skuilnaam van mev. I. van Heerden, publiseer twee reisboeke: Daar ver oor die see (1929) en Andermaal ver oor die see (1933). Hoewel die interessante reiswaarnemings in 'n onderhoudende verteltrant aan die leser gebied word, sluit die reisbeskrywings by die patroon van die reisprosa in die periode aan.

4.3.7 Sangiro

Die tradisie waar reisigers hul jag- en avontuurverhale vertel, soos dit in die Hollandse reisjoernale van die sewentiende en agtiende eeu en die Voortrekker geskrifte van die vorige eeu gevind is, word in die eietydse verskynsel daarvan deur jagter-avonturiers soos Sangiro, die Hobsons en later by P.J. Schoeman voortgesit. As verteenwoordigend van die Tweede Afrikaanse Beweging en vir die doel van hierdie studie, is Sangiro se Rolprentavonture, wat in 1948 afsonderlik uitgegee is, en Op Safari (1925) van belang. In albei boeke lewer Sangiro verslag van die twee afsonderlike reise na Oos-Afrika, en vanuit die perspektief van die jagter gee die skrywer in "verrassende; flonkerende en frisse woordvirtuositeit" (Van der Walt, 1969:53) 'n relaas van die

ontberinge en jagavonture tydens die reis.

Die visie en nuwe insig wat Totius se reis deur die Bybellande vir hom meegebring het, maak sy reisverhaal meer dan bloot 'n beskrywing van die waargenome dinge. Hierteenoor stel die "drie musketiers" aan die begin van Op Safari vir hulle 'n duidelike doelwit: alvorens die "vernielende beskawing" die Midde-Afrikaanse wildlewe versteur, wil hulle "die natuur sien soos die eerste reisigers van Afrika hom gesien het, en die avonture belewe wat ons eerste voorouers hier deurgemaak het" (Sangiro, 1924:8). Na hulle die reis met sy baie avonture voltooi het, "is hulle nie aanskoulik anders as aan die begin van die reis nie" (Aucamp, 1978:97). Alhoewel daar nie aan die einde van die reis by die reisiger 'n nuwe insig waarneembaar is nie, "tref Op Safari ná baie jare as 'n 'klassieke' reisboek" (Aucamp, 1978:97).

4.3.8 Theo Wassenaar

Theo Wassenaar, die medikus, se belangstelling in die Helleense wêreld, en wat terselfdertyd ook die motief vir sy vertalings van Sophokles se Koning Oidipus (1938), Antigone (1975) en Elektra (1977) was, word in die volgende passasie in Uit my Griekse dagboek (1923) waargeneem: "Vandat ek die eerste Griekse werk onder my oë gekry het en my eerste bietjie kennis van Griekse letterkunde begin versamel het, was dit my verlange om eendag nog daardie geheiligde grond te betree waar die Griekse drama die eerste keer opgevoer is" (Wassenaar, 1927:27). Vormlik is

daar tussen Uit my Griekse dagboek en die reisliteratuur van die sewentiende en agtiende eeu hier te lande 'n groot ooreenkomst. Om die rede kan die werk as 'n dagboek-reisjoernaal tipeer word. As reisiger het die outeur 'n oop oog vir die werklikheid met sy koddige teenstellinge, en die soms komiese openbaringe van die menslike is opvallend. Uit my Griekse dagboek het histories 'n plek in die Afrikaanse reisprosa en 'n mens kan volstaan met die samevattende oordeel van G. Dekker: "Bewus literêr is Wassenaar nooit, sy geestigheid is nie gesog nie — dit ontspring telkens aan die komiese wat hy opmerk en aan die situasies waarin hulle beland. Tussendeur vertel hy met liefde en pretensielose eenvoud, soos een leek aan 'n ander, van die historiese en kulturele betekenis van die plekke wat hy besoek" (Dekker, 1942:192).

4.3.9 T.J. Haarhoff

Oor T.J. Haarhoff se besoek aan die Mediterreense lande lewer hy 'n verslag in Briewe aan Reinhard (1936) waarin hy as digter en klassikus daarna strew om die leser se oë vir die skoonheid van die klassieke te open. Hoewel Dekker (1942:191) meen dat die skrywer nie "oopstaan vir die gewoon-menslike, die interessante teenstellinge van die alledaagse moderne lewe daar nie", vind 'n mens tog plek-plek komies-menslike situasies wat hy aan die klassieke verlede gemeet het. 'n Voorbeeld hiervan is die outannie wat die skrywer se alleenwees in die kompartement tydens sy treinreis versteur: "Hier by Haarlem

klim 'n ou Tannie by my in, vergesel van haar man. Sy steun en blaas soos 'n seekoei; vra angstig aan haar eggenoot of hy nie die paraplu vergeet het nie; hy snork dat dit reeds bo-op die rak is; sy val plomp voor my op die bank neer; die kompartement sidder simpatiek. So was dit (onthou jy?) dat die vlakte van Litium eenmaal gebewe het onder die getrappel van perdehoewe" (Haarhoff, 1942:4). Haarhoff wil hom ook in die reisbeskrywing as "skoonheidminnende geleerde klassikus" (Dekker, 1942:191) deur direkte waarneming dieper inlewe in die ou kultuur waarmee hy tot op daardie stadium net in boekestudie kennis gemaak het.

In Briewe aan Reinhard, wat die uiterlike betref, het 'n mens met die briefvorm te maak, maar stilisties ontbreek die intimiteit, natuurlikheid en menslikheid wat by die soort geskrif aangetref word. Dit is eerder 'n reisverslag wat telkens deur anekdotes, causerieë, beskouinge oor die klassieke, die kuns en godsdiens onderbreek word. Hoewel Haarhoff in Briewe aan Reinhard die taal vaardig hanteer en in kleinere situasies soms taalmatig spontaan uiting gee, styg hierdie werk nie uit tot literatuur nie. Maar in die bestek van die reisprosa van die Tweede Beweging verdien die werk 'n waardige plek.

Samevattend kan 'n mens van die reisgeskrifte van die periode opmerk dat dit as prosaverskynsel 'n waardige plek in die selfstandigwordingsproses van Afrikaans ingeneem het. Hoewel getrou aan die prosastyl van die Tweede Beweging en die teenwoordigheid van

Nederlandismes, lomp woordgebruik en sinsbou, toon Sangiro se beeldingsvermoë in sy werk en Totius se "inlewing" en "verdieping" in Bybellande deurreis 'n ontwikkeling in die aanbod van die reisverhaal in Afrikaans.

4.4 Reisprosa — die skraal oes van die periode 1930-1955

4.4.1 Oriëntering

Die generasieterm Dertigers wat deur D.J. Opperman in sy proefskrif, Digters van Dertig, gemunt is, het tot die dekadepreperiodisering in die Afrikaanse literêre geskiedskrywing gelei. Die term Dertigers "wat 'n volkome begryplike en geldige onderskeidings=term was — want in die dertigerjare begin die Afrikaanse letterkunde ongetwyfeld 'in 'n nuwe sleutel droom' — word egter 'n verleier" (Van Rensburg, 1975: 183). Gevolglik word daar aan die dekadenaam Dertigers oor die algemeen 'n konnotasie geheg wat dit nie werklik is nie. En getrou aan die tradisie ontstaan daar na die afloop van die dertigerjare die term Veertigers, wat dan weer die algemene trekke van die periode rondom die oeuvre van D.J. Opperman groepeer.

Dat die digters en prosateurs van die vorige tydperk na 1930 nog werk van belang gelewer het, selfs aanvanklik die literêre situasie in 'n sterk mate oorheers het, toon die onwerklikheid van die gebruik van dekadebenamings, soos dit hier te lande algemeen

gebruik word. 'n Nuwe geslag kunstenaars met "'n wisselende samehorigheidsgevoel" en "'n bewuste strewe" (Opperman, 1962:14) het aan die begin van die periode naas die voriges opgetree, 'n tyd wat aan belangrike volksgebeurtenisse en ontwikkelinge op velerlei terreine geken was. Daar is ook 'n sterk verband tussen die snelle ontwikkeling van die Afrikaanse poësie in die dertigerjare, wat vanuit die ou patriotiese letterkunde van die Tweede Beweging ontwikkel het, en die emansipasie van die Afrikanervolk.

Die verbondenheid van kunstenaar en volk, soos dit in die vorige sin geïmpliseer word, is duidelik uit die slotopmerking van Opperman oor die Dertigers waar te neem: "'n Mens sou van die Dertigers kon praat as die geslag van Hertzog" (Opperman, 1962:29). Om die verband tussen die eksterne faktore en die literêre situasie van die periode te kan peil, is 'n mens genoodsaak om 'n saaklike beeld van die politieke, maatskaplike en ekonomiese toestande hier te lande te gee.

J.B.M. Hertzog se bewindsaanvaarding in 1924 en die erkenning van Afrikaans saam met Engels in 1925 as amptelike taal, was die stimulus vir die aanvang van die Derde Beweging. Hertzog se beleid van "Suid-Afrika eerste" was nie net verantwoordelik vir die "ekonomiese verselfstandiging van Suid-Afrika en die sosiale opheffing van die verarmde blankes deur die oprigting van staatsindustrieë" (Antonissen, 1960:189) nie, maar het tot 'n verdere stap in die politieke ontvoogding van Suid-Afrika gelei, naamlik die

Statuut van Westminster wat in 1931 bekragtig is.

Die Hertzog-Smuts-samesmelting, wat deur D.F. Malan en sy Herenigde Nasionale Party teengestaan is, het groot ekonomiese voorspoed vir Suid-Afrika beteken. Gedurende die tyd is daar ook mylpale bereik, onder andere die begin van die Suid-Afrikaanse Lugdiens in 1934 en die oprigting van die Suid-Afrikaanse Uitsaaikorporasie in 1936, wat tot groter selfstandigheid van die Afrikanersaak gelei het.

Na die oorlogsverklaring van Brittanje in 1939 teen Duitsland kon Hertzog nie daarin slaag om Suid-Afrika neutraal te hou nie, en hy ly 'n nederlaag in die Volksraad wat tot die bewindaanvaarding van J.C. Smuts gelei het. Onder leiding van Smuts tree Suid-Afrika op 6 September 1939 tot die Tweede Wêreldoorlog toe. Ten spyte van al die nadele wat die oorlog veroorsaak het, bring dit groot materiële voordele vir die land mee. Die naoorlogse verkiesingsoorwinning van D.F. Malan se gesuiwerde Nasionale Party in 1948 het 'n lang gekoesterde ideaal van die Afrikaner verwesenlik.

Die hoofgebeure van die periode kan dan soos volg opgesom word: Die Afrikaner het gevorder, tot op een stap na, tot politieke mondigwording; die armblankeprobleem word in die dertigerjare in so 'n mate verlig dat dit met die ekonomiese voorspoed wat die Tweede Wêreldoorlog meegebring het, verdwyn; 'n snelle verstedelikingsproses vind plaas wat 'n diskrepans tussen stedeling en boer laat ontstaan het;

'n doelgerigte vooruitgang op kultuurgebied, byvoorbeeld die stigting van die F.A.K. en die A.T.K.V.; die vestiging van algemene en literêre tydskrifte, onder andere Die huisgenoot en later Standpunte wat teenswoordig nog 'n prominente funksie vervul, en laastens is Opperman (1957:7) se ryklik suggestiewe verse uit "Staking by die suikerplantasie", naamlik

"en oral uit die kriek en kwaak van bosse drom
die stoters van die koekepanne,
die dorp se bruin en pikswart manne
saam by die vergadering om die trom",

'n mooi voorbeeld van die Blankes se grootste probleem veral na 1948 — die kleurvraagstuk. Die Nasionale Party se beleid van afsonderlike ontwikkeling en die toenemende verset van die gekleurde volkere teen die program, het op die hele terrein van die Suid-Afrikaanse letterkunde periodiek sy neerslag gevind.

N.P. van Wyk Louw se prognose van die periode tydens 'n toespraak in 1936, "Die rigting van die Afrikaanse letterkunde", beklemtoon die volgende feite: ". . . drie dinge het die wêreldbeeld vir ons verbreek en sal ons nuwe letterkunde vorm: (1) die stroom na die stad toe, (2) die verdwyning van die ouer, lekker lewe selfs op die platteland en die plaas, en (3) die skerper bewussyn van 'n klasseverdeling onder die volk" (Louw, 1939:12). In die lig van die reeds genoemde historiese hoogtepunte van die periode, toon die uitspraak van Louw nie net met die feite ooreen-

stemming nie, maar dui dit die koers vanuit die des=tydse literêre situasie vir die tydperk 1930-1955 aan.

Toe Louw (1939:68) in die Omsendbrief van die Vereni=ging van die Vrye Boek gekla het: "Die winde van die gees waai wel in ons land maar nie in ons letterkunde nie", was dit spesifiek teen die prosa gerig. Die essensiële groei van die periode het in die poësie plaasgevind, want dit verteenwoordig "'n veel direk=ter en sterker vergestaltung van die geestelike krag=te wat werkzaam was" (Dekker, 1964:178). Dit bete=ken nie dat daar op prosagebied geen verdienstelike werk gelewer is nie; daar het tog 'n verbreding in die gebruik van temas gekom; 'n groter objektiwiteit in die mensbeelding; die Nuwe Saaklikheid en die verruiming van die probleem drama. Hoewel daar in dié prosaperiode geen skielike vernuwing of revolu=sie was nie, en die tradisie van die vorige periode in 'n groot mate voortgesit is, vind 'n mens in sommige werke van die volgende skrywers vernuwingsaspek=te wat bewys lewer dat dié prosaproduksie nie latent was nie.

J. van Melle bring in sy prosawerk, veral in Bart Nel 'n verbreding en verdieping in die genre. In teen=stelling met die gebruiklik opsetlike mooiskrywery, vind 'n mens by hom 'n saaklike, naakte en onopge=smukke skryfstyl. Hierdie "skraal" styl pas ook uitstekend by die wye en eensame ruimte en karakters wat hy skep. Die waarde van sy werk vind 'n mens in die karakterisering. Waar C.M. van den Heever

te veel die spreekbuis van sy karakters as skrywer was, handhaaf Van Melle 'n baie groter objektiwiteit. As auktoriële verteller staan hy buite die wêreld van die werk; onpersoonlik, met behulp van vertelling, dialoog en handeling, betrek hy die leser in die volgehoue afstropingsproses van Bart Nel. Met die funksionele gebruik van ironie en die neiging na 'n meer tragiese realisme, ontgin die skrywer 'n nuwe dimensie van karakterisering. Die roman van Van Melle verteenwoordig 'n hoogtepunt in die sogenaamde tradisionele Afrikaanse prosa.

Volgens Elize Botha (1975:1) is die grondliggende motief in die verhalende prosa van M.E.R. die volgende: "'n verkenning van die mens in sy verhouding tot sy ewemens, en in sy verhouding met die hele skepping waarvan hy deel is". Die uitspraak is kensketsend van M.E.R. se fyn aanvoeling om die mens te beeld. Met haar presies versorgde skryfwyse verteenwoordig haar werk 'n verdere baken in die prosakuns van 1930-1955.

Abr. H. Jonker en Holmer Johanssen sluit hulle by sommige van hulle verhale aan by die rigting van die Nuwe Saaklikheid, wat in die jare rondom 1920 in verskillende Europese lande ontstaan het. Hierdie stroming het "as 'n reaksie teen die psigologisme, die eindeloos-lange sielkundige ontledinge, en die enge individualisme van voor en selfs tydens die Wêreldoorlog" (Jonker, 1940:27) gekom. Johanssen se debuutroman, Gety (1938) en sy latere Die onderfdes (1944), waarin die maatskaplike bewussyn sterk

beklemtoon word, is goeie voorbeelde van die stroming van die Nuwe Saaklikheid.

In die vroeë vyftigerjare verskyn F.A. Venter se Swart pelgrim (1952) wat 'n sterk kontras met die geïdealiseerde kuns van Franz vorm. Kolisile, wat ontwortel is van sy landelike verblyfplek en 'n heenkome in die stad moes soek, word in sy geestelike verwarring die prooi van gewetelose aanhitters. In die stadsituasie waar Kolisile, volgens hulle, ook sy deel van geluk moet opeis, word 'n nuwe terrein van die rasseproblematiek in die Afrikaanse prosakuns betree. S.V. Petersen se roman, As die son ondergaan (1945), waar die Bruinmenslewe in die stad deur 'n volksgenoot gebeeld word, sluit by die vorige tendens in die prosa aan.

Willem van der Berg se Reisigers na nêrens (1946) en Tema en variasies (1947) en W.A. de Klerk met sy Die wolkemaker (1949) en Die uur van verlange (1953) beweeg tematies en stilisties weg van die tradisionele prosa. Brink (1966:104) noem die twee skrywers, wat verteenwoordigers van die Ouer Prosa is, die twee "filosofiese figure". Die karakterisering in Van der Berg se eerste roman, waar die karakters in die stad as reisigers na nêrens ronddwaal, bied 'n voorafskaduwing van die uitsiglose bestaan van sommige romanfigure in die Sestigerprosa (byvoorbeeld Nicolette in Die ambassadeur). In De Klerk se Die uur van verlange besin hy oor die ou orde wat voor die nuwe moet wyk, maar sy simpatieke houding teenoor die vernuwing is nie altyd oortuigend nie. Hoewel daar

nog kenmerkende relikte van die tradisionele prosa=styl in De Klerk se prosakuns te vind is, spreek P.D. van der Walt groot waardering daarvoor uit: "De Klerk het 'n besonder vaardige styl, beskik oor 'n verbluffende taalskat wat hy uit alle bronne: die volkstaal, veral die gewestelike idioom, die natuur=wetenskap, tegniek, die geesteswetenskap, verryk en diensbaar maak aan sy prosa" (Van der Walt, 1963:50).

Om tot 'n samevatting van die mees opvallende kenmer=ke van die prosaperiode (1930-1955) te kom, kan die volgende aspekte genoem word: die landelike roman=tiek (Van den Heever); kleinrealisme en streeklite=ratuur (Boerneef); die probleemmens (Willem van der Berg); die nood van die nie-blanke (F.A. Venter en S.V. Petersen); verslae van jagavonture (P.J. Schoe=man); verdieping van die realisme (Van Melle); humorrealisme (Mikro) en die Nuwe Saaklikheid (Jonker en Johanssen).

'n Paar algemene opmerkings oor die reisprosa van die periode kan as vertrekpunt dien, alvorens die onder=skeie skrywers en hulle werk in oënskou geneem word.

Gedagtig aan die hibridiese karakter van die epiek sal reisprosa vanselfsprekend 'n bestanddeel van die prosaproduksie van die periode uitmaak. Dit is ook opvallend dat gedurende die tydperk juis so 'n sterk groep digters die veld van die reisprosa betree het. 'n Verdere verskynsel is dat die skrywers (1930-1955) eers reisprosa begin skryf het lank nadat hulle land=wyd erkenning vir hulle onderskeie skryfwerk verwerf

het. Alhoewel daar in die tyd, veral in vergelyking met die poësie, 'n skraal oes aan reisprosa was, bespeur 'n mens 'n verruiming in die kwaliteit daarvan. Die rede daarvoor is dat die skrywers akademies goed onderlê was, oor aangebore vermoëns beskik het, en dat W.E.G. Louw en Ernst van Heerden nog steeds as dosente in Afrikaans binne die literêre situasie werkzaam is. Die selfstandigwording van Afrikaans in die laat twintigerjare, vind ook neerslag in korrekte en presieuse taalgebruik, spontane vertelwyse en die aanwending van 'n meer artistieke styl. In die oorsig wat hierop volg, kan 'n mens 'n geheelbeeld van die reisprosa van die periode kry.

4.4.2 I.D. du Plessis

Du Plessis is by uitstek 'n digter en Opperman (1953: 87) karakteriseer sy poësie as "sowel om historiese as estetiese redes 'n oorgangskuns". Du Plessis is 'n produktiewe en veelsydige skrywer, want naas sy groot verskeidenheid prosawerke kan hy nog twintig digbundels tot sy boekelys toevoeg. Sy intense belangstelling in die Ooste, en in besonder die volkskultuur van die Maleiers, is in sy proefskrif, Die bydrae van die Kaapse Maleier tot die Afrikaanse volkslied, in talle gedigte en sy studies oor die onderwerp waarneembaar.

Du Plessis se enkele reisbeskrywing, Kom reis saam met my (1948), is ook 'n getuienis van sy belangstelling in die Ooste. Dit was 'n reeks radiopraatjies wat hy later in boekvorm uitgegee het. Du Plessis

beskryf, met behulp van plate om die waargenome werk=likheid meer te veraanskoulik, sy reis na die Ooste, Europa en Brasilië. In die laaste twee afdelings wou hy te veel informasie in die beperkte spasie aanbied; gevolglik neem dit in 'n groot mate die vorm van 'n reisverslag aan.

In 'n feitelik-gelade beskrywing neem hy sy leser op "'n boekreis" na die Verre Ooste — na Java en die eiland Bali, en vertel op leersame wyse van die land, die mense en hul gewoontes en godsdienste. Sy beskrywing van die tempeldanse in Java wat "ter ere van Shiwa, Wishnoe of Brahma uitgevoer word" (Du Plessis, 1948:15); die danseresse wat deur "die goeroe" uitgesoek en die vertolkers van Java se mees ontwikkelde kuns word, toon die skrywer se intense belangstelling in die Oosterse kultuurbesit. Soms bied die skrywer sy gegewens so gedetailleerd aan dat dit na suiwer didaktiek lyk: "As die rys nog aan stengel sit, word dit padi genoem; as dit uitgedop is, noem hulle dit bras, en die gekookte rys word nasi genoem" (Du Plessis, 1948:20).

In die geheel gesien is die werk 'n reisbeskrywing wat in die laaste twee afdelings neig na 'n eksakte reisverslag. Vir dié wat in die Oosterse leefwyse en kultuur belang stel, bied die werk interessante besonderhede.

4.4.3 Uys Krige

Uys Krige is 'n veelsydige skrywer, behalwe digter en dramaturg lewer hy ook op prosagebied, en veral op

die gebied van die reisprosa, 'n verfrissende bydrae. Opperman sluit sy hoofstuk oor Krige in Digters van Dertig met die woorde af: "As trekvoël van Dertig bring hy nuwe vlugte en vergesigte in ons poësie: laat hy seë en vastelande onder ons verbyskuif" (Opperman, 1962:301), en in 'n bespreking van Sol y sombra praat M.L. Jurgens (1957:18) van die skrywer as "die romantiese troebadoer". Die "Latyns-Mediterreense wêreld van Spanje en Frankryk wat hy vir die Afrikaanse letterkunde oopgeskryf het" (Kannemeyer, 1978:439), en daarmee 'n belangrike tematische bydrae gelewer het, is 'n bevestiging van Krige se romantiese instelling en sy liefde vir reis. Krige, wat hoofsaaklik 'n Dertigerdigter is, en hom ook op die prosagebied laat geld het, se reisprosa vorm dus 'n belangrike deel van sy prosaskryfwerk.

Krige het sy joernalistieke prosa, wat verteenwoordigend van 'n hele aantal jare was, versamel in drie bundels sketse, waarin hy in kleurige en liriese skryfstyl en in 'n eksotiese toon sy gevoelige waarneming van mense en landstreke aan die leser weergee. Sy bydrae tot die reisprosa in Afrikaans is nie net omvangryk nie, maar neem in die ontwikkelingsgeskiedenis van die prosasoort hier te lande 'n waardige plek in. Die reisprosa wat dan opeenvolgend van hom verskyn het, is Sol y sombra (1948), Ver in die wêreld (1951) en Sout van die aarde (1961). In die versamelbundel, Rooi (1965), is 'n viertal van Krige se sketse opgeneem, waarin hy met geesdrif die vreemde tot eie besit omskep het, maar wat nie tot reisprosa gereken kan word nie.

In die "Voorwoord" tot die bundel, Sol y sombra, verklaar Krige self die titel, hy tipeer die prosa soos dit daarin vervat is, en dui die omstandighede en tyd van ontstaan aan. Hy tipeer die prosa as sketse, wat tydens sy verblyf in Spanje (1933-1935) geskryf is. Die titel wat hy in die "Voorwoord" as "Son en skaduwee" vertaal, motiveer hy soos volg: "Alles skyn daar skerp en strak in swart en wit afgeteken te staan . . ." (Krige, 1948:1). In werklikheid is daar geen beter titel as dié teenstelling vir die bundel sketse oor Spanje nie, want 'n mens vind deurgaans in die werk dat die Spaanse lewensvreugde deur die sombere skaduwee van 'n burgeroorlog bedreig word, byvoorbeeld: "Dis 'n heerlike lentedag met die hemel bo 'n stralende blou, die wye plein onder wit van die son — maar daar is iets onheilspellends in die lug, dit druk al swaarder op 'n mens se gedagtes . . ." (Krige, 1948:134).

Krige bied die leser hier sketse, dit wil sê, "los prosastukke rondom 'n indruk of idee opgebou, maar sonder teenstellende karakters, dramatiese oploop of ontknoping, felle beligting van een lewensmoment" (Van Heerden, 1949:254). En dit is presies wat hierdie los stukke is. Dit is 'n vrye soort stemmingskuns wat die leser van een onderwerp tot 'n ander voer, soos dit aan sy ondersoekende gees blootgestel word. Meestal is sy waarneming op een karakter gefokus, om sodoende 'n bepaalde dimensie van menswees te belig. 'n Mooi voorbeeld hiervan is die bedelaar Pablo Posada se onbaatsugtige omgang met sy medemens in "Nuwe kennis — en 'n filantroop".

Omdat Krige gedurende sy Spaanse reis slegs drie stede in vyftien sketse dek, vind 'n mens hier statiese indrukke van sy waarneming; daarom kan die prosas as reissketse tipeer word.

Die skrywer se tegniek van vertelling is boeiend: sy belesenheid en belangstelling in die uitheemse bied lesenswaardige besonderhede, byvoorbeeld die gewens oor die skrywer Ibanez (p. 152) en die Spaanse siesta (p. 157). Hy slaag ook daarin om die leser 'n oortuigende beeld van "die verskoppeling van die maatskappy" (Van Heerden, 1949:255) te gee, byvoorbeeld die leeglêer-Hollander, Marnix van Lier, waar die armoedige uiterlike 'n gevoelige gees verteenwoordig.

Dat 'n digter hier aan die woord is, is duidelik uit sy liriese styl van sy prosa waar te neem. Die klankespel van die welluidende Spaanse name (p. 180), die beeldende taalgebruik, byvoorbeeld: "As ek my hand uitsteek, lê die nag soos 'n warm lui akkedis in my palm" (Krige, 1948:219) is hiervan goeie voorbeelde. Die soms oormatige gebruik van byvoeglike naamwoorde; die weglating van kommas tussen 'n reeks adjektiewe; taalfoute, byvoorbeeld "op die personeel" (p. 139), spelfoute soos "prieël", "Karroo", "boëntoe", ensovoorts doen afbreuk aan sy werk; origens skryf hy in vlot beeldende en gevoelvolle Afrikaans.

Die tegniese strukturering van die stof, die verwoording daarvan en die simpatieke mensbeelding verhef "menige bladsy van hierdie sobere reisvertelling tot

kuns" (Van Heerden, 1949:255). Hieruit lei 'n mens af dat Van Heerden die reissketse tot die literatuur reken.

Die ervarings van die skrywer in verskeie lande tydens die hele tydperk wat die Tweede Wêreldoorlog geduur het, word in die sewentien reissketse in Ver in die wêreld gevind. Die twee Suid-Afrikaanse sketse, wat hierin voorkom, dateer van kort voor die Tweede Wêreldoorlog. Die drie Franse en twee Spaanse sketse (1932-37) is almal in die trant van Sol y sombra geskryf, en vorm die eerste helfte van die bundel. Die oorblywende stukke is oorlogsprosa, waarvan nege in Noord-Afrika (September-November 1941) en een in Italië (Oktober 1944) geskryf is. Die sketse bied nie net 'n indruk van 'n sekere plek nie, maar ook ontmoetings met die mens. Hoewel hy 'n voorliefde vir die beelding van die kunstenaarsmens en die verskoppeling van die maatskappy het, vind 'n mens hier 'n groot verskeidenheid mensetipes. Op simpatieke wyse "deurskou en deurvoel" (Antonissen, 1952:94) hy die mens in 'n sekere situasie. In "Eggo", die laaste skets in die bundel, waar hy en sy makkers in die Italiaanse herfsbos die klompie Duitse gesneuweldes vind, deurskou hy die moontlike onverwenslike ideale van die jong soldaat: "Dan vat een van die vae gewaarwordinge wat al geruime tyd in my gees om uiting soek, vaster gedaante. Wat het daar nie alles uit die Duitse kop gekom nie? Faustus van Goethe . . . Beethoven se Neënde simfonie . . . Dalk was ook dié jong kop vol musiek en poësie?" (Krige, 1951:150).

Daar is tussen Krige se Sout van die aarde (1961) en sy vorige reisbundels 'n noue verband. Die jongste bundel bevat sketse, "wat handel oor swerftogte in die vreemde en tuis, oor die lot van die mens, en dan meer bepaald die primêre mens, met 'n sterk aardse inslag in sy samestelling — kortom, die sout van die aarde" (Aucamp, 1965:45). Krige se geloof in die mens wat aan sy aard en die aarde getrou gebly het, skep die indruk dat hy 'n soort geïdealiseerde karakter probeer beeld. Maar tog is die warmte, menslikheid en spontaneïteit waarmee karakters, soos die twee ou mense (die "volmaakte paar") in "Sout van die aarde" en Roy Campbell in "Eerste ontmoeting met Roy Campbell" gebeeld word, genoeg bewys van Krige se liefde vir die eerlike en ongekompliseerde mens.

Die bekendste sketse uit die bundel, wat al in die korter prosas in Afrikaans 'n ereplek verwerf het, is "Eerste ontmoeting met Roy Campbell", "Totensonntag" en "Sout van die aarde". In "Sout van die aarde", wat al in 'n sekere mate klassiek in Afrikaanse ge= word het, beeld hy in 'n ongedwonge styl en in 'n beel= dende taalgebruik die boerekarakters met hulle inner= like skoonheid en goedheid uit. Alle elemente in die skets word benut om die gedagte aan die lelike en die wrede — die oorlog — uit te wis en te vervang met 'n bewustheid van die skone en die goeie.

In die geheel gesien is Sout van die aarde 'n sterk bundel wat van die mooiste reisprosa in Afrikaans be= vat.

4.4.4 W.E.G. Louw

W.E.G. Louw se bundel, Die ryke dwaas (1935), wat na C.M. van den Heever se Deining (1932) verskyn het, "sal altyd bekend staan as dié bundel waarin die kritiek indertyd die eerste teken van 'n vernuwing in ons poësie gesien het" (Opperman, 1962:305). Later het die kritici die aanvanklike oorskatting van die bundel erken; nietemin was die gebruik van die per=soonlike belydenisvers wat in woord, vers, beeldge=bruik en vorm nuut was, 'n ontwikkeling op die lande=like strydpoësie van die vorige periode. Dat W.E.G. Louw as literator, digter en kritikus bekendheid ver=werf het, en onder andere 'n aandeel aan die stigting van die Vereniging van die Vrye Boek gehad het, 'n stigterslid van Standpunte was, is genoeg bewys dat hy 'n meester van sy ambag is. W.E.G. Louw verteen=woordig eintlik die jonger geslag van Dertig, en in die ontwikkeling wat reeds aan die gang was, gee hy 'n nuwe stimulus.

Aucamp (1969:52) sê tereg dat in Afrikaans daar 'n verwantskap tussen reis en poësie is: N.P. van Wyk Louw, Opperman en Eybers het almal iewers reis as tema in hulle poësie ingebring; dan is daar die dig=ters wat naas reisverse ook reisprosa geskryf het, byvoorbeeld Totius, Leipoldt, Uys Krige en Ernst van Heerden. As digter volg W.E.G. Louw die klein "tra=disie" in Afrikaans met sy enigste reisboek tot dus=ver, So ver as 'n engel te perd kan ry (1969).

Die vindingryke titel met sy welluidende assonans

maak duidelik 'n beroep op die verbeelding. Die titel bestaan uit 'n gedeelte van 'n versreël, soos dit uit 'n slampamperliedjie in Leipoldt se Uit drie wêrelddele geneem is. Die titel, wat in die aanvangsdialoog van "Die begin" gebruik word, dui reeds op die beplanning van die verbeelde reis.

Die volgende woorde van die skrywer tydens sy Italiaanse reis kan as leidraad dien om die simboliese gegewe van die stofomslag te ontrafel: "Hier het die Westerse beskawing immers sy beslag gekry. Hier rondom dié see lê die lande wat die onmiddellike erf=laters is van sowat álles wat ons aan geestesgoedere besit" (Louw, 1969:33). Die stofomslag gee 'n mens dus 'n beeld van die persoonlike voorkeure van die reisiger-verteller: die sierlike poorte lei tot dié wêrelddeel waar die skrywer sy geestelike terapie sou ontvang; die klokke simboliseer sy belangstelling in die godsdiens en die blou as oorheersende kleur, suggereer sy aangetrokkenheid tot die Middellandse See.

Die werk kan as 'n reis-dagboek getipeer word. Dit is 'n boeiende beskrywing van die ervarings, gebeure en gedagtes van ieder dag tydens die reis in Italië, Griekeland, die Griekse eilande en die Midde-Ooste. Die deeglike beskrywing in die reisboek van die herbelewenis van wat wesenlik eie aan die Afrikaner is, is tot dusver nie in die reisprosa hier te lande gevind nie.

Die groot bekoring van die werk lê daarin opgesluit

dat 'n mens deurentyd 'n digter aan die woord het. Die beeldgebruik, woordvernuf, gevoelige sinsritme is kenmerkend van die reisboek. Net 'n digter kan in so min woorde sy indruk wat die lughawe van Lissabon op hom gemaak het, gee: "'n Mens ruik die stof en sweet van die mense wat die vorige dag daar was; jy ruik die bier van gisteraand en eergisteraand; jy ruik die dipwater, waarmee drie arm ou vroue in swart besig is om die groot hal uit te skrop" (Louw, 1969: 15). Dat die skrywer belese is, is feitlik op elke bladsy sigbaar, maar "die vermoë van die skrywer om sy kennis te benut, te interpreteer, kreatief daarmee om te gaan" (Aucamp, 1969:52) dwing bewondering af.

Die boek bied 'n mens nie net 'n besondere beeld van die bereisde lande nie, maar is 'n eersterangse aanwinst vir die Afrikaanse reisprosa.

4.4.5 P.J. Schoeman

Hoewel daar by Schoeman geen bewuste navolging van Sangiro en die Hobsens is nie, is daar tog raakpunte en verwantskap met hierdie voorgangers, en vorm hulle in die Afrikaanse letterkunde 'n groepering wat die "dier, inboorling en folklore in die verhaalkuns" (Kannemeyer, 1978:352) genoem word. Die grondliggende gedagte wat dwarsdeur Schoeman se jag- en avontuurverhale loop, vind 'n mens in "Die leser heil" voorin Die swerwerjagter: "In die lewe vind ons hier en daar die gebore swerwers, persone vir wie 'n huis net 'n plek is om nou en dan in te rus. Dan is dit weer die vertes wat roep, die onbekende wat lok. Dan

pleit die moeder of beminde tevergeefs, want die man met 'n swerwersiel kan homself nie help nie" (Schoeman, 1935).

Die verslae oor jagavonture, onder andere in Zoeloe-land, Swaziland en Oos-Afrika, waarin 'n mens bogenoemde uitspraak vergestalt vind en iets van die reisprosa te bespeur is, kan in die volgende boeke waargeneem word: Die swerwerjagter (1933), Die jagterprins (1935), Op die ver paaie (1949), Waar ver winde waai (1957) en Terug op die ver paaie (1962). In die werke beoefen Schoeman 'n romantiese soort prosa waar die klem val op die inboorling in sy omgewing, waarneming van wilde diere, en dan sy voorkeur aan die swerwer en die onverskrokke dapperheid van sommige inboorlingspoorsnyers. Omdat die genoemde gegewe die reiselement heeltemal verberg, kan 'n mens nie die prosawerke as reisprosa beskou nie. Die saamvattende beskouing van Tj. Buning oor Op ver paaie ontken eksplisiet dat die werk as reisprosa tipeer kan word: "Dis geen roman, reisbeskrywing of jagverhaal nie, maar 'n verwarde, fragmentariese hutspot van werklikheid en verbeelding, digterlikheid en simboliek" (Buning, 1952:53).

4.4.6 W.A. de Klerk

Die belang van W.A. de Klerk se bydrae tot die Afrikaanse letterkunde moet by die drama gesoek word, want hierin bewys hy hom as 'n meer belangriker en ernstiger kunstenaar dan in sy prosa. W.A. de Klerk word as een van die jongere prosaskrywers van die

periode beskou, en net soos by Willem van der Berg, vind 'n mens 'n sterk filosofiese inslag in sy prosa=kuns. Onder die moontlike invloed van Willem van der Berg het De Klerk se vroeëre verhaalkuns 'n sterk ideologiese, dieptesielkundige en hiper-individualistiese lading gehad. Maar die nuwe het vir De Klerk begin deur "sy ontdekking van die skoonheid van die Bolandse natuur en van een van die verlore gemeenskappe wat in afsondering in die bergklowe woon" (Coetzee, 1953:7).

In Klein-Drakenstein, waaroor hy later 'n reisboek geskryf het, het hy sy lank gekoesterde ideaal bereik, wat hy met die eeue-oue spreuk van Horatius so geïllustreer het: "Gelukkig hy wat ver van die stadsrumoer sy vaderlike grond met sy eie osse ploeg" (Walters, 1972:30). Die idee van die bedreiging van die kruipende siekte wat stoflike welvaart heet (Coetzee, 1953:9), word nie net duidelik in sy roman=kuns waargeneem nie, maar ook in sy reisprosa. Abraham Kock, die hooffiguur in Die wolkemaker, se woorde: "om te midde van die matelose chaos van sy tyd, die vormlose, noodlotsware wil-tot-die-dood, 'n wil-tot-die-lewe te skep" (De Klerk, 1949:3) en Conrad se beskrywing aan die einde van Die uur van verlan-ge oor die landelike rus wat versteur word: "ons sal nuwe vorme moet vind — en 'n nuwe adel" (De Klerk, 1956:371) is die filosofie wat in De Klerk se prosakuns ingebed is.

W.A. de Klerk se bydrae tot die Afrikaanse reisprosa was ruim. Van hom het daar opeenvolgend die volgende

reisboeke verskyn: Drie swerwers in Suidwes (1949), Drie swerwers oor die eindere (1953), 'n Swerwer op die sonpad (1959) en Klein reis deur Drakenstein (1974). 'n Mens vind ook twee reissketse van De Klerk wat in versamelbundels opgeneem is: "Verkoopte skoonheid" in Kompas en "Wenen" in Stad en stedelig.

'n Reisverhaal is 'n veelheid van dinge, vandaar sy hibridiese karakter. Die terminologiese verwarring in die tipering en benoeming van De Klerk se reisprosa is heel interessant. In die verband praat Dekker (1964:317) van "reisverhale", Antonissen noem dit "avontuurtog-verslae" (1960:278) en "joernalistieke reisverslae" (1960:306); Coetzee (1953:5) sê dat dit "reisbeskrywings" is; Walters (1972:40) praat op sy beurt weer van "kronieke oor die landskap" en J.S. du Plessis (1959:170) noem 'n Swerwer op die sonpad in 'n resensie, "'n geskiedenisboek". Die verskeidenheid terme om die reisprosa van De Klerk te tipeer, bewys nie net die breedsprakigheid waartoe die letterkunde hom soms leen nie, maar toon ook dat reisprosa met die oog op tipologie, 'n behoefte aan 'n grondig wetenskaplike ondersoek het.

Die drie vrae aan die begin van Drie swerwers in Suidwes, onder andere: "wat is dit in Suidwes wat jou bekoor wat jou hart gryp en dit nie maklik weer laat los nie?" (De Klerk, 1949:1), prikkel nie net die leser se nuuskierigheid nie, maar dui ook op die bekoring wat die landstreek vir die verteller inhou. As hy dan op dieselfde bladsy die voortgang van die reis so beskryf: "Dreun oor die lang stofpad na die

noorde: af langs die silwer, kronkelende Olifantsrivier, Citrusdal, Alfa en Clanwilliam; lemoenboorde groen en geurig en vol belofte; die blou muur van die Sederberge . . ." het 'n mens al die komponente wat 'n reisbeskrywing verteenwoordig. Die eievoor= mige leefwyse, wat aan die bewoners van Suidwes 'n aparte identiteit gee, is dikwels deur die skrywer op boeiende wyse weergegee. Selfs die figure (soos Lüderitz, Kolman, ensovoorts), wat in die geskiedenis van die streek prominent was, word goed beskryf. Vir diegene wat belang stel in Suidwes voor die aanvang van die eietydse Marxistiese aanslag, sal die reis= beskrywing interessante leesgenot bied.

In Drie swerwers oor die eindere beskryf De Klerk die reis wat hulle tien jaar na die woeste tog deur die Kaokoveld, grootliks op die spoor van die Dorsland= trekkers onderneem het. Die skrywer se bewondering vir die durf en volharding van die Dorslandtrekkers tydens die "negentiende-eeuse 'Volkswanderung'" (De Klerk, 1953:24) vorm 'n sentrale gedagte in die werk. Die vermoë van die reisiger-verteller om gemoedelik en vrymoedig met vreemdelinge om te gaan, is 'n uit= staande kenmerk van die beskrywing. Al wat miskien steurend in hierdie boek is, is die soutlose opper= vlakkighede wat die reisigers op die hotelstoep in Windhoek kwytraak.

W.A. de Klerk, soos dit in die vorige reisboek waar= geneem is, het 'n groot belangstelling in die Dors= landtrek. 'n Swerwer op die sonpad is 'n relaas van die skrywer wat die groot fees van die Angola=

Afrikaners op Humpata bygewoon het en toe saam met 'n gesin gereis het, wat destyds die Dorslandtrek meege-
maak het, tot by die noordelike punt waar die Boere
was. Dit gaan hier grotendeels oor die lotgevalle
en ontberings wat die Trekkers moes deurmaak, en die
reiselement word in 'n groot mate deur die geskiede-
nis versluier.

'n Belangrike kenmerk van die Afrikaanse letterkunde
was tot dusver nostalgie na die romantiese landelike
verlede. 'n Nuwe produk hiervan is die streekboek
— 'n prosa sonder fiksie wat 'n bepaalde streek be-
skryf. Om die rede het 'n mens in Klein reis deur
Drakenstein nie net met 'n gewone reisbeskrywing te
maak nie, maar vir die grootste gedeelte gaan dit oor
'n reis in die verlede.

Die boek bestaan uit drie dele. Die eerste is 'n
beskrywing van Drakenstein se natuurskoon en die
werksaamhede op De Klerk se uitvoerdruiwepaas. Die
tweede gedeelte handel oor die geskiedenis van Dra-
kenstein en die Paarl, met interessante sketse van die
pioniers van die destydse taalstryd. Die derde deel
is 'n huldeblyk aan die merkwaardige manne wat die
geestelike dinamo van die Afrikaanse taal- en kultuur=
stryd was, byvoorbeeld ds. Van der Lingen, Arnoldus
Pannevis en S.J. du Toit.

Hierdie "klein reis" word onderneem om bewyse te le-
wer dat die pragtige streek gevaar loop om deur voor-
uitgang bederf te word. Hoewel die titel op reis=
prosa dui, kan die werk kwalik onder die subgerne

ressorteer. Brink (1974:22) opper die volgende besware teen die boek: 'n ondraaglike ekkerigheid wat die leser verhinder om as reisgenoot saam op swerf te gaan, weens die vóór-pratende beterswete van die verteller; van styl het daar nie veel tereggekom nie, eerder kan dit 'n "woordhebbelikheid" genoem word en dat die aanbieding van die materiaal vervlak tot die "geskiedenisboek-agtige". Afgesien van De Klerk se behepthed met die gebruik van uitroeptekens, die vergrotende trap en die oordrewe filosofiese kommentaar, oortuig hy tog die leser dat hy verslag met insig, kennis en liefde kan lewer.

4.4.7 Ernst van Heerden

Ernst van Heerden, net soos W.E.G. Louw, is hoogleraar in Afrikaans-Nederlands en is eintlik uitsluitlik digter. Met reg kan 'n mens hom 'n professionele letterkundige noem, want benewens sy digterskap bedryf hy die literêre kritiek; sy literatuurwetenskaplike bydraes beslaan drie afsonderlike opstelbundels, naamlik Rekenskap, Die ander werklikheid en Digterlike diagnose, en boonop het hy twee reisbeskrywings en 'n bundel jeugherinnerings geskryf. Sy reisprosa, wat hy as "reisjoernale" tipeer, is Etiket op my koffer (1961), Wolk van die mooi weer (1964) en 'n reisskets, "Helsinki-Olimpia" (1952), wat in die versamelbundel, Kompas, opgeneem is.

Van Heerden se verrassende bydrae op die gebied van die reisprosa is geen uitsondering nie. Van die beste skrywers in alle letterkundes skryf vandag

reisprosa. Een van die beste, eietydse romanskryfsters in Brittanje, Elizabeth Bowen, het lesenswaardige reisboeke oor Rome en Ierland geskryf: Bowen's Court en A time in Rome; Bertus Aafjes, 'n Nederlandse digter, skryf Voetreis naar Rome, Vorstin onder de landschappen en De schone Helena en die bekende Amerikaanse prosaïs, E.B. White, het 'n literêre toekenning ontvang vir die essays wat hy oor 'n reis in sy eie land geskryf het: The points of my compass.

Etiket op my Koffer handel oor die skrywer se besoek aan die Verenigde State van Amerika en dra die ondertitel, "Bladsye uit 'n Amerikaanse reisjoernaal". Die term "reisjoernaal" is hier nie 'n gelukkige keuse nie, want in die reisboek vind 'n mens nie 'n dag-tot-dag-verslaghouding nie, maar eerder 'n subjektiewe vertolking van die bereisde land. Die wyse waarop hy sy hoofstukke orden, strook nie met die opvatting wat 'n mens van 'n joernaal het nie. Van Heerden orden sy indrukke volgens onderwerp; gevolglik is hy nie aan 'n bepaalde chronologie gebonde nie — hy kan heen en weer in die tyd beweeg, en sodoende sy waarnemings in hoofstukke groepeer. Elke hoofstuk het 'n eenheidsgedagte wat aan sy persoonlike voorkeure gebonde is, byvoorbeeld sy "belangstelling [om] hoofsaaklik met akademiese en letterkundige kringe kontak [te] maak" (Van Heerden, 1961:100). Hiervolgens kry "elke hoofstuk boonop 'n persoonlike karakter, dra dit onteenseglik die stempel van die skrywer, maak dit 'n deel uit van sy bepaalde kyk op sake" (Eksteen, 1965: 35). Sommige hoofstukke, net soos by Totius se Bybellande deurreis, kan uit die geheel van die

reisbeskrywing geneem word en as essays getipeer word. Elize Botha het dan ook die eerste hoofstuk, "Goeie reis!" uit Etiket op my koffer as 'n essay in haar saamgestelde bundel, Afrikaanse essayiste, opgeneem.

Van Heerden se reisprosa verteenwoordig 'n duidelike ontwikkeling op die gebied: dit is nie meer die werklikheidsgetroue verslag van 'n reiservaring nie, maar deur die koms van die moderne straalvervoer het plekke makliker vir die mens bereikbaar geword; daarom "soek die leser as 't ware nie meer 'n reisgids nie, maar 'n reisgenoot" (Botha, 1965:127). Weens die feit dat die klem nie meer op die beskrywing van plekke geplaas word nie, het dit hoofsaaklik vertolkend geword, met ander woorde, dit gaan om "die vorm en insig wat 'n fyn en opmerksame waarnemer aan sy belewenisse daar kan gee" (Botha, 1965:127).

Benewens Van Heerden se digterlike vermoëns, lewer hy in sy reisprosa bewys dat hy ook 'n uitmuntende prosaïs is. Afgesien van sy voorliefde vir adjektiewe, waardeur hy die gevaar van mooiskrywery nie altyd omseil nie, het sy reisprosa 'n dinamiese seggingskrag wat woordvernuf en oorspronklike beeldgebruik ten grondslag het. Hy beskryf onder andere die verslete Winchester wat grasieus voor hom in die kaai lê soos volg: ". . . hy lê lekker vas in die water, sy boeg sny die golwe dapper-wiegend soos 'n Wiking-galjoen en sy wit vaargeul sprei soos 'n poustert agter hom uit" (p. 14); hy praat van die vliegtuig as "daardie koue silwer koker"; woordskeppinge wat op stilistiese

vermoë dui, is "bepelsde gesellinne" (p. 16), "skeme=rende baksteenwoesteny" (p. 34), "sooidik tapyt" (p. 46), "spinnekop-potige brandtrappies" (p. 36) en "sout-en-peper-baard" (p. 116).

Van Heerden se seleksie van die waargenome dinge, sy taalvermoë, die ooreenkoms wat hy soms tussen die vreemde en die bekende werklikheid tref, die skepping van atmosfeer en die visie wat hy daarop nahou, laat hierdie werk aan die "eise" wat aan die reisprosa gestel word, beantwoord.

Wolk van die mooi weer is ook in hoofstukke georganiseer wat binne 'n groter geheel uiteindelik in 'n bepaalde tema afgerond is. Want aan die einde van sy reis deur ses Suid-Amerikaanse lande, vat die reisiger-skrywer sy indrukke van die arm, onkundige Brasiliaanse bevolking soos volg saam: "Hulle leef van dag tot dag, in 'n soort naïewe optimisme dat die wolke wat in die hemel saampak, nie 'n storm gaan bring nie, nie 'n orkaan of 'n katastrofe nie, maar net 'die goeie weer', die son, die uiteindelijke wolkeloosheid" (Van Heerden, 1964:150). Die indrukke van die geestesklimaat in die land, soos dit ook in die titel aangedui word, word deur die skrywer op 'n eie, treffende wyse verwoord. Die slotsom waartoe hy kom, is dat die gesiglose massas van Suid-Amerika uit hulle bestaan van armoede en ongeletterdheid uiteindelik tot bevryding moet kom.

4.4.8 Marie Malherbe

Marie Malherbe se Land van Kokanje (1958) wat in

briefvorm geskryf is, bied 'n persoonlike relaas van haar reiservaringe tydens 'n reis in Spanje. Haar belangstelling in die gewoontes en gebruike van die mense van Spanje is die opvallendste kenmerk van die boek. Die skryfster se tweede reisboek, Land van toe en tans (1960), is 'n pretensielose beskrywing van haar belewenisse tydens die bootreis en haar besoek aan Skandinawië.

Die periode, alhoewel dit 'n kwarteeu van die Afrikaanse prosaverloop beslaan, het relatief min reisprosa opgelewer. Al was die kwantiteit van die reisprosa "skraal", het daar tog 'n verbreding en verdieping en 'n beter artistieke verwoording van die visuele werklikheid gekom. In die meeste reisprosa van die periode vind 'n mens nie meer 'n replika van die waargenome werklikheid nie. Die reisiger-skrywer beleef die bereisde wêreld subjektief, hy beskryf nie meer nie - hy vertolk; hy behou 'n visie daarop na. Die reisiger-verteller is ook nie meer vir die leser die reisgids nie, maar die reisgenoot, wat deur sy ervaring, belesenheid en kultuuragtergrond, die verborgenhede van die bereisde land moet uitdiep en vertolk. Die prysenswaardige bydrae van reisverhaal-skrywers tot die periode, tesame met die ontwikkeling wat daar in die reisprosa opgemerk is, maak die verskynsel 'n statige medestander van die kunsprosa.

4.5 Reisprosa en die vernuwung van Sestig in die Afrikaanse letterkunde (1955-hede)

4.5.1 Profiel van die prosa van Sestig

W.E.G. Louw se bekende kommentaar aan die begin van die vyftigerjare: "Ons hoop is op die ongeborenes gevestig" (Louw, W.E.G., 1952:21) oor "die altyd-maar-so-bestaande" (Louw, 1953:66) verskynsel in die Afrikaanse kunsprosa van die afgelope kwarteeu, maak hom 'n deelgenoot in die destyds oorwoë mening van die belangstellendes in die literatuur. Die uitspraak van W.E.G. Louw kan as 'n bedekte verset teen die "oorbodige woordskildering, die brallende klank=nabootsing, die dikwels mooi maar meestal oortollige, afleidende, vergelykings en ander stylblommetjies" (Louw, 1963:63), wat alle prosa van die tyd gemeen gehad het, gesien word. Min het die kritici van die Afrikaanse prosa op daardie stadium geweet dat die vernuwingsaspekte, soos N.P. van Wyk Louw dit in sy Vernuwung in die prosa vooruitgeskou het, reeds in wording was. Trouens, die verskyning van C.J.M. Nienaber se Keerweer (1946), maar veral Jan Rabie se Een-en-twintig (1956) het nie net die aanvang van 'n nuwe periode aangedui nie — dit was ook die begin van die eksperimentalisme in die Afrikaanse prosa.

In die sketse, verhale, prosagedigte of "poëme en prose" (Krige, 1969:9), soos dit in Een-en-twintig gevind word, ontgin Rabie nuwe temas in 'n werklikheid wat al hoe meer relatief geword het. Die bundel prosaflitse of "pakkie gemengde kruie" (Louw,

1963:123), wat Brink (1977:31) die "herout van Sestig" noem, toon 'n skerp reaksie teen die beheptheid met die landelik romantiese kleinrealisme in die tradisionele prosa. Rabie se verblyf in Parys, soos dit met baie van die Sestigerskrywers die geval was, het tot "'n spontane aansluiting by die internasionale klimaat" (Brink, 1965:105) in die letterkunde gelei. Rabie (1973:80) sê self dat die "abstrakte konkretiserings" in Een-en-twintig geïnspireer is deur "Michaëu, Camus . . . en Kafka en die manne wat daardie hele surrealistiese absurde wêreld gegee het, maar tog ook 'n nuwe kyk op die lewe: eksistensialisme".

Die politieke bewindsaanvaarding van die Afrikaner in 1948 en die jarelange droom om soewereiniteit, wat met die republiekwording in 1961 werklikheid geword het, het ook 'n parallel met die mondigwording in die Afrikaanse prosa gehad. Die skrywer is nou nie meer medestryder nie, maar voel hom vry; hy eis 'n nuut geformuleerde vryheid. So betoog Brink (1964:20) die vryheid van 'n skrywer wat tot 'n "eerlike, volwaardige en volwasse literatuur" moet meehelp: "Ons wil vry, en skrikwekkend eerlik wees in ons verkenning van die mens", en dat hulle in hulle verkennings tog ook hul medium wil ontgin, "om in hom en deur hom te sê wat anders onsegbaar sou bly".

Die twee sentrale prosateurs van die dekade van Sestig was André P. Brink en Etienne Leroux. Lobola vir die lewe het in dieselfde jaar (hoewel vroeër) verskyn as Leroux se Sewe dae by die Silbersteins,

en die twee boeke dui op 'n besliste wyse die nuwe prosarigting aan. Lobola vir die lewe is Brink se "ontdekkerskreet" (Moodie, 1969:616); die roman wat beskou word as "die deurbraak van die volwassenheid" (Van der Walt, 1969:127) in die Afrikaanse vertelkuns, en by 'n evaluering van die werk sal sy literêr-historiese waarde nie uit die oog verloor moet word nie. Die andersoortigheid van die "nuwe" verhaalkuns, soos dit in Lobola vir die lewe en die agtereenvolgende fiksiewerke van Brink gevind word, is kernagtig saamgevat deur T.T. Cloete waar hy sê: "Ek meen dat iemand soos Brink in plaas van 'n deursigtige soort prosa (dit wil sê prosa wat jy nie 'raaksien' as jy die boek lees nie) eerder 'n digte prosa wil gee, 'n prosa wat jou soos die gedig bewus maak van sy aard, die aandag duidelik op homself wil trek en van die prosaleser dieselfde inspanning verg as wat die hedendaagse poësie van die poësieleser vra" (Cloete, 1965:56).

'n Opvallende vernuwingsaspek in Lobola vir die lewe is karakterisering. Dit gaan oor buitestaanders wat hulself van die gemeenskap en die bestaande waardesisteem losgemaak het. In Brink se verkenning van die mens word die volgende aspekte van die romanfiguure beklemtoon: die mens in sy verhouding tot die gemeenskap, die soeke na identiteit en die sinvolheid van sy bestaan.

Francois, die hooffiguur in Lobola vir die lewe, se soektog neem soms kosmiese gestalte aan, want "as gesalfde vir [hom]self en die mensdom" soek hy na

"[hom]self en God en die mensdom. Dit was een ont=saglike en ongeëwenaarde odusseia, 'n pelgrimstog wat Bunyan versted sou laat staan het en Dante nederig sou laat stilbly het" (Brink, 1962:67). Francois se religieuse soeke eindig met 'n selfkeuse, naamlik "ek is", waar die eksistensie die essensie voorafgaan en alle soeke in die egosentrisme stol.

'n Mens vind ook in Leroux se eerste werke, naamlik Die eerste lewe van Colet (1955), Hilaria (1957) en Die mugu (1959) "'n meer vashoudende eksperimenteer=der wat met elke boek 'n nuwe worp na een of ander soort radikale vernuwing doen" (Louw, 1963:126). Leroux se mensbeelding, nuwe temas, die skep van fan=tastiese tonele, die gebruik van die mite as grond=slag en sy sierlose styl maak hom mede-verantwoorde=lik vir hierdie vernuwing. Die groot polemieks wat rondom die Hertzogprystoekenning aan Sewe dae by die Silbersteins ontstaan het, toon die gans andere, die kompleksiteit en die andersoortige denksubstraat, wat anders was as die tradisie dit sou wou hê, in die kontroversiële werk aan. Die werk poneer 'n her=waardering van die mens en sy wêreld, en dat lewege=wende simbole vir die ou gevestigde waarhede gevind moet word.

Die prosa van Sestig word ook aan die beheptheid met die eksperimenteerders van strukturele tegnieke geken. Die uiterste voorbeeld van rewolusionêre, strukturele aanbieding van die roman is André P. Brink se Orgie. Die werk bewerkstellig feitlik 'n krisis in die onder=skeiding van woordkunsgenres. Die aanbiedingstegniek

in die boek laat die vraag ontstaan: Het 'n mens in die werk nog iets met die romankuns te doen? Die boek moet dwarsgedraai word, jy blaai op in plaas van om, verskeie lettertypes word gebruik om tyd aan te dui, die verhaaldialoog verloop in twee kolomme, kras-kras druk, selfs blanko spasies met een bladsy volswart.

Orgie is duidelik die produk van 'n doelbewuste "eksperimenteerdrif". Dit wek die indruk dat Brink opsetlik met die idee behep was van "the device of making it strange" (Erlich, 1965:177).

In die verhalende prosa van die periode is die absolute, objektiewe en konkrete werklikheid onder verdenking. Bartho Smit, wat sy stelling op die beskouing van Kant grond, beaam bogenoemde siening: "Dit is geen werklikheid an sich nie, maar reeds ons waarneming van die werklikheid" (Smit, 1974:81). Terselfdertyd beteken die waarneming egter verwerking en vergestaltung, en 'n werklikheid kan eers ter sprake kom as dit subjektief ervaar en beleef word. Tydens die liefdesverhouding wat daar tussen Adam en Elizabeth in 'n Oomblik in die wind ontstaan het, beleef hy die realiteit soos volg: "En ek sal vervogtig en vervlugtig, soos skuim, soos sproei, soos mistigheid, soos 'n klein wolkie wat groei tot hy groot word, en uitbars in reën" (Brink, 1975:153). Die subjektiewe en gerelativeerde werklikheid hang saam met die persoonlike belewenis; daarom word voorkeur aan die eerstepersoonverteller gegee. Die bewussynstroomtegniek, wat deur die persoonlike werklikheidsbele-

wing moontlik gemaak is, vervang die chronologiese met 'n durende tyd: "Wat ook al verder mag gebeur, dit het ons; dit duur" (Brink, 1975:194).

Hoewel die Afrikaanse prosaskrywers, wat die periode vanaf 1955 tot die hede verteenwoordig, tog in 'n mate op die oorgeërfde, epiese tradisie voortgebou het, is die invloed van die uitheemse tendense op die genre hier te lande onmiskenbaar. Op die terrein van die romankuns in die periode, in vergelyking met die tradisionele prosa, vind 'n mens nie net Louw (1963:73) se opvatting van vernuwing vergestalt nie, maar ook Brink (1967:13) se meer resente siening in die verband, soos dit in die vorige hoofstuk uiteengesit is.

Die omvang van die ruimer verkenning op die gebied van die verhalende prosa is uit die aard van die veelsoortigheid daarvan in die periode duidelik waarneembaar: die verskyning van Etienne Leroux se Isis Isis Isis as die eerste werklike reisroman in Afrikaans; die historiese roman soos Karel Schoeman se By fakkellig en Anna M. Louw se Die groot gryse; die belydenisroman soos Brink se Lobola vir die lewe; die eg Christelike roman waarvan Die vrou en die bees van Bertha Smit 'n voorbeeld is, en die toenemende neiging tot betrokkenheid wat duidelik uit Brink se Kennis van die aand en John Miles se Donderdag of Woensdag waar te neem is. Die verskynsel van satire, ironie en betrokkenheid in Leroux se oeuvre toon ook 'n dimensie in die verhalende prosa wat voorheen nog nie op die wyse geëksploreer is nie. Die kortkuns,

waarvan Hennie Aucamp 'n groot beoefenaar is, toon 'n vaardigheid van woordgebruik en subtile effekte wat ewe doeltreffend in die reisskets gebruik is.

P.J. Haasbroek se Skrikbewind, waarin 'n nuwe realistiese benadering van die Afrika-werklikheid gevind word, naamlik geweld en wreedheid, dui op 'n ander=soortige, tematiese benadering in die subgenre.

Hierdie klimaatsverandering in die Afrikaanse prosa, waarvan die karakteristiek net gedeeltelik aangeraak is, het ook op die reisprosa 'n opsigtelike neerslag gevind. Anna M. Louw erken dat sy wel deur die liggaam van die hedendaagse romankuns beïnvloed is, en dat "daar veel te sê [is] vir vandag se gestileerde tegniek, dit wil sê as 'n mens dit so kan hanteer dat dit verstaanbaar vir die gemiddelde leser is, want 'n boek moenie 'n blokkiesraaisel wees nie" (Louw, Anna M. 1972:62).

Die ongekende opbloeï van die reisprosa in die periode kan seker in verband gebring word met die "ruimtelike ekspansie" (Cloete, 1972:72) van die Afrikaner wat deur die naoorlogse, materiële welvaart teweeggebring is. In antwoord op T.T. Cloete se vraag oor die hedendaagse bloei van die reisprosa in Afrikaans, deel Anna M. Louw bogenoemde mening: "Net eenvoudig: die Afrikaner het ryk geword en reis baie" (Louw, Anna M. 1972:72). Die drukke beoefening van die reisprosa deur die reislustiges van die periode het ook die gevolg "dat heelwat reisverhale uitdruklik handboeke (byna: handlangers) van die toerisme is" (Botha, Elize. 1973:362).

Die reisverhaal het ook in die periode populêr as voorgeskrewe boek vir die matrikulasie-eksamen geword. Die omvang van die voorskryfpraktyk het nie net die prosasoort wyd bekendgestel nie, maar het ook die skolier met die lees en interpretasie daarvan vertrouwd gemaak. In die onderskeie jare was daar in Kaapland (Aucamp, 1978:92) die volgende reisboeke voorgeskryf: Sol y sombra (1959); Ver in die wêreld (1958); Vorstin onder de Landschappen (1959); Op safari (1962); Agter my 'n albatros (1963); Drie swerwers oor die eindere (1964); Etikette op my koffers (1965); Sout van die aarde (1966) en Suid van die wind (1967). Die ruim voorskryflys, soos dit reeds voorheen gesê is, verteenwoordig net Kaapland en die ander provinsies waar die reisboek ook voorgeskryf was, word uitgesluit. Die rede vir die vaste plek wat die reisboek in die letterkundeprogram aan die hoërskool verwerf het, kan aan die volgende toegevoeg word:

- * Die reisboek word deur die voorskryfkomitees as letterkunde beskou.
- * Die reisboek is meestal nie 'n "gevaarlike" teks om te behandel nie.
- * Dit skyn verder dat die reisboek nie veel probleme in verband met eksaminering oplewer nie.

Anders as in die voorafgaande periode spits prosaïste hulle tydens die sestiger- en sewentigerjare in 'n groter mate op die reisverhaal toe en neem die sub=

genre 'n meer prominente plek in die Afrikaanse prosa-literatuur in. Dat die mees erkende prosaskrywers van die tydperk 'n bydrae tot die subgenre gemaak het, word aan die styl van die eietydse reisprosa waargeneem. Somerset Maugham se siening, wat hier via André P. Brink in Sempre diritto aangehaal word, kan as beginsel toegepas word: "Die skrywe van 'n reisboek kan vir die skrywer 'n belangrike oefening in styl beteken, omdat dit een van die min kanse is wat hy kry om die prosa ter wille van die prosa te beoefen" (Brink, 1963:Vooraf). Van al die reisprosa wat tot dusver in Afrikaans geskryf is, is die styl van die eietydse produk ongeëwenaard. Die rede hiervoor is dat deurwinterde prosaïste beoefenaars van die reisboek geword het.

Omdat die "fassinerende soektog" (Steenberg, 1976:9) en die reismotief so 'n integrale element van die eietydse prosa geword het, het daar in dié verband 'n verwarring in die onderskeiding van die reisprosa ontstaan. Daar is romans, onder andere Die Wahlerbrug (Elsa Joubert), 'n Oomblik in die wind (André P. Brink) en Na die geliefde land (Karel Schoeman) wat soms verkeerdelik as reisprosa gekategoriseer word. Menings, wat betrekking op bogenoemde standpunt het, toon opvallende variasie: Steenberg (1976:3) beskou die werke eksplisiet as reisromans; Aucamp (1972:45) meen dat dit nie "suiwer reisboeke" is nie, en Van der Walt (1973:45) praat van Die Wahlerbrug as 'n variasie van die reisverhaal. Die algemene deler wat as die enkele "vereiste" van reisprosa gereken

kan word en wat in bogenoemde werke ontbreek, is die volgende: "dat in 'n reisverhaal daar nie die teoretiese dualisme bestaan tussen skrywer en [dramatiese] spreker nie" (Snyman, 1969:15). In die reisverhaal is die reisiger-waarnemer die spreker — moet hy noodwendig die eerste persoonverteller wees; daarom sal die aanbieding altyd subjektief, persoonlik en intiem wees. Snyman (1969:15) meen tereg dat die reisverhaal as letterkundige aanbieding op hierdie punt staan of val. Die romans, waaroor dit hier gaan, word almal uit die perspektief van die derdepersoonverteller aangebied, en kan nie as reisromans tipeer word nie. Binne die aangebode raamwerk van die Afrikaanse prosa, wat die periode vanaf 1955 tot die hede verteenwoordig tesame met die inleidende opmerkings oor die reisprosa, word nou 'n beknopte oorsig van die bekendste beoefenaars en hul werke van die subgenre aangebied.

4.5.2 J.S. Rabie

'n Neweproduk, soos dit reeds in die inleiding genoem is, van sommige skrywers se kreatiewe, verhaalskeppende arbeid is die reisverhaal: 'n relaas van 'n reis, besoek of verblyf aan 'n vreemde oord. Jan Rabie se 'n Haan vir Eloúnda (1971) is 'n toevoeging van die aard tot die Afrikaanse reisprosa. Rabie se verblyf in Griekeland het nie onverwerk verbygegaan nie. Naas die roman, Klipwieg, volg daar ook 'n beskrywing van die skrywer en sy vrou, Marjorie Wallace, se verblyf van dertig maande op Kreta, in die dorpie

Eloúnda. Die titel van die werk is ontleen aan Sokrates se afskeidswoorde ná die lediging van die gifbeker: "Kriton, ons skuld 'n haan aan Asklepios" (Rabie, 1971:147). So het Rabie ook gevoel om as finale afskeid van die Kretense dorpie, iets ter ere van die dorpie te skryf — "dié werk word as geheel 'n dankoffer aan Eloúnda" (Brink, 1976:53).

Die aanbiedingswyse van die reisboek — of "verblyfboek", soos die flapteks die werk noem, volg die bekende patroon. In sy motivering van sy reis is die geestelike dimensie van 'n tweede reis waarneembaar, want sy instelling bly nie net beperk tot die topografiese besonderhede van Kreta nie. 'n Mens sien duidelik daarin iets van die onsekerheid in die soeke van die moderne mens: "Kreta is die klipweg van die Westerse beskawing, en juis in hierdie tye van twyfel en angs oor die toekoms, het die moderne mens 'n gefassineerde nuuskierigheid oor sy verlede, 'n historiese bewussyn ontwikkel. Die paradoks is waar: as jy vorentoe wil kyk, moet jy weet wat agter jou lê" (Rabie, 1971:68).

In die reisbeskrywing ontbreek die stilistiese swier waarmee die vreemde soms in Afrikaanse reisboeke beskryf word. 'n Mens vind voorbeelde van lomphede, vergesogte beelde en onbeholpe stelwyse, byvoorbeeld; "Kort voor Kersfees bars Maria een nag om twee-uur die môre in Jackie se kamer in, onder trane" (Rabie, 1971:98).

Nietemin slaag die skrywer tog daarin om — benewens

die deurlopende tema — situasies te teken wat van humor en menslikheid getuig. Die beeld wat hy van ou Pappou's skep, belig ongetwyfeld meer as een dimensie van die waargenome karakter. Die werk bied, met 'n rykdom van tekstuur, 'n huldeblyk aan 'n onbekende land, wat onder sy klippe die reste van 'n troese beskawing bewaar.

Rabie se reisskets, "Proefkonyn op Mont Blanc", wat in Kompas opgeneem is, toon weer eens sy bewese behendigheid op die gebied van die kortkuns.

4.5.3 Etienne Leroux

In Leroux se derde trilogie, 18-44, Isis Isis Isis en Na'va, neem sy selfopgelegde skrywerstaak, om deur sy kreatiewe woordskepping na die lewegewende simbole van sy tyd te soek, 'n duidelike gestalte in die onderskeie strukture van sy werk aan. Die invoering van die "knolskrywer", wat terselfdertyd as personale verteller optree, dien die doel om die leser deur die oë van 'n vertellende karakter deur die wêreld van die roman te neem, om sodoende dié psigiese konsepsie van die skrywer te aksentueer. Om die rede wil die knolskrywer in Na'va "met delikate deursigtigheid . . . 'n onverganklike vorm transmuteer" (1972:45) om op die wyse 'n konkrete beeld van sy soeke te gee.

As Mary-Jane Hudson, die eerste reisgenoot van die personale verteller in Isis hom beloof om die storie van Isis, wat hy net halfpad aan haar vertel het, verder in Larousse te lees, is dit 'n verwysing na

Larousse se Encyclopedia of mythology, waarin die Isis-mite volledig beskryf word. Die titel impli= seer dus 'n mitiese verwysingsveld en die titelby= skrif bied verdere informasie: 'n storie van dertien vrouens en 'n reisbeskrywing na binne. 'n Mens het dus in die roman 'n oppervlakteverhaal, naamlik die beskrywing van die knolskrywer se fisiese reis wat hy per vliegtuig na Europa en daar van land tot land onderneem het. En parallel hiermee vind 'n mens 'n diepteverhaal wat 'n sterk psigologiese onderbou het, en waarin die geestelike reis en soeke na identiteit van die verteller verhaal word, want hy sê: "My siel is in repies en ek lê in veertien stukke verstrooi oor die oseane" (1969:3).

Dat die Afrikaanse reisprosa vanaf die aanvang tot by Isis wesenlik onveranderd gebly het, is ongetwyfeld waar. Dit wat alle reisprosa gemeen het, naamlik 'n reisiger (eerstepersoonsverteller) wat in 'n bepaalde tyd 'n sekere plek/landstreek bereis en dan sy reis= herinneringe in 'n sekere vorm weergee, is in 'n min= dere of meerdere mate die patroon waaraan die Afri= kaanse reisverhaalleser gewoond geraak het. Dit be= teken geensins dat die subgenre gestagneer het nie, want in die groot variasie tipes reisprosa van die vorige en die huidige periode het daar 'n verfyning van tegniek, 'n groter inlewing in die waargenome dinge en 'n meer geraffineerde woordgebruik en styl gekom. Die reisboeke van W.E.G. Louw, Ernst van Heerden, Elsa Joubert, Anna M. Louw en André P. Brink kan in die verband as vondste van die reisprosa in

Afrikaans beskou word. Kortom, die reisprosa was dus nog altyd 'n verslag/beskrywing van die waarneming van die reisiger wat feitlike besonderhede oor verskeie aspekte van die bereisde land bevat het.

Uit die aard van Leroux se bydrae tot die epiëse woordkuns kon 'n mens verwag dat hy die een of ander tyd die reisverhaal sou aanpak. In sy eerste trilogie is die opvallendste fisieke handeling "daardie volgehoue staptogte — soos die Mugu ook maar gestap het" (Van der Walt, 1977:77), en in die volgende serie van drie onderneem Henry saam met sy meturgeman in Sewe dae by die Silbersteins die klein reis om die wêreld van Welgevonden te verken. In Isis onderneem die persoonlike verteller 'n reis wat prinsipieel op die definieerbare struktuur van die reisverhaal geskoei is.

Die feit dat Leroux op die halftitelbladsy die lesers maan dat "alle karakters, in hemelsnaam, denkbeeldig is", is 'n bewys dat 'n mens hier met 'n illusionêre woordwêreld te maak het. Gedagtig aan die teoretiese fundering "dat 'n roman 'n fiktiewe teks is, waarin 'n gebeure deur en met karakters plaasvind in 'n bepaalde tyd en ruimte" (Cloete, 1974:9), is Isis die eerste en enkele reisroman in Afrikaans.

Die eerste twee hoofstukke gee as 't ware 'n opsomming wat in die roman verwag kan word: 'n middeljarige knolskrywer wat "beskik oor die geld van [sy] Fascistiese slagterskoonvader, die van [sy] tante en eteriese oom se bates, die 12½ persent uit knolge-

skrifte en die akkumulasie van 'n lewe sonder ambisie" (Leroux, 1969:4), en wat deur middel van 'n reis poog om "eenheid en multiplisiteit en 'n begrip van sintese [te] probeer kry" (Leroux, 1969:4). Waar die knolskrywer aan die einde van die eerste hoofstuk sê: "Ek begin my boek", wil hy deur die verwoording van sy denkbeeldige reis 'n eksistensiële bestaan verseker.

'n Mens kom gou agter dat hierdie roman 'n spel van satire, ironie, kontraste en parallelismes is. Die reisroman is opsetlik so gekonstrueer dat daarin die omgekeerde van die Isis-mite gevind word: die knolskrywer is die gedissekteerde Osiris wat naartoe na Isis soek om hom weer bymekaar te bring. Die probleem van die knolskrywer "is dat Isis die veertienvoudige Osiris en sy 'ek' wat deur ontbinding bedreig word, moet verenkelvoudig, maar Isis is self 'n veelvoud" (Cloete, 1976:9). Die digte mitologiese en psigologiese substraat van die roman dra dan ook by tot die "flinke misverstandskwasiënt" (Swane-poel, 1977:23) waarmee die toevallige leser van die werk gekonfronteer word.

Die begrippe "eenheid en multiplisiteit" vorm die sentrale tema in die werk. Enersyds vind 'n mens eenheidskeppende beelding waar die dertien vroue een na die ander geïdentifiseer en beskryf word, terwyl die knolskrywer ironies tot Y gedepersonaliseer word. Andersyds dui "multiplisiteit" op die duisendnamigheid van Isis en die kompleksiteit wat die "ek" se ontmoetinge met die dertien vrouefigure en ander

romankarakters tot gevolg het. Al reisende soek die "ek" deur die hele wêreld van die roman na Isis om hom van ontbinding te red. Dit word 'n geestelike reis wat hoofsaaklik in die diepteverhaal gevind word. Die knolskrywer wil die abstraksie van die "sielereis" (p. 92) ontkom deur die vooropstelling van die "ek", en fisieke handeling soos "kyk" (3), "eet" (50), "drink" (3), "sien" (4) en "dans" (22) waardeur hy sy eksistensie op 'n meer konkrete vlak wil bestendig.

In die laaste hoofstuk vind 'n mens die veelvuldige verwysings na die skrywer self: "Ek is Fred", "Ek is my Fascistiese oom", ensovoorts. Die identifisering van die self deur die herhaling van die persoonlike voornaamwoord is 'n poging tot individualisering. Hierteenoor wil hy homself handhaaf deur die "ek" in 'n veelheid van gestaltes op te los. Die begrippe enkelvoud en veelvoud, word in die slotwoorde gekulmineer: "Ek is die Groot God Osiris en ek belowe vir julle al veertien geluk en ellende" (p. 140). Hoewel hy aan die einde van die roman sy "sirkelgang voltooi" het, bly die geheel wat hy voorhou nog 'n paradoksale belofte: "geluk en ellende". Sy verwysing na die Paradys: "Die boom van my wysheid waarin die slang na bo krul, is vir my volkome onverstaanbaar" (p. 139), skep die idee dat die soeke na 'n suiwer geformuleerde identiteit nog nie volvoer is nie.

4.5.4 André P. Brink

Brink is 'n produktiewe skrywer — sy skryfwerk omvat romans, reisprosa, dramas, literatuurstudie, vertalings, verwerkings en koerantpolemieke. In die sestigerjare het Brink as kritikus prominent geword, en die stand van die Afrikaanse letterkunde word in 'n versamelbundel van sy belangrikste resensies, soos dit hoofsaaklik in Rapport verskyn het, naamlik Voorlopige rapport (1974) aangedui. Dat Brink hom tot die reisprosa — deurgaans "'n veilige genre wat nie mand, en veral nie die skoolgaande jeug aanstoot gee nie" (Aucamp, 1966:7) gewend het, kan seker aan sy verskeie besoeke aan die Latynse lande wat die suidelike deel van die Europese vasteland uitmaak, toegeskryf word. 'n Onderskeidende kenmerk van sy reisprosa is dat hy die werklikheid van 'n land en sy mense, in plaas van net 'n geografiese dimensie, met 'n groter verskeidenheid toelig. Hy beskik verder oor die uitsonderlike gawe van taalbeheer wat die lees van sy reisprosa 'n avontuur op sigself maak.

Brink lewer 'n ruim en kwalitatiewe bydrae tot die subgenre. Agtereenvolgens het van die skrywer die volgende reisboeke verskyn: Pot-pourri (1962), Sempre diritto (1963), Olé (1965), Midi (1969), Parys-Parys: Retoer (1969) en Fado (1970). Verder is van hom in Kompas twee reissketse, "Son en sneeu" en "Gister en vandag" opgeneem, en "Min vir 'n sikspens" (Uit: Pot-pourri) en "Mañana" (Uit: Olé) vind 'n mens in Trekvoëls.

Pot-pourri word deur die skrywer gekarakteriseer "as maar 'n album prentjies van die lewe in Parys, min of meer georden uit die joernaal van 'n verblyf van twee jaar. Hulle is persoonlik, subjektief, bevooroordeel en glad nie chronologies nie: dit kan nie anders nie as 'n mens skryf van 'n stad waaraan jy, in sekere sin, die lewe self verskuldig is" (Brink, 1962:Vooraf). Brink het met die verduideliking nie net sy aangetrokkenheid tot dié wêreldstad laat blyk nie, maar die persoonliké aard van die reissketse aan die leser verklaar. In Afrikaans wat nuutgemunt en nooit gedwonge voorkom nie, beskryf Brink die verrassende manifestasies van menswees soos hy dit in Parys beleef het, byvoorbeeld die etes by Oupa Mauric waar dit gaan "om die ervaar van die kos, die kontemplasie van die kos" (p. 138).

Sempre diritto is 'n reisjoernaal waar 'n mens Brink weer op sy Italiaanse verkenningstog ontmoet. As Brink in "Vooraf" bevestig: "dit bly maar 'n reisjoernaal, die verkenning van 'n oppervlakte", dan het hy nie net die inhoud van die reisboek nie, maar ook die prinsipes van die reisprosa aan die leser uitgespel. Wanneer Brink uitgaan van die konkrete gegewe, wat uiteraard die wese van reisprosa is, is hy op sy beste. 'n Voorbeeld hiervan is toe hy besig was om langs die Via Appia koffie te drink, en hy merk hoe haastig die kelnerin na binne is om by haar "vryerige, olierige kêrel met oë en hande die toenaadering soek wat sy alte bereid is om te gee, tussen die klingelinge van die anachronistiese kasregisters deur" (Brink, 1963:85). Die leser word soms met

lang passasies "filosofie" (vergelyk bl. 65) gekonfronteer: dit is heeltemal aanvaarbaar solank dit 'n intieme verband het met die reisiger-waarnemer en die oppervlakte wat hy verken. Sempre diritto beteken "reguit aan", die Italianer se algemene antwoord wanneer 'n verdwaalde toeris pad vra, maar in die reisboek word die kronkelpaadjies deur die verteller gevolg om by die werklike kern van die menslike ervaring uit te kom.

In sy "verantwoording" wat die funksie van 'n voorwoord in Olé het, sê Brink dat hy met die reisboek "'n trilogie oor die Latynse lande voltooi wat begin met Pot-pourri (Parys) en Sempre diritto (Italië). Hierdie C.N.A.-pryswenner van Brink is nie net die produk van sy waarneming tydens sy Spaanse reise nie, maar die bibliografiese lys aan die einde van die boek toon ook dat hy sy belangstelling in die land teoreties wou uitbrei.

Aan die uiterlike geoordeel, lyk dit of Olé basies op die vorm van die roman gestruktureer is. Die chronologie waarin die vyftien hoofstukke aangebied word, is min of meer op die gang van die reis gebaseer. Daar is verder ook 'n bindende element in die werk; "n soort kontrapuntale tegniek" (Aucamp, 1966:8) word gevolg, wat die kerngedagte of die stemming van die afdeling vooruitskou. Deur so 'n tegniek toe te pas laat hy die hede en verlede van die land ineenvloei; gee hy aan 'n persoonlike reiservaring 'n noodwendigheid waarin besondere nuanses van Latynsheid geïllustreer word, en kry die reis tegelyk samehang en

betekenis.

Die inhoud van 'n reisboek gaan primêr om geografiese en historiese besonderhede; daarom moet die skrywer sy interessante waarnemings op 'n prikkelende wyse interpreteer en vertel. Brink vertel die leser van Spanje en die eienaardighede van die mense: 'n lewenswetmatigheid waaraan die nie-haastige boorlinge van die land onverbiddelik glo, en wat dié stemming in die land bepaal, is "Carpe diem, pluk die dag, ja: maar pluk hom tydsam" (Brink, 1968:17). Die vertelling van die Spanjaarde, wat "niks anders kan wees as wat hy is nie" (p. 79) en sy geskiedenis "van geweld en lyding en dood" (p. 79) word in "'n soort dubbelloop-vorm" (Snyman, 1949:16) ingeklee. Alhoewel die aanwending van die tegniek die idee van 'n roman gee, is die werk in sy geheel 'n reisbeskrywing. Ofskoon sommige hoofstukke (byvoorbeeld hoofstuk I) suiwer essays verteenwoordig; die tweede hoofstuk sketsmatig aangebied word en die derde hoofstuk 'n goeie voorbeeld van 'n reisjoernaal is, is daar 'n bindende faktor en bied die werkwyse 'n interessante afwisseling van die patroon.

Vir die reisverhaalskrywer kan die aanbiedingswyse van sy stof 'n probleem wees. In Olé verseker die skryftalent van die reisiger-skrywer raak beskrywings van wat gesien en beleef word: die gebruik van teenstellings, byvoorbeeld die spel van lewe en dood in "Dodefees" en die verrassende waarnemings van klein dingetjies en die klankryke verwoording daarvan: "In 'n stil straatjie stap 'n meisie voor my uit, en dis

of haar hakkies op die klippers soos kastanjette klikker" (p. 44).

Olé, die juigkreet van bewondering by die stiergeveg en die uitroep van ekstase by die dans, is hier 'n saambindende begrip wat die besondere aard van menswees in Spanje omvat. Die meerduideligheid van die begrip, soos dit in die reisboek gevind word, kan in die woorde van Somerset Maugham via Brink in Olé duidelik waargeneem word: "die grootste kunswerk wat Spanje voortgebring het, is nie 'n skildery, 'n gebou of beeldhouwerk nie, maar die mens self" (p. 66).

Midi is 'n verdere toevoeging tot André P. Brink se Mediterreense reisboeke. Die boek bring die leser weer terug na Frankryk, spesifiek in die Midi, wat "middag" beteken, en die naam waarmee die suidelike deel van Frankryk aangedui word.

Hoewel die ondertitel "Op reis deur Suid-Frankryk" heet, vertel hy eers in "Taferele", die tweede deel van die boek, van sy reisindrukke in die landstreek. In "Tapisserie", die eerste deel van die boek, "verskyn die geografiese en historiese gegewens, die mites en legendes, gelowe en bygelowe wat die agtergrond van die Midi vorm" (Brink, 1969:12). In die deel gaan die skrywer te informatief te werk, die magdom gegewens is oorweldigend en sy styl is die van 'n joernaal. Die subjektiewe beleving van die skrywer-reisiger wat in enige reisboek die boeiende element en die bindende faktor is, ontbreek in die eerste deel van die boek. Hoewel Brink se prosatalent

eers in "Taferele" (p. 151-152) tot sy reg kom, byvoorbeeld die beskrywing van die okerweelde van Rousillon (p. 151-152), skep hy soms komiese effekte wat volgens Aucamp (1969:16) te geforseerd voorkom: "Intussen word die 'storie' gesing deur 'n oubaas wat sy groottone sou betaal om Maurice Chevalier se agterkleinneef te wees, en 'n dun dame van sowat vyftig wat kweel met die ontroerende oortuiging van 'n speenvark" (Brink, 1969:159).

Midi is nie die gelyke van Brink se reeds behandelde reisboeke nie. Dit doen egter nie afbreuk aan Brink as reisverhaalskrywer nie. Om as leser 'n reisgeenoot van die skrywer te wees, is 'n ervaring, want saam met Uys Krige bestuif hy die Afrikaanse reisprosa met die geestelike rykdom van die Romaanse erfenis.

Brink gee in sy "Voorwoord" tot Fado besonderhede oor wat die leser in die reisboek kan verwag: "'n skynbaar chronologiese verslag van die reis, maar so gehanteer dat elke hoofstuk beweeg tussen die spesifieke en lokale van die betrokke plek en die grotere wat daardeur opgeroep word (geskiedenis, legendes, gebruike, kuns, ensovoorts)". Later in dieselfde paragraaf vermeld die skrywer die volgende: "So ver as moontlik het ek dit probeer inklee binne die raamwerk van die epos van Camões, om te probeer aandui hoe die hede sy beslag kry in die beeld van die verlede" (Brink, 1970:13).

Fado handel oor 'n reis in Noord-Portugal. Deur Camões se Os Lusíades as matrys vir die reisbeskry-

wing te gebruik, het 'n mens dieselfde werkwyse as in Olé. Die eiesoortigheid van Portugal, "'n toevlugsoord van rus en vreugde" (Canto 9), word dwarsdeur die werk met verwysings uit Os Lusíades aangedui. Die heroïsme van die ontdekkingsreisigers tydens die ekspansiewe gees van die "Portugese Goue Eeu" (p. 19), byvoorbeeld Prins Hendrik die Seevaarder, Dias, Vasco da Gama, later Cabral, Corte Real en Magelhães en die gevolglike belangrikheid van Portugal in die wêreldgeskiedenis, het Camoes beweeg om sy koning "as vors van afgeleë gebiede wat die son se blik begroet wanneer hy opkom, wanneer hy halfpad deur sy reis is en wanneer hy te ruste gaan" (Brink, 1970:19) aan te spreek. Hierteenoor gebruik Brink 'n paradoksale beeld om die eietydse passie van die Portugese volk te illustreer: sokker het vandag die spel van lewe en dood geword en die "aardbol van die Ontdekkingsreisigers het gekrimp tot die grootte van 'n sokkerbal" (p. 80).

Die skrywer se vindingrykheid en skryftalent word in die reisbeskrywing tog in 'n mate deur geforseerde beeldgebruik, lang verwysings en 'n oormaat van klein insidentjies geskaad.

Parys-Parys: Retoer bestaan uit sketse en vertellings oor Parys waarvan die meeste oorspronklik in Die Beeld verskyn het. 'n Mens vind hier die taalvir-tuoos wat oorwegend die luime van die stad in 'n geestige trant aanbied. In "Die nag van die barrikades", wat eintlik 'n essay is, gee die skrywer nie net sy indrukke van die studentewolusie weer nie,

maar hy interpreteer dit. Dit is 'n ernstige stuk en hy kom met insiggewende informasie vorendag. As 'n mens die reisskets sou onderskei en beskryf, is daar in dié werk mooi voorbeelde van bogenoemde te vind.

4.5.5 Abraham H. de Vries

De Vries, wat aan lesers bekend is as skrywer van kortverhale, het met Die rustelose Sjalom (1965) die skrywersgeledere van die reisprosa betree. Die "vreemde" woord Sjalom in die titel van die boek word vooraf verduidelik: "Sjalom is die groetwoord van Israel. Dit beteken 'vrede'" (De Vries, 1965). Die reisboek wyk in 'n groot mate af van die tradisionele pelgrimstog deur die Heilige Land. Die verstommende afwisseling in die werk word deur die skrywer self verklaar: "Gedagtes. Wense. Vlugte van die verbeelding — stukke van dié soeke" (p. 19).

Die betekenis van die woord "vrede" het in Israel relatief geword, want die land en sy mense leef voortdurend in die skaduwee van 'n oorlog. In die land waar die Vredemaker eens Sy vredesboodskap verkondig het, het die vrede nou rusteloos geword. In Israel waar daar altyd 'n oorlog dreig, het die soeke na 'n nasie-identiteit en vrede "'n ironiese sjalom" (Snyman, 1968:508) geword. 'n Mens lei ook uit die naoorlogse geskiedenis van Israel af dat "die rustelose sjalom ook 'n tragiese sjalom geword het" (Snyman, 1968:50). Die meerduidige betekenis van die "sjalom", soos 'n mens dit in die boek vind, impliseer ook dat groet 'n bede word — 'n vooruitsig na 'n

blywende vrede.

Die insident van die vrou in die hotelkamer (p. 97-98), waarvan die skrywer sonder verdere kommentaar vertel, wys heen na die verskrikking van die konsentrasiekampe tydens die Tweede Wêreldoorlog. Die beeld aksentueer die tragiek van die Jood in die wêreld, want dit was haar lot om die Dawidster van haar gesneuwelde tienjarige seun se hemp af te sny.

Met 'n breë voorkennis van die Heilige Land rig De Vries hom in die reiskommentaar spesifiek tot die Suid-Afrikaner; vandaar die didaktiese element, byvoorbeeld: "'n Nuwe soort nedersetting het toe ontstaan, die kibboets (meervoud: Kibboetsim)" (p. 37).

Omdat De Vries in die werk 'n duidelike objektiewe houding het (p. 68), kan hier kwalik van 'n bindende reisiger-skrywerspersoonlikheid gepraat word. Die reisboek is in sy geheel gesien 'n omvattende snit van waarnemings wat wissel van die ou Ortodokse Jodendom tot kernreaktor.

In Afspraak met eergister (1966) vertel De Vries van sy reis in Griekeland, en na enkele van die Griekse eilande. Volgens die informasie aan die leser op die flapteks was dit klaarblyklik die bedoeling van die outeur, om benewens die relaas van sy reis ook 'n beeld van die klassieke oudheid van die land te gee. Van die tweeledige opset het die skrywer hom deeglik gekwyd, want "vir elke besienswaardigheid was hy ensiklopedies knap gewapen en verkry sodoende opnuut aandag vir die byna sprokiesagtige karakter van

ons beskawingsvoorposte" (Truter, 1967:735).

'n Mens kry die indruk dat hier met vaart gereis en geskryf word; gevolglik het die dieptebeeld van Griekeland, wat aanvanklik 'n belangrike faset van sy doelstelling was, nie ten volle in vervulling gekom nie. Weer eens slaag De Vries nie daarin om die talryke gegewens met sy eie persoonlikheid te bind nie; daarom het die werk 'n fragmentariese karakter en 'n gebrek aan 'n sentrale gedagte. Die substansie wat die skrywer aan die werk wou gee deur historiese gegewens te gebruik, is deur 'n oormaat van detail geskaad en dikwels oorbekend, byvoorbeeld die geskiedenis van Sparta. Die styl in die reisboek kom maar "bloedarmoedig" (Truter, 1967:735) voor, en sekere taalgebruiksvorme kon meer aandag verdien het: "Oor die afloop kan ons kort gaan" (p. 33) en "Vanaf die balkon voor ons kamer af lyk die stad soos . . ." (p. 43). Dit is ongetwyfeld so dat De Vries nie in Afspraak met eergister dieselfde peil van vakmanskap handhaaf as waaraan 'n mens in sy kortkuns gewoond is nie.

Joernaal uit 'n gragtehuis (1968) is die produk van De Vries se driejarige studieverblyf in die "alouwe" stad, Amsterdam. Die saaklike aanbieding van talryke gegewens in die joernaal laat die werk na 'n informele reisgids lyk en vir diegene wat daarin belang stel, is hier 'n mosaïek van die sprokiesagtige en idilliese stad Amsterdam te vind. Die joernaal bestaan uit tien essays, en handel oor Amsterdam se torings en gragtehuise, sy kroegies en carillons, sy

gewelstene, byname, trems, provo's en sy verdwynende Jordaanbuurt.

As kortverhaalskrywer is De Vries lief vir mense en in die verband bied die vyfde hoofstuk, "Kroegsketse op 'n duimnael", groot leesplezier. Peet, wat die helfte van die aand intelligent en die ander helfte oor sy ma gesels, word so gekarakteriseer: "Hy is 'n oujongkêrel, op en top 'n heer in sy kleredrag, maar met 'n oop kol in sy karakter, waarin net mooi ses of sewe glase bier pas" (De Vries, 1968:49).

De Vries se reisessay, "Eerste woonplek in 'n gekke stad" en die reisskets, "Amsterdam", wat onderskeidelik in die versamelbundels Trekvoëls en Stad en stedelig opgeneem is, het albei verband met sy Nederlandse verblyf.

4.5.6 Chris Barnard

Barnard, in teenstelling met die meeste prosateurs van sy tyd, het tot dusver nie 'n afsonderlike boek oor sy buitelandse reiservaringe geskryf nie. Sy reisprosa bestaan eintlik uit verstrooide tekste wat in verskillende versamelbundels gevind word: "Op 'n dag in Rome" (Herinnering se wei), "Die swaeltjies van Positano" (Kompas) en "Parys" (Stad en stedelig). Al drie die prosas kan as reissketse tipeer word, waarvan die eerste, "Op 'n dag in Rome", 'n herinneringsbeeld — weggebêre in die een woord "Boschrand" is. Die nostalgie na sy vaderland en spesifiek sy familieplaas, word vanuit Rome in die beeld van sy

vader vergestalt: "Daarom is Boschrand vir my 'n bruingebrande vader met kortbroek en kamaste wat na lemoene en nartjies ruik en van droogte praat; 'n man wat vyfuur in die oggend vir die honde fluit om sy perd te gaan haal en dan die lug bespied . . ."

(Barnard, 1966:34). Hieruit blyk dit dat die skrywer die beskrywingskuns deeglik kan hanteer; Coetzee (1971:21) se bewering dat Barnard "een van die belangrikste stiliste in die Afrikaanse prosa vandag" is, word in die reissketse bewaarheid.

4.5.7 Breyten Breytenbach

Die oeuvre van Breytenbach, wat hoofsaaklik uit poësie bestaan, besit die uitsonderlike kenmerk dat elke onderskeie werk van die skrywer omstrede was. Die onkonvensionele vorme, die opgaan in die surrealisme, die bevryding in die Zen-Boeddhisme, die "post-apokaliptiese" (Brink, 1971:7) tendens; die hantering van die vrye vers en die "nuwe" idioom waarin hy sy poësie verwoord het, het nie allêen die buitengewone aandag op sy werk gefokus nie, maar sy "vlammende tong" (Brink, 1971:5), waarmee hy sy verset teen die huidige staatsbestel aangeteken het. Die talle literêre toekennings wat hy vir sy werk, onder andere die Perskorprys vir 'n Seisoen in die Paradys (1976) verower het, bewys die voortdurende aandag wat sy bydraes tot die Afrikaanse woordkuns getrek het.

'n Seisoen in die Paradys het sy ontstaan te danke aan 'n besoek van negentig dae, wat Breytenbach vergesel van sy vrou, aan Suid-Afrika gebring het. Die

grondpatroon van die werk is dié van 'n reis-dagboek, maar eintlik is dit "'n veelsinnige reis" (Brink, 1977:16) wat afgelê word, waarvan die "Paradys" in die titel 'n vindingryke heenwysing is. Dat hierdie werk, volgens sy uiteenlopende aanbiedingswyse en inhoud, moeilik onder 'n gesamentlike noemer geplaas kan word, word uit die terminologie van die skrywer self waargeneem. In sy tipering van die boek, wat die teks voorafgaan, praat hy van

"(Dagverhaal, Nagverhaal

'n Inreis, geskryf met die oë tóé)";

dit word egter gerelativeer met "maar dis nie te sê nie . . ." Verder praat hy van 'n "landreis" (p. 148), "'n notaboek" (p. 43), "dagregister" (p. 174), "rapport" (p. 174), "ooptoeboek" (p. 182), "verblyf in die paradys" (p. 103) en "hierdie boek . . . het 'n moralistiese strekking" (p. 139) wat die veelkantigheid van die reisboek goed illustreer.

Die reiselement in die werk impliseer nie net 'n reis na binne, 'n herinneringsreis deur sy kinderjare en 'n reis deur die vaderland nie, maar hy besin ook op grond van ander se ervaring oor die doel van sy reis, soos byvoorbeeld: "Odysseus wat opneem, wat ervaar, vir wie die wêreld oopgaan van onbekende na onbekende; en soos 'n Rimbaud wat homself afsluit om hom te werp in die peilloose afgrond van die self — op soek na 'n total vision, 'n totale siening van die wêreld, die waarneembare, die syn" (Breytenbach, 1976:179). Dit is wat in die reisboek gebeur: die skrywer kom

na 'n "ballingskap" van dertien jaar om bestek van "die land van sy vader" op te neem en na sy ervarings en waarnemings van sy kort landreis, hou hy, hoe een= sydig ook al, 'n persoonlik totale siening daarop na.

Sy besoek aan Suid-Afrika is ook 'n proses van "reïntegrasie" (Brink, 1977:16), want hierdeur betrek hy hom weer in "ons selfvernietiging, ons dood" (p. 124). Dit bring mee dat 'n Seisoen in die Paradys die eerste reisboek in Afrikaans is wat onder betrokke literatuur geplaas kan word. Breytenbach se verbittering jeens die politieke magsbedeling in Suid-Afrika, lei tot persoonlike evaluasies, byvoorbeeld van die Suid-Afrikaners (p. 165), waar hy sy eensydige siening verabsoluteer en skroom om 'n alternatief wat uiteindelik 'n utopia vir almal sal beteken, te bied. 'n Veragtelike uitspraak soos: "ons wittes is die skuim van 'n beskawing wat gebaseer is op onregte", (p. 165) dui op 'n bepaalde verset wat eerder chaos as 'n sinvolle oplossing kan bewerkstellig.

Die geestesproses wat tot literatuurskepping lei, impliseer ook 'n reis. In Om te vlieg vind 'n mens die kreatiewe verkenning, wat in 'n Seisoen in die Paradys uiteindelik tot 'n kulturele transformasie moet lei. Sy kuns-teoretiese opvatting oor die skeppingshandeling: "Groot gesien begin skryfwerk vir my by verset — eerstens verset teen die dood" (p. 135), het verband met die skuilnaam B.B. Lasarus, wat by die titel van die werk verskyn. Lasarus (Joh. 11) is die man wat deur Jesus uit die dood opgewek is; Lasarus (Luk. 16:19) is by sy dood deur

die engele na die boesem van Abraham weggedra. Die naam Lasarus sinjaleer dus die paradoksale aard van die skrywer-verteller se reis tydens die besoek aan sy geboorteland: hel (die ryk man in Luk. 16) teenoor hemel, ballingskap en paradys, lewe teenoor dood.

Die outonomie van die reisbeskrywing word verdwerg deur lang besprekings van byvoorbeeld sy "humanisties-relativistiese kunsteorie" (Steenberg, 1978:15); sy eenogige "blik van buite" (p. 119); sy skrywersakt wat op die hiër en nou (p. 128) sonder enige ewigheidsperspektief gerig is, en sy intens-doelgerigte betrokkenheid in die politieke situasie in die land.

In die reisboek met sy vele kante word die genregrense, net soos in André P. Brink se Orgie, oorskry. Die reismotief in die werk word ook handig gebruik om 'n veelheid van uiteenlopende besonderhede te bied: emosionele weergawes van ontmoetings met sy familie, sy "reise" deur die filosofie, sy betrokkenheid met die land en sy felle kritiek teen die politieke rigtings in die land.

Alhoewel die skrywer-verteller ook as hoofkarakter by die gebeure binne die bepaalde tydruimte betrek is en "die stroom van hierdie denke binne die oewers van 'n ryklik geboetseerde taal vloei" (Steenberg, 1978: 16), is dit moeilik om hierdie werk te benoem, want hierin vind 'n mens 'n vermenging van jeugherinneringe, waarnemings wat in dagboekvorm geskryf is, drome, visioene, poësie en vertellings in briefvorm. Die werk bly in sy wese 'n beskrywing van 'n "land=

reis" wat deur die skrywersbetrokkenheid in 'n groot mate verdoesel word. Hierdie reisboek lewer in ieder geval 'n uitsonderlike bydrae tot die Afrikaanse reisprosa.

4.5.8 Hennie Aucamp

Die kortverhaal het gedurende die sestigerjare, hoewel op minder sensasionele wyse, dieselfde vernuwing as die roman deurgemaak. Hennie Aucamp was nie net 'n skrywer wat die volwassewording van die Afrikaanse prosa beleef het nie, maar hy was mede-eksponent en teenswoordig 'n bedrewe beoefenaar van die kortkuns. Sy bemoeienis met die subgenre het ook tot gevolg dat hy as die belangrikste teoretiseerder rondom die kortkuns beskou word. Sy skrywerskap het ook verder die waarde dat hy reisskryfwerk, soos dit in die kortkuns hier te lande sy beslag gevind het, bestendig het.

Reisprosa verteenwoordig 'n belangrike deel van die bydrae wat Aucamp tot die kortkuns gemaak het. In al drie die versamelbundels van reistekste in Afrikaans, naamlik Trekvoëls, Kompas en Stad en stedelig is daar van hom "prosas" (Aucamp, 1969:15) wat al voorheen verskyn het, opgeneem. Die laaste afdeling in Spitsuur (1967) is op reisindrukke gebaseer en het 'n sterk outobiografiese karakter. Die belangrikste stuk in die afdeling, naamlik "My tante wat in Chelsea woon", wat later in hoofstuk vyf bespreek sal word, toon besondere eienskappe van die kortverhaal.

Karnaattjie (1968), wat die skrywer self "reissketse en essays" noem, bestaan uit sewentien stukke. Dit is egter moeilik in die werk om tussen reisskets, -essay, -vertelling en -beskrywing te onderskei. Dit is ook moeilik om te bepaal of die essays oor die Afrikaanse realiteit werklik reisprosa is, en nie eerder as kontreikuns bestempel moet word nie. "Nag=boot na Ierland", die eerste stuk in die bundel, is 'n voortreflike reisskets waarin die skrywer "soos 'n kamera op die aanwesiges ingestel [is]" (Aucamp, 1968:10) en waar hy in kundige en sensitiewe taal sy medereisiger so waarneem en beskryf: "Sy pet hang oor die een oog, en as hy sy kop teruggooi om 'n hoë noot aan die manelpunt beet te kry, vang sy horlosie=ketting die lig" (Aucamp, 1968:11).

Aucamp se Stormberg-literatuur kan nie as reisprosa beskou word nie, omdat dit struktureel eerder onder kontreikuns, herinneringe aan 'n streek en sy mense, "'n Boplaas, 'a landschape of the mind'" (Aucamp, 1971:129) — 'n Heimatkunst tuishoort.

4.5.9 Audrey Blignaut

Hierdie skryfster se bekendheid en gewildheid lê in haar bydrae tot die kortkuns opgesluit: sy het ook met die verloop van die tyd 'n beminde outeur by 'n wye leserskring in Afrikaans geword. Haar spranke=lende bundel reisessays, Die verlange loop ver (1969), is 'n besinning oor verskeie waarnemings en gebeure tydens 'n wêreldreis in elf lande. Die opvallendste essay in die bundel, "Die onverganklike spoor",

handel oor daardie onbegryplike dimensie van mens=wees. Haar lang gekoesterde ideaal, naamlik om die spoor van haar oom op te volg, wat in selfopgelegde ballingskap in Bermuda gesterf het, word uiteindelik bevredig. Die "helder herinnering aan 'n brokkie warm menslikheid" (Blignaut, 1969:78) wat sy by 'n vroeëre werknemer van haar oom gekry het, laat haar met 'n nuwe wete teruggaan: "dat die enigste spoor wat nie vergaan nie dié spoor is wat een mens laat op die hart van 'n ander" (Blignaut, 1969:78).

Die nuwe visie van die vertelster gee aan die reis=essay nie net algemene geldigheid nie, dit bring 'n insig wat elke mens raak en die grense van die lokale oorskry. So 'n interpreteerbare inhoud verhef die reisprosa tot meer dan 'n verslag of beskrywing van 'n reis.

4.5.10 Anna M. Louw

In 'n artikel van Johan Vosloo (1976:18) oor Anna M. Louw sonder hy één kenmerk van haar as mens uit: "Mense wat haar goed ken, sê dat sy 'n intens nuuskierige mens is. Van die mooi soort nuuskierigheid wat op werklike belangstelling gebou is". Dit is dus aanneemlik dat reisskryfkuns so sterk in haar oewre verteenwoordig is — deur haar sobere styl en die vermoë om 'n atmosfeer te skep, slaag sy daarin om die leser nuuskierig saam met haar in die verbeelding te laat reis. Die reismotief is verder ook 'n sterk onderliggende faktor waar die leser saam met haar die spore van Paul Kruger in Die Banneling en

Die groot gryse gevolg het.

Haar letterkundige prestasies, veral op die gebied van die prosa in 'n betreklike kort tyd, is genoeg getuigenis dat sy onder die voorste Afrikaanse skrywers gereken kan word: Olive Schreiner-prys (1964) vir haar eerste en enigste Engelse roman Twenty days that autumn, Scheepers-prys (1968) vir Die voortreflike familie Smit, W.A. Hofmeyr-prys (1971) vir Die groot gryse en die C.N.A.- en Hertzogprys (1976) vir Kroniek van Perdepoort. Die hoë erkenning wat die werk van die skryfster van die kant van die Afrikaanse literêre kritiek ontvang het, laat nie net die leser met 'n ander bril na haar reisboeke kyk nie, maar beklemtoon weer eens die feit dat reisprosa, wat in die periode 1955-hede verskyn het, 'n noemenswaardige onderdeel van die belangrikste prosateurs se skryfwerk uitmaak.

Agter my 'n albatros (1959) is die skryfster se eerste reisboek, waarin sy haar herinneringe aan 'n besoek aan sekere dele van Duitsland, Switserland, Frankryk, Oostenryk, Italië en Holland beskryf. Die boek kan in twee afdelings verdeel word, naamlik die vertrek (hoofstukke 1-6) wat eintlik 'n voorspel tot die werklike avontuur van die reis is. Tweedens vind 'n mens vanaf hoofstuk sewe die verkenning van die vreemde wat eintlik die werklike herinneringe aan die reis weergee. Die skryfster se belangstelling in haar medemens is 'n boeiende aspek dwarsdeur die werk — dit word in die ware sin van die woord 'n motief op die reis: "Ook is ek gretig om my medepassa-

siers op te som" (Louw, 1959:7), en verder sê sy: "Ek is voorlopig in al my medepassasiers geïnteresseerd. Die groot avontuur van hierdie lewe bly maar 'n mens se medemens. Reeds het ek my eerste vlugtige gevolgtrekkings oor my passasiers gemaak" (Louw, 1959:16).

Haar grootste belangstelling tydens die reis in Europa is die waarneming van die mens en sy besondere leefwyse waarop sy die insig nhou, byvoorbeeld dat die naoorlogse mens in Duitsland "aan geweld gewoon geraak het" (Louw, 1959:56). Die besef van die naoorlogse geestesklimaat, vind sy in die onverskillig neutrale houding waaroor die mense oor hulle swaarkry kan vertel. Sy beskryf die Fransman (p. 129), sy vertel van die Oostenryker se "talent vir ondoeltreffende kraginspanning" en die Engelse se "gebrek aan geesdrif" in teenstelling met hulle "niceness" (p. 190).

Die reisboek, waar 'n mens 'n sensitiewe waarnemer en bedrewe stilis aan die woord het en waar baie interessante verhaale word, wyk nie veel af van die tradisionele reisbeskrywings, soos 'n mens tot dusver hier te lande gevind het nie.

In Dié wat met die fluïte loop (1967) vertel die skryfster van haar deeglik beplande reis deur die Skandinawiese eilande en Rusland. Gedagtig aan die woorde in Jesaja en die kaalvoet-Bruinkind wat een Nuwejaar "saam met die gewiglose ritme van die fluïte geloop en gehuppel het" (Louw, 1967:8), word haar

reis gaandeweg, na die aanvanklik gidsboekagtige aanbieding, 'n vreugdevolle lied. Haar vooruitsig na die uitdagings wat die reis vir haar gaan inhou:

"... ek besweer my voete om trou te loop, my oë om waterpas te kyk, my ore om fyn en geduldig te luster" (p. 8), bevat al die toerusting wat 'n reisboekskrywer moet hê.

Die Moskou-verblyf is die hoogtepunt van die reis. Die skryfster se belangstelling het klaarblyklik in die eerste plaas na die letterkunde uitgegaan, en in Leningrad het sy die spoor van Dostojewski — soos sy in Moskou na Tolstoi se verblyfplek gesoek het.

Die reisboek is die getuienis van 'n reisiger met 'n fris en ontvanklik geestelike instelling vir waardevolle besienswaardighede.

Die Afrikaner se belangstelling in die Heilige Land kan aan sy geborgenheid in die Protestantisme toegeskrif word. Dit het eerder die reël as die uitsondering geword dat die toerprogram van die Afrikaanse reisiger 'n besoek aan Israel insluit; gevolglik bestaan daar juis oor Israel al so 'n groot hoeveelheid reisliteratuur. Dat Anna M. Louw se "belangstelling in die mistieke sy van die godsdiens" (Louw, 1972:64); as Christen-gelowige (Louw, 1978:14) 'n goeie kennis van die Bybel besit en haar intense belewing van die waarhede van die Heilige Skrif tydens haar besoek aan Israel tot 'n reisboek gelei het, het 'n mens nie verbaas nie.

In vergelyking met haar twee vorige reisboeke is Die derde tempel (1978) in sy geheel beter georganiseer. Sy tipeer die werk as "'n essay oor 'n besoek aan Israel"; alhoewel sy getrou aan die aard van die essay filosofeer en bespiegel en bestaande opvattinge aan die werklikheid toets, word die reiselement nie daardeur verdring nie. Trouens, irrelevante kleinnighede van die bustoergroep-opset vorm te dikwels 'n skerp kontras met die ernstige bepeinsinge oor gewichtige Bybelwaarhede: Fayad, die toergids, wat die wetenswaardighede te los en vas uitstal en kleiner toeristiese ervarings, byvoorbeeld die rompslomp van die doeane, soewenierwinkels, onverskillige bestuurders, ensovoorts.

In die reisessay word veel meer aangebied as wat beskouend beskryf kan word. Die geografiese reis gaan hier met die innerlike reis deur die gemoed van die skryfster gepaard. Die skryfster se grondige kennis van die Bybel stel haar ook in staat om aan die werk 'n dieper dimensie te gee. Die diepgang wat in 'n mindere of meerdere mate dwarsdeur die reisessay gevind word, kan aan die onderwerpkeuse, naamlik die geskiedenis van die Judaïsme, waarvoor die skryfster 'n groot bewondering het, toegeskryf word.

Die sentrale gedagte waarom die essay sy beslag gevind het, handel oor die onverwoesbare eenheid en die oorlewingsgeskiedenis van die Jodedom. Die volgende twee verwysings dui op die tema wat uiteindelik in die idee van "die derde tempel" kulmineer: "Al die groot empires, dié van Assirië, van Egipte, van

Babilonië, van die Grieke, van die Romeine, van Brit=tanje en die Derde Ryk — dood, dood, dood. Jy ont=dek met iets soos skrik hoe min dood die geskiedenis van die Jode is" (Louw, 1978:17) en ". . . hulle ewig=durende geloof aan hulleself, hulle verbondenheid met die Rots van Israel" (p. 17).

Bogenoemde twee uitsprake kan na die opdrag van Kores aan die Jode omtrent 539 v.C. teruggevoer word:

". . . en Hý het my opgedra om vir Hom 'n huis te bou in Jerusalem wat in Juda is" (III Kronieke 36:23). Kores, die koning van Persië, het dan met dié woorde verlof aan die Joodse bannelinge gegee om na Pales=tina terug te keer.

Op die heilige berg waar die tempel van Salomo (die eerste tempel) gestaan het, het hulle die tweede tempel gebou. Later het Herodus die Grote die tempel omgebou in die pragtempel van Jesus se tyd wat deur die Romeine verwoes is.

Na die skryfster parallel met haar fisiese reis die geskiedenis van die moderne Israel uitgediep en be=peins het, kom sy by die essensie van die onvoltooide geskiedenis van die Heilige Land uit: "Is die Isra=eli's wat so ywerig bou aan iets wat na hulle mening nuut is, nie God se miere nie wat klaar aan die bou is aan 'n plan wat in die Begin ontwerp is? Sal die derde tempel nog in ons leeftyd gebou word?" (Louw, 1978:124). Die problematiek van die Jodedom word in die vorm van 'n vraag gestel. Die vraag is nie net meerduidig nie, maar hou ook iets van 'n apoka=

lips in, en die idee wat in die moontlike antwoord saamgevat word, raak nie net die Israeli's nie, maar vra ook die oordenking van miljoene Christene.

4.5.11 Elsa Joubert

Hennie Aucamp (1972:41) sê tereg: "wat produksie-met-gehalte" betref, Elsa Joubert 'n indrukwekkende bydrae tot die reisboek gelewer het. Die reisboeke wat agtereenvolgens van haar verskyn het, is die volgende: Water en woestyn (1956), Die verste reis (1959), Suid van die wind (1962), Die staf van Mono-motapa (1964), Swerwer in die herfsland (1968) en Die nuwe Afrikaan (1974). Daar is ook verdere bydraes tot die versamelbundels Kompas (1965) en Dames sewen-tien; "Die woud wat sterwe" (uit: Suid van die wind) is in Trekvoëls opgeneem, terwyl 'n mens "Kaïro", 'n herinnering aan haar Egiptiese reis in die vorm van 'n reisskets, in Stad en stedelig vind.

Elsa Joubert se reisskryfwerk en romankuns het twee opvallende kenmerke gemeen: die onrustigheid van Afrika, sy konflik en aanpassing, die aardsheid van sy mense en sy bloedige rewolusies was vir haar in die meeste van haar prosawerk 'n boeiende onderwerp; tweedens vind 'n mens die reismotief nie net in haar reisboeke nie, maar ook in haar romans soos in Ons wag op die kaptein en Bonga. In Die swerfjare van Poppie Nongena verteenwoordig die swerftog van Poppie nie net 'n eiesoortige reiselement nie, maar die ironie van 'n bepaalde problematiek hier te lande word in die "swerf" beklemtoon. Die skryfster het

tydens haar reise die woelinge, rassewrywing, die kreet om vryheid van die lande en eilande suid van die ewenaar seismografies opgevang, en dit in haar reisboeke so verwoord dat die leser die onderliggende spanning van die deel van Afrika kan aanvoel.

Die verste reis en Swerwer in die herfsland in vergelyking met haar ander reisbeskrywings, het geen verband met Afrika nie. Die eersgenoemde boek sluit sy soos volg af: "En ek het geweet die verste reis wat 'n mens kan maak, is van mens tot mens, deur die hart" (Joubert, 1959:160). Met die woorde noem sy eintlik self verdere eienskappe in haar reiswerk, naamlik haar belangstelling in haar medereisigers, die mense van die bereisde lande en haar opvatting van 'n reisverhaal: "dat daar 'n tweede reis móët wees" (Joubert, 1972:51). Die subjektiewe betrokkenheid van die skryfster by 'n reissituasie gee aan haar werk 'n intensiteit wat moeilik met die eerste deurlees verteer kan word. Uit die volgende passasie kan 'n mens iets van die skryfster se begeerte van individuele beleving van die vreemde agterkom: "Om in 'n nuwe stad heeltemal alleen te wees, heeltemal onbevange en onkundig, is op sy manier bekoorlik" (Joubert, 1968:64). In bogenoemde twee reisboeke slaag die skryfster daarin om die onsigbare, sowel as die sigbare wêreld raak te sien en om die feitlike substansie en verbeelding in 'n eenheid te laat sluit.

Elsa Joubert se belangstelling in die mens gaan verder. In Suid van die wind verhaal sy die spanning

rondom die rassestruktuur en rassebetrekkinge in die drie eilande suid van die Moesonwinde. Die staf van Monomotapa, 'n beskrywing van haar reis deur Mosambiek, bied weer 'n blik op die mens binne die konteks van die ontwaking van die Afrika-nasionalisme. Haar doel met die reis was om te sien of Salazar se beleid van "kulturele assimilasië, gebaseer op die totale afwesigheid van die kleurskeidslyn" (1964:10) werklik die antwoord op die probleem van die witman in Afrika is. 'n Mens kan sê dat elke reisverhaal van Elsa Joubert 'n "pit" het, waarin sy al die informasie en motiewe in 'n idee laat kulmineer. In die reisboek word die staf, 'n namaaksel van dié van koning Monomotapa wat sy op haar reis present gekry het, 'n "simbool van die kleinood wat ons [witman] al die eeue lank in Afrika soek", en van "ons vreedsame voorspoedige samebestaan" (1964:195) met anderskleuriges. Sedert die teks geskryf is, het die realiteit van die geskiedenis die skryfster se illusie van die Mosambiek-werklikheid her-skryf en anders bevestig.

Voortreflik is ook die styl waarin sy haar reisprosa aanbied. Dat Van Melle haar geleer het om eenvoudig en "'n sin sonder opsmuk te skrywe" (Joubert, 1972:46), is in die volgende passasie waar te neem: "Nou wil ons nie weer binnegaan nie, want die maan kom op. Net so rooi soos die son wat gesak het, hang dit in die swart hemel, gooi 'n rooi skynsel op die rivier wat reguit na ons toe loop" (Joubert, 1964:171).

Die nuwe Afrikaan is 'n reisbeskrywing wat 'n eerste-handse weergawe bied van die situasie in Angola voor die omverwerping van die Portugese bewind. Hier is 'n waarneemster aan die woord wat haarself rekenskap probeer gee van die angswekkende inhoud van die Afrika-kontinent. Deur waarneming, indringende gesprekke met die amptenare, besoeke aan verskeie onderwysinrigtings, 'ensovoorts wend sy 'n opregte poging aan om by die kern van die Angolese mens — en politieke problematiek uit te kom.

Die vraag wat die skryfster stel aan sr. Joaquim Gonçalves, die direkteur van die Escola Habilitacao Professores Posto: "Hierdie stryd om die mens, die hermaak van die swartman om in te pas in die Lusitiaanse struktuur?" kan as die kerngegewe van die hele boek beskou word. Die antwoord op die vraag, wat ook op die titel van die boek dui, naamlik: "En die mens? Afr.-Lusitaniër, Euro-Afrikaan, Nuwe Afrikaan, noem hom wat jy wil. Europa in Afrika. Op voorwaarde dat daar mededeelsaamheid is" (1974:127), weerspieël die filosofie van die eertydse koloniale beleid.

Elsa Joubert as mede-Afrikaan het goeie begrip vir die menslike situasie in Angola, maar sy dring nie deur tot die "gewone mense" van die land nie. Die feit dat haar gesprekvoering altyd met amptenare is, bly daar 'n afstand tussen haar en die werklike hart van die volk. Dat die groot hoeveelheid "amptelike" informasie nie 'n verslagvorm aangeneem het nie, kan alleenlik aan die skryfster se stilistiese vermoë toegeskryf word. In die eerste hoofstuk waar sy

besoek aan die gevaarlike streek rondom Carmona aflê, herskep sy die "diep spanning, [die] geweldige streming, van onvrede" (1974:9) op so 'n sober wyse dat 'n mens hier uitmuntende woordkuns kry.

Die nuwe Afrikaan, wat volgens die visie van die skryfster uit die konglomeraat van rasse in Angola gebore moet word, lê in die beskrywing van sr. Oscar Ribas opgesluit: "lojaliteit teenoor die eie, maar oopstelling van die nuwe" (Joubert, 1974:54). Hierdie nuwe Afrikaan, waarvan die skryfster destyds duidelike tekens kon waarneem, het weens die Marxistiese oorname van individu tot kommunisties georiënteerde mens gedegradêr.

Al die reisboeke van Elsa Joubert, behalwe Die verste reis, is van 'n kaart van die bereisde land, toeliggende foto's en 'n leeslys voorsien. Die werkmethode hang saam met haar opvatting van 'n reisboek: "Jy moet ook jou gegewens kontroleer. Ek is baie gesteld op akkuraatheid; ek wil nie net 'n indruk en 'n halwe waarheid gee nie" (Joubert, 1972:48). Die woorde beklemtoon dié belangrike aspek: in die reisprosa word die werklikheid vanuit die waarnemingshoek van die reisiger-skrywer beskou; hoewel subjektief, is dit 'n kontroleerbare weergawe van die gebied wat bereis word. Dit beteken geensins dat die reisboek 'n inligtingstuk is nie, maar eerder 'n prosa waar daar balans tussen informasie en verbeelding moet wees. 'n Mooi voorbeeld hiervan is Elsa Joubert se reis-skets, "Musiek in Berlyn" (Kompas), waar daar aan die einde 'n kontras tussen die informatiewe en

illusie geskep word: die oorlogsverwoesting in Berlyn teenoor die onvernietigbare geestesbesit van die mens — vier spelers in 'n vervalde kamer wat Mozart se "Eine kleine Nachtmusik" bo die ruïnes laat uitstyg.

Die belang van Elsa Joubert se bydrae tot die reisprosa is dat sy die mens bo die geografiese gesteldheid van die bereisde land as teenspeler gebruik het. Daarmee bied sy 'n verhelderende lig op die mens in die menslike situasie. Haar bydrae tot die teorie van die reisskryfkuns is nie net interessant nie, maar open nuwe perspektiewe vir die belangstellende om te ondersoek.

4.5.12 Verdere vroulike aanvulling tot die reisprosa van die periode

Adèle Naudé, wat minder bekend as die voorafgaande skryfster is, het 'n belangrike bydrae tot die reisprosa gelewer. Haar twee reisboeke, naamlik Strooihoed en sonbril (1965) en Tousandale aan my voete (1965) is 'n waardige toevoeging tot die Afrikaanse reisprosa. Verder vind 'n mens skryfsters, soos Olga Kirsch, Eleanor Baker, Henriëtte Grové, Petra Müller, Alba Bouwer en Margaret Bakkes wat in die vorm van 'n reisskets 'n bydrae tot die versamelbundel, Stad en stedelig, gelewer het. Weens die kwaliteit van die reissketse in die bundel, kan dit in 'n oorsig soos dié nie misken word nie.

Berig uit die vreemde (1966) is Schoeman se eerste Ierse dagboek. Hierin vertel hy van sy novisiaat=jaar in 'n Ierse klooster. Die tweede Ierse dagboek, Van 'n verre eiland (1968), dek die periode Oktober 1962 tot Februarie 1964, waartydens hy in die Ierse hawestadjie Gaillimh aan 'n universiteit studeer het. Albei die werke is eintlik verblyfjoernale, omdat die reis hier min ter sprake kom — dit gaan in hoofsaak oor "'n verblyf in twee kloosters en 'n handvol uitstappies — dit is die ondervinding waar=uit ek put" (Schoeman, 1968:141).

Koninkryk in die Noorde (1977) bied 'n verdere verken=ning van die Engelse Eilande, dié keer is dit Skotland. Hierdie werk is 'n tipiese reisbeskrywing. Die teks word deur 'n toeligtende kaart voorafgegaan en die informasie word volgens die reisverloop, soos dit van plek tot plek gevorder het, aangebied.

In die "voorwoord" gee Schoeman nie net 'n vooruit=skouing van die aard van die spesifieke werk nie, maar omvat hy eintlik die fundamentele teorie van die reisprosa as subgenre van die verhalende prosa: "Wat volg, is 'n beskrywing van Skotland soos ék dit er=vaar het. Die sentrale gedeelte beskryf 'n reis deur die Hooglande en Westelike Eilande, en verder in die boek 'n subjektiewe uitbeelding van die land — 'n samevatting van die indrukke wat ek gedurende 'n verblyf van 'n paar jaar opgedoen het, 'n versameling dinge wat vir my mooi, interessant of amusant was, 'n

reeks herinnerings wat ek graag sou wil behou, iets so persoonlik soos 'n brief of 'n foto-album" (Schoeman, 1977:9).

In werklikheid skep die reisboek die indruk van 'n foto-album: dit gaan oor belangrike historiese gebeure en figure, byvoorbeeld die onstuimige lewe van Maria Stewart; groot skrywersfigure soos Sir Walter Scott; Duncan Livingstone se verband met die Republiek van Suid-Afrika; hoe die sandsteen huis waar Burns oorlede is " 'n soort pelgrimsoord vir besoekers uit alle dele van die wêreld" (Schoeman, 1977:139) geword het. Die waargenome ding is keurig geselekteer en so georganiseer dat die leser aan die einde begrip het vir die koninkryk in die Noorde wat "gedurig en selfs opsetlik misken is deur Whitehall en Westminster" (p. 152).

Onderweg (1978) is 'n pot-pourri van herinneringe aan reise na stede en lande in Europa en die Engelse Eilande, wat hy in die jare van sy verblyf in Amsterdam onderneem het. 'n Mens kan die kort prosas as reisessays tipeer. As 'n "deurwinterde Europeër" (Brink, 1978:13) neem hy die Wes-Europese stede, landskap en mens deur 'n ander bril waar as die haastige toeris. Die religieuse toonaard in "Pelgrims=tog", wat in presiese en onopvallende styl aangebied is, is een van die boeiendste essays in die bundel. Wanneer die verteller langs die graf van Franciskus staan, berus hy in die volgende wete: "Wat werklik belangrik is, het behoue gebly, en sal ook nie vergaan nie" (Schoeman, 1978:17).

4.5.14 Samevatting.

Die opvallendste kenmerke van die reisprosa van dié periode kan soos volg saamgevat word:

* Die reisprosa van die periode was in 'n groot mate die produk van prosaïste wat op die een of ander gebied van die kunsprosa werk van formaat gelewer het. Dat die mees vooraanstaande skrywers, soos dit uit die bespreking waargeneem is, ook reisprosa geskryf het, maak dié subgenre 'n waardige neweproduk van die verhalende prosa.

* Verder is 'n mens bewus van skrywers soos Schalk van Wyk, Retief Oosthuizen, P.A.C. Kleinhans, A.T. Raubenheimer, en andere wat mooi bydraes tot die subgenre gemaak het.

* Dit is ook so dat die tydperk vanaf 1955 tot die hede van alle periodes tot dusver, die grootste vroulike verteenwoordiging gehad het.

* Die reisprosa van die periode is ook in 'n sterk mate deur die eksperimentalisme van die Sestigters beïnvloed. Reeds in Ernst van Heerden se Etiket op my koffer, wat verteenwoordigend van die vorige periode was, is daar al 'n afwyking van die tradisionele patroonmatigheid van die reisprosa te bespeur. Die chronologiese relaas van die objektiewe reisigerverteller moes in al hoe groter mate plek maak vir 'n struktuur waarin die sensitiewe waarnemer sy belewenisse kon weergee. Die reisiger-waarnemer se strukturerende funksie het groter geword; hy het

as 't ware medespeler geword en het die bereisde gebied met groter intensiteit beleef. In Elsa Joubert se "Die woud wat sterwe" (uit: Suid van die wind) beleef sy in die lang tog na die suide van die eiland die reiservaring; sy word betrek in die dialoog en sy praat vanuit in plaas van oor die reisgebeure.

* In Fado van André P. Brink organiseer hy sy materiaal op die stramien van Camões se Os Lusíades. In die Afrikaanse reisprosa is die tegniek nuut en skep dit die idee van 'n groter eenheid.

* Daar is ook in die periode met die vorm van die reisprosa geëksperimenteer. Die reisskets, na analogie van die kort-kortverhaal, het 'n heel populêre skryfvorm geword. Anna M. Louw se essayistiese werk, Die derde tempel, is ook 'n interessante variasie op die bekende vorm. Breyten Breytenbach se 'n Seisoen in die Paradys is 'n vormlike eksperiment wat tot dusver aan die Afrikaanse reisprosa vreemd is.

* Die reisiger-waarnemer het ook 'n ander instelling teenoor die realiteit wat hy waarneem: 'n mens vind nie meer 'n reportage van die reis nie, maar 'n vertolking. Dit kan nie sonder inlewing in die waargenome dinge geskied nie; derhalwe gaan die fisiese met 'n geestelike reis gepaard. Hierdie verdieping het die gevolg dat die reisindrukke van die reisiger-verteller rondom 'n tema gebou is en uiteindelik in 'n idee kulmineer. So 'n werkwyse kan aan die reisverhaal 'n essensie gee wat alle mense raak

en boonop kan dit 'n interpreteerbare inhoud hê.

* Die Sestigters se verset teen "die onbeholpe, vormlose styl, en die oorlaaide, versierde styl" (Louw, 1963:35) van die tradisionele prosa, het tot 'n uiters geraffineerde styl gelei. Dit is ook die styl waarin die jongste reisprosa aangebied word.

* Die aard van die kritiek van literatore oor verskeie reisboeke, soos dit in resensies gevind is, bewys 'n toenemende belangstelling in die reisprosa.

Dit is uit die historiese verloop van die Afrikaanse letterkunde duidelik dat die reisverhaal in elke, op= eenvolgende, literêre periode volwaardig verteenwoordig was. As die reisgeskrifte van die pre-literêre periode, wat egter niks meer as daaglikse verslag= houding was nie, met die reisprosa van die periode wat vanaf 1955 tot die hede gestrek het, vergelyk word, dan is dit duidelik dat die subgenre nie net 'n fenomenale ontwikkeling ondergaan het nie, maar histories sy eksistensie bevestig het.

Op grond van die historisiteit van die reisverhaal kan 'n mens die aanname maak dat die verskynsel as 'n kategorie van die kunsprosa gesien moet word. Uit die waarde wat die literêre kritiek, met uitsondering van enkele resensente, aan die reisverhaal toegeken het, lei 'n mens af dat die subgenre in die algemeen as literatuur beskou word.

Die plek wat die reisverhaal dus binne die raamwerk van literatuur histories verwerf het, bied 'n mens

dus die geleentheid om in die volgende hoofstuk sy struktuur te onderskei, en daarvolgens die verskeidenheid aan te dui.

Verwysings by hoofstuk vier

Antonissen, R. 1960. Die Afrikaanse letterkunde in die twintigste eeu. In: Nienaber, P.J. samest. Perspektief en profiel.

Antonissen, R. 1961. Die Afrikaanse letterkunde van aanvang tot hede.

Antonissen, R. 1952. Kaneel en eikekors. In: Standpunte, VII:2.

Aucamp, H. 1969. Die belydenis van 'n kortkunsbeoefenaar. In: Standpunte, jr. 23:1.

Aucamp, H. 1972. Elsa Joubert in gesprek met Hennie Aucamp. In: Gesprekke met skrywers, dl. 2.

Aucamp, H. 1968. Karnaattjie.

Aucamp, H. 1969. Midi. In: Die Burger, 5 Okt.

Aucamp, H. 1969. Oor boeke. In: Die huisgenoot, 26 Des.

Aucamp, H. 1971. Op die Stormberg.

Aucamp, H. 1966. Periskoop: Afrikaanse prosa. In: Kriterium, jg. 3:4.

Aucamp, H. 1978. Die reisboek op skool. In: Kort voor lank.

- Aucamp, H. 1965. Sout van die aarde. In: Krite-
rium, jg. 11:2.
- Barnard, C. 1966. Op 'n dag in Rome. In: Anon.
Herinnering se wei.
- Blignaut, Audrey. 1969. Die verlange loop ver.
- Bogaert, A. 1711. Historische reizen door d' Oos-
tersche deelen van Asia.
- Botha, Elize. samest. 1965. Afrikaanse essayiste.
- Botha, Elize. 1977. Die "letterkundige waarde" van
Bybellande deurreis. In: Scholtz, M. samest.
Die lewende Totius.
- Botha, Elize, samest. 1975. M.E.R. van naby gesien.
- Botha, Elize. 1973. Prosakroniek. In: Tydskrif
vir Geesteswetenskappe, jg. 13:4.
- Breytenbach, B. 1976. 'n Seisoen in die Paradys.
- Buning, Tj. 1952. Op ver paaie. In: Ons eie boek,
jg. XVIII:4.
- Brink, André P. 1967. Aspekte van die nuwe prosa.
- Brink, André P. 1977. Breyten se Seisoen triomfant-
lik — 'n plesier vir vakman en gewone leser.
In: Tydskrif-Rapport, 23 Jan.
- Brink, André P. 1978. Heimwee na die ryke verlede.
In: Rapport, 10 Sept.
- Brink, André, P. 1977. Jan Rabie se 21. In: Blok-
boek, nr. 23.
- Brink, André P. 1976. Jan Rabie. In: Voorlopige
rapport.
- Brink, André P. 1962. Lobola vir die lewe.
- Brink, André P. 1969. Midi.
- Brink, André P. 1968. Olé.

- Brink, André P. 1971. Die poësie van Breyten Breytenbach.
- Brink, André P. 1975. 'n Oomblik in die wind.
- Brink, André P. 1964. Op die drempel. In: Sestiger, jg. 1:3.
- Brink, André P. 1962. Pot-pourri.
- Brink, André P. 1978. Die prosa ná 1900. In: Lindenbergh, E. red. Inleiding tot die Afrikaanse letterkunde.
- Brink, André P. 1977. Stilbrommend van innig (reis) genot. In: Tydskrif-Rapport, 27 Nov.
- Brink, André P. 1974. "Verlos ons van die preektoon, Heer!" In: Rapport, 24 Nov.
- Coetzee, A.J. 1971. Chris Barnard in gesprek met A.J. Coetzee. In: Gesprekke met skrywers, dl. 1.
- Coetzee, A. 1953. Die jongste verhaalkuns van W.A. de Klerk. In: Tydskrif vir letterkunde, jg. 3: 4.
- Cloete, T.T. 1972. Anna M. Louw in gesprek met T.T. Cloete. In: Gesprekke met skrywers, dl. 2.
- Cloete, T.T. 1976. Die hipotrofie van die ego in Leroux se Isis. In: Tydskrif vir letterkunde, nr. 14.
- Cloete, T.T. 1974. Oor die onderskeidende kenmerke van die literatuur. In: Grové, A.P. red. In en om die letterkunde.
- Cloete, T.T. 1965. N.P. van Wyk Louw. Vernuwings in die prosa. In: Tydskrif vir geesteswetenskappe, jg. 4:1.
- Cloete, T.T. 1963. Totius. In: Monografieë uit die Afrikaanse letterkunde, nr.1.

- Cilliers, S.A. 1925. Die joernaal van Sarel Cilliers. In: Gerdener, G.B.A. Sarel Cilliers Die vader van Dingaansdag.
- Conradie, Elizabeth. 1934. Hollandse skrywers uit Suid-Afrika.
- Dekker, G. 1961. Afrikaanse literatuurgeskiedenis.
- Dekker, G. 1942. T.J. Haarhoff: Briewe aan Reinhard. In: Ons eie boek, jg. 7:4.
- Dekker, G. 1942. Theo Wassenaar. Uit my Griekse Dagboek. In: Ons eie boek, jg. 8:4.
- De Klerk, W.A. 1949. Drie swerwers in Suidwes.
- De Klerk, W.A. 1953. Drie swerwers oor die einders.
- De Klerk, W.A. 1956. Die uur van verlange.
- De Klerk, W.A. 1949. Die wolkemaker.
- De Vries, A.H. 1968. Joernaal uit 'n gragtehuis.
- De Vries, A.H. 1965. Die rustelose Sjalom.
- Du Plessis, I.D. 1948. Kom reis saam met my.
- Du Plessis, J.S. 1959. W.A. de Klerk: 'n Swerwer op die sonpad. In: Koers, 27:5.
- Du Toit, S.J. 1886. Alweer op reis.
-
- Du Toit, S.J. en Du Toit, J.D. 1945. Bybellande deurreis.
- Du Toit, S.J. 1882. Voorrede van ds. S.J. du Toit. In: Du Toit, S.J. en Du Toit, J.D. 1945. Bybellande deurreis.
- Eksteen, L.C. 1965. Etiket op my koffer. In: Kriterium, 3:3.
- Erlich, V. 1965. Russian formalism.

- Fouché, B.A. 1970. Dagboek van Adam Tas 1705-1706.
In: Van Riebeeck-vereniging, 2:1.
- Gerdener, G.B.A. 1925. Sarel Cilliers: Die vader van Dingaansdag.
- Godée Molsbergen, E.C. 1912. Die stichter van Hollandse Zuid-Afrika.
- Godée Molsbergen, E.C. 1968. Jan van Riebeeck en sy tyd.
- Godeë Molsbergen, E.C. 1976. Reizen in Zuid-Afrika in de Hollandse tijd.
- Grové, A.P. samest. 1969. Trekvoëls.
- Haarhoff, T.J. 1942. Briewe aan Reinhard.
- Jonker, Abr. A. 1940. Prosa-rigtings en ontleding.
- Joubert, Elsa. 1972. Elsa Joubert in gesprek met Hennie Aucamp. In: Gesprekke met skrywers, dl. 2.
- Joubert, Elsa. 1974. Die nuwe Afrikaan.
- Joubert, Elsa. 1968. Swerwer in die herfsland.
- Joubert, Elsa 1959. Die verste reis.
- Jurgens, M.L. 1957. Sol y sombra — Uys Krige. In: Die huisgenoot, 7 Okt.
- Kannemeyer, J.C. 1978. Geskiedenis van die Afrikaanse literatuur.
- Krige, U. 1969. 'n Eie stem. In: Rabie, J.S. Een-en-twintig.
- Krige, U. 1948. Sol y sombra.
- Langenhoven, C.J. 1921. Sonde met die bure
- Leipoldt, C.L. 1932. Uit my Oosterse dagboek.
- Leroux, E. 1969. Isis Isis Isis.

Leroux, E. 1972. Na'va.

Linschoten-vereniging, XXXVI. Reizen in Zuid-Afrika in de Hollandse tijd, dl. 4.

Louw, Anna M. 1959. Agter my 'n albatros.

Louw, Anna M. 1972. Anna M. Louw in gesprek met T.T. Cloete. In: Gesprekke met skrywers, dl. 2.

Louw, Anna M. 1978. Die derde tempel.

Louw, Anna M. 1967. Dié wat met die fluit loop.

Louw, N.P. v.W. 1939. 'n Oproep. In: Berigte te velde.

Louw, N.P. v.W. 1939. Die rigting van die Afrikaanse letterkunde. In: Berigte te velde.

Louw, N.P. v.W. 1963. Vernuwning in die prosa.

Louw, W.E.G. 1969. So ver as 'n engel te perd kan ry.

Louw, W.E.G. 1952. Wat skort in ons prosa? In: Die huisgenoot, nr. 37.

Moodie, Anita. 1969. André P. Brink. In: Nienaber, P.J. samest. Perspektief en profiel.

Mossop, E.E. samest. 1931. Journals of the expeditions of Olaf Bergh (1682-1683) and Isaz Schrijver (1689).

Meurant, L.H. 1940. Brieve. In: Nienaber, G.S. samest. Klaas Waarzegger se Zamenspraak en Brieve uit 1861.

Nienaber, G.S. 1950. Die Afrikaanse beweging. In: Pienaar, P. de V. red. Die kultuurgeskiedenis van die Afrikaner, dl. 3.

Nienaber, P.J. 1962. 'n Verdere woord vooraf - ds. S.J. du Toit. In: Du Toit, S.J. Die koningin van Skeba.

- Opperman, D.J. 1957. Blom en baaierd.
- Opperman, D.J. 1962. Digters van Dertig.
- Opperman, D.J. 1964. Vergelegen.
- Pienaar, E.C. 1943. Die triomf van Afrikaans.
- Pienaar, P. de V. red. 1945. Kultuurgeskiedenis van die Afrikaner, dl. 2.
- Preller, G.S. samest. 1917. Dagboek van Louis Tri-gardt (1836-1838).
- Rabie, J.S. 1971. 'n Haan vir Eloûnda.
- Rabie, J.S. 1973. Jan Rabie in gesprek met Elsa Joubert. In: Gesprekke met skrywers, dl. 3.
- Schoeman, K. 1978. Onderweg.
- Schoeman, K. 1968. Van 'n verre eiland.
- Schoeman, P.J. 1935. Die swerwer-jagter.
- Schonees, P.C. 1927. Die prosa van die Tweede Afri-kaanse Beweging.
- Schoon, H.F. samest. 1897. Uit het dagboek van Erasmus Smit, predikant bij de Voortrekkers.
- Snyman, H. 1969. Olé — André P. Brink. In: Die Unie, Julie.
- Snyman, H. 1968. Die rustelose Shalom — Abraham H. de Vries. In: Die Unie, Mei.
- Smit, B. 1974. Die krisis van ons werklikheidsbeeld in drama en epiek. In: Losgoed.
- Steenberg, D.H. 1976. Die nuwer Afrikaanse roman as avontuur.
- Steenberg, D.H. 1978. Boekaankondiging. In: Woord en daad, jg. 18:186.

- Swanepoel, P.H. 1977. Die mitiese simbool in die romankuns van Etienne Leroux. In: Steenberg, D.H. samest. Rondom Sestig.
- Truter, H.J. 1967. Afspraak met eergister. In: Tydskrif vir Geesteswetenskappe, jg. 7:4.
- Van der Merwe, H.J.J.M. samest. 1969. Scheeps=journaal ende Dagregister.
- Van der Walt, P.D. 1977. Isis Isis Isis as reisro=man. In: Steenberg, D.H. samest. Rondom Ses=tig.
- Van der Walt, P.D. 1969. Mené tekél.
- Van der Walt, P.D. 1973. Die prosa van die Sesti=gars. In: Polley, J. red. Die Sestigers.
- Van der Walt, P.D. 1969. Sangiro se beste? In: Mené tekél.
- Van der Walt, P.D. 1963. Die taal van die Afrikaan=se prosa In: Botha, T.J.R. Taal en teken.
- Van der Walt, P.D. 1977. Totius se reiswoordkuns. In: Scholtz, M. samest. Die lewende Totius.
- Van Heerden, E. 1961. Etikette op my koffer.
- Van Heerden, E. 1949. Uys Krige. Sol y sombra. In: Ons eie boek, jg. 15:4.
- Van Heerden, E. 1964. Wolk van die mooi weer.
- Van Jaarsveld, F.A. 1971. Van Van Riebeeck tot Ver=woerd 1652-1966.
- Van Reenen, D.G. 1937. Die joernaal van Dirk Gysbert van Reenen 1803. In: Van Riebeeck-vereniging, dl.18.
- Van Rensburg, F.I.J. 1975. Sublieme ambag.
- Von Wielligh, G.P. 1922. Jacob Platjie.
- Vosloo, J. 1976. Anna M. Louw . . . eenloper in ons letterkunde. In: Rapport, 25 April.

Walters, M.M. 1972. W.A. de Klerk in gesprek met
M.M. Walters. In: Gesprekke met skrywers,
dl. 2.

Wassenaar, T. 1923. Uit my Griekse dagboek.

Wiid, J.A. 1937. Biografiese skets van Dirk Gysbert
van Reenen. In: Van Riebeeck-vereniging, dl.
18.